

DIE LEERGANG

VIR

NOORD-SOTHO IN DIE

TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOOL

deur

JAN HENDRIK VAN DER MERWE, B.A., B.Ed. 4

VERHANDELING AANGEBIED TER GEDEELTELIKE NAKOMING

VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER EDUCATIONIS

In die Fakulteit Opvoedkunde van die

Potchefstroomse Universiteit

vir

Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. Dr. B.C. Schutte.

Hulpleier: Prof. J. Breed.

1969

VOORWOORD.

Graag wil ek hiermee my diepe dankbaarheid en erkentlikheid betuig teenoor die volgende persone vir die hulp wat ek ontvang het:

- (a) My geagte studieleier, prof. dr. B.C. Schutte, sy gewaardeerde belangstelling, vriendelike hulpvaardigheid en besondere kennis en insig was gedurig 'n bron van inspirasie en krag. Dit het 'n blywende indruk gelaat.
- (b) Prof. J. Breed en mnr. C.J.H. Kruger, van die Departement Bantoetale vir hul welwillendheid en vriendelikheid wanneer daar by hulle aangeklop is om raad.
- (c) Mnr. A.C. Kriek, vir die taalkundige versorging van die verhandeling.
- (d) Ook aan my vrou en kinders 'n woord van innige dank en waardering vir hulle liefde, morele bystand en inspirasie. Dit is die res van die huisgesin wat soms die meeste opofferings moet maak.

Uiteindelik aan Hom, die Beskikker oor ons wel en wee, vir die gawes van gesondheid, verstand en liggaamskragte. Aan Hom die hoogste dank en eer.

J.H. VAN DER MERWE.

INHOUD.

HOOFSTUK I.

	<u>Bladsy</u>
<u>Probleemstelling en metode van ondersoek</u>	1
1. Probleemstelling	1
2. Metode van ondersoek	3

HOOFSTUK II.

<u>Die opkoms van 'n Bantoetaal as keusevak in die</u> <u>Transvaalse Middelbare skool</u>	5
1. Inleiding	5
2. Bantoetale as vak in die kursus van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad	7
3. Die invoering van 'n Bantoetaal as vak in die leerplan van die Transvaalse Onderwysdepartement	9
4. Besluite van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad wat 'n invloed gehad het op die Bantoetaal as vak in die Trans- vaalse middelbare skool	13
5. Samevatting	21

HOOFSTUK III.

<u>Die doelstellings met die onderrig van die moedertaal en</u> <u>van vreemde tale in die Transvaalse middelbare skool.</u>	24
Inleiding.	
1. <u>Die Doel van die Opvoeding.</u>	24
(a) Die uiteindelijke doelstelling	26
(b) Die verwyderde doelstellings	26
(c) Die nabysynde doelstellings	28
2. <u>Die Doelstellings met die onderrig van die Moedertaal.</u>	33
3. <u>Die Doelstellings met die onderrig van Vreemde Tale.</u>	36
(a) Uiteindelijke doelstelling	38

(b) Verwyderde doelstellings	38
(c) Nabysynde doelstellings	38

HOOFSTUK IV.

<u>Die Vereistes waaraan 'n Leergang vir Noord-Sotho moet voldoen</u>	42
1. <u>Die doelstellings met die onderrig van 'n Bantoetaal</u>	42
2. <u>Die doelstellings met die onderrig van Noord-Sotho wat in die leergang beliggaam word</u>	46
(a) Die doelstellings moet in ooreenstemming wees met 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing	46
(b) Die doelstellings moet in ooreenstemming wees met die doelstellings van die Algemene Opvoeding	47
(c) Die leergang vir Noord-Sotho moet aanpas by die doel van die middelbare skool	50
(d) Die leergang moet die psigologiese kenmerke van die adolessent in aanmerking neem	51
(e) Die leergang moet aanpas by die sosiologies-kulturele vereistes van die samelewing	56
(f) Die leergang vir Noord-Sotho moet voldoen aan die ver- eistes wat aan 'n vreemde taal in die leerplan gestel word	57
(i) Mondelinge werk	60
(ii) Woordeskat	61
(iii) Sintaksis en grammatika	61
(iv) Stelwerk	62
(v) Vertaalwerk	62
(vi) Letterkunde	62
(vii) Idiome	63
3. <u>Die Keuse van die Leerstof moet berus op die Algemene Opvoedkundige beginsels</u>	64

(a) Die Totaliteitsbeginsel	64
(b) Die Individualiteitsbeginsel	64
(c) Die Sosialiteitsbeginsel	65
(d) Die Ontwikkelingsbeginsel	66
(e) Die Aktiwiteitsbeginsel	67
(f) Die Outoriteitsbeginsel	67
(g) Die Vryheidsbeginsel	68
4. <u>Samevatting</u>	68

HOOFSTUK V.

<u>'n Histories-kritiese beskouing van die leergange vir Noord-Sotho in die Transvaalse middelbare skole (1940-1968)</u>	70
A. <u>Die Huidige Transvaalse leergang vir Noord-Sotho</u>	70
B. <u>Toetsing van die Noord-Sotho leergang ten opsigte van die inhoud en die rangskikking van die inhoud</u>	73
1. <u>Die inhoud van die leergang moet voldoen aan 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing</u>	73
2. <u>Die inhoud moet voldoen aan die doelstelling van die Algemene Opvoeding</u>	74
(a) Uiteindelijke doelstelling	75
(b) Verwyderde doelstellings	75
(c) Nabysynde doelstellings	75
3. <u>Die inhoud moet aan die psigologiese vereistes voldoen</u>	76
(a) Die bevatlikheidsvermoë van die kind	76
(b) Stimulering van die groeiende intellek	76
(c) Die kind se drang na kennis	77
(d) Die belangstelling van die kind	77
(e) Die inhoud moet selfekspressie en redenasie stimuleer.	78
(f) Die inhoud moet in die emosionele behoeftes voorsien .	78
(g) Die inhoud moet aan die nasionale eis voldoen	78

4. <u>Die Inhoud moet aanpas by die sosiologies-kulturele vereistes</u>	79
5. <u>Die Inhoud moet voldoen aan die vereiste gestel aan 'n vreemde taal in die leerplan</u>	79
C. <u>Formulering van vereistes vir 'n eie voorgestelde leergang vir Noord-Sotho</u>	80
D. Slot	82

HOOFSTUK VI.

<u>'n Voorgestelde leergang vir Standerds VII tot X vir die Transvaalse Middelbare Skool</u>	83
I. Doelstellings	83
A. Algemene Doelstellings	83
(a) Nabysynde doelstellings	83
(b) Verwyderde doelstellings	83
(c) Uiteindelijke doelstellinge	84
B. Spesifieke Doelstellings	84
1. By lees	84
2. By taalstudie	84
3. Spelling, woordeskat en leestekens	85
4. Idiome en idiofone	85
5. Stelwerk	85
6. Mondeling	85
(a) Luister	85
(n) Spraak	86
C. Metodes	86
(a) Die induktiewe metode	86
(b) Die deduktiewe metode	87
II. Wenke ten opsigte van sekere aspekte van taalonderrig	87
(a) Mondelinge werk en uitspraak	87

	<u>Bladsy</u>
(b) Lees	88
(c) Woordeskat	91
(d) Taalstudie	91
(e) Stelwerk	92
III. Leergang vir Standaard 7	94
A. Taalstudie	94
B. Mondelinge werk	99
C. Woordeskat	100
D. Skriftelike stelwerk	101
IV. Leergang vir Standaard 8	103
A. Taalstudie	103
B. Mondelinge werk	107
C. Woordeskat	108
D. Skriftelike stelwerk	108
E. Lees	109
F. Idiome	110
G. Periodeverdeling	110
V. Leergang vir Standerds 9 en 10	111
A. Taalstudie	111
B. Mondelinge werk	117
C. Woordeskat	117
D. Skriftelike stelwerk	118
E. Letterkunde	118
F. Periodeverdeling	118
 <u>Bylaes.</u>	
Bylaag I	120
Bylaag II	124
Bylaag III	126
Bylaag IV	129

Bylaag V 130

Bibliografie 133

—oO—

Probleemstelling en Metode van Navorsing.

1. Probleemstelling.

(a) Met die besluit van die Transvaalse Onderwysdepartement in 1940 dat 'n Bantoetaal Ingesluit word in die leerplan van die Transvaalse Middelbare skool, is daar in 'n groot behoefte voorsien soos dit geblyk het uit getuigenis wat voor die Provinsiale Onderwyskommissie voorgelê is in 1937.¹⁾

Nadat die vak in die Transvaalse skole ingevoer is, moes dit 'n stryd voer om sy regmatige plek in te neem in die ry van keusevakke in die leerplan van die provinsie. Afgesien van die aanmoediging aan die kant van die Onderwysdepartement, het die vak nie na verwagting inslag gevind nie. Aanvanklik het dit geblyk dat die vak sou vorder, maar na 'n aantal jare het die leerlingtal, wat die vak aangebied het vir die matriculasie-eksamen gedaal en daarna het die getalle weer 'n geleidelike styging getoon.²⁾ Hiervoor moes daar redes wees. In hoofstuk II sal die saak ondersoek word en sal daar getrag word om redes vir die tendens aan te voer.

(b) Sedert die vak in 1940 sy bestaansreg as keusevak in die leerplan verkry het, het daar streng gesproke nog net een basiese leergang verskyn.³⁾ Die huidige leergang sal in 'n volgende hoofstuk krities beskou word en dan sal gepoog word om 'n konsepleergang saam te stel wat in die behoeftes van die vak sal voldoen, sowel as om aan die praktiese, opvoedkundige en filosofiese vereistes daarvan te voldoen. Een van die grootste leemtes wat ondervind is by die bestaande leergang, is dat daar nie eenvormigheid bestaan in die rangskikking van die stof by verskillende skole nie. Nie een skool se interpretasie van die leergang is dieselfde by

1. Transvaalse Onderwysdepartement, Verslag van die provinsiale onderwyskommissie, p. 534.

2. Sien tabel op pp. 14 en 15.

3. Sien bylaag 3 tot 5.

die opstelling daarvan nie, en die inhoud word anders gerangskik soos wat die betrokke onderwyser dit interpreteer. Die gevolg is dat wanneer 'n leerling van die een skool na 'n ander gaan, hy/sy moeilik aanpas as gevolg daarvan. Gewoonlik is daar in sulke gevalle leerstof wat 'n leerling nog nie behandel het nie en daar is ook dikwels stof wat reeds by die vorige skool behandel is. As daar 'n eenvormige leergang deur die Departement voorgeskryf word, sal dit hierdie probleem in 'n baie groot mate uitskakel. Dit is een van die redes waarom die voorgestelde leergang in hoofstuk VI so in besonderhede uitgewerk sal word.

'n Ander probleem wat ondervind is, is dat onderwysers baie tyd moet bestee om 'n leergang op te stel om alle aspekte te dek. Die huidige leergang dui net in breë trekke aan wat van die leerlinge verwag word. Indien die Departement 'n leergang voorskryf wat alle aspekte dek, sal dit vir die onderwyser van groot waarde wees, want dan kan hy meer tyd aan voorbereiding en studie in sy vak bestee. Dit sal verder meebring dat die onervare onderwyser presies sal weet wat die eksaminator van hom verwag. Dit sal ook eksaminator en onderwyser beskerm in die sin dat albei presies sal weet wat van die leerlinge verwag word.

'n Ander voordeel van so 'n breed uitgewerkte leergang is dat dit die taak by die opleiding van onderwysers baie sal vergemaklik. Die student beskik dan reeds in sy studietydperk oor die leergang en kan daar baie aandag aan die metodiek van die verskillende aspekte gewy word. Studente kan ingelig word in watter mate sekere aspekte in die verskillende standerds beklemtoon en behandel moet word. Die afgestudeerde weet dan presies wat van hom verwag word wanneer hy voor die klas gaan staan en kan hy hom dus beter voorberei vir sy werk.

2. Metode van Navorsing:

Om tot die samestelling van die voorgestelde leergang te kom, sal in die volgende hoofstukke:

(a) die doel van die opvoeding volgens die Christelike lewens- en wêreldbeskouing bepaal word, want die leerstof moet so gekies word dat dit in ooreenstemming is met hierdie beskouing. Geen opvoeding is moontlik as daar nie 'n doel ten grondslag daarvan lê nie; ¹⁾

(b) getrag word om die doelstellings van die moedertaal te bepaal omdat ware opvoeding by die moedertaal begin, want sonder die nodige taalbeheer kan die kind nie verstandelik en geestelik groei tot 'n nuttige mens nie - taal, en by name die moedertaal, vorm ²⁾ die grondslag van die geesteslewe;

(c) die doelstellings geformuleer word wat nodig is by die onder- rig van vreemde tale in die leerplan. Dit is nodig want die leer- gang vir Noord-Sotho moet ook daarmee in harmonie wees;

(d) ook die doelstellings van die Middelbare skool geformuleer word. Die middelbare skool is vandag die skool waarin die oor- grote meerderheid tienderjariges 'n belangrike gedeelte van hul ontwikkelingsjare deurbring. Dit is daarom nodig dat die leergang vir Noord-Sotho ook sal inpas by die doel van die Middelbare skool;

(e) die psigologiese kenmerke van die adolessent blootgelê word. Dit is nodig om hierdie kenmerke te bepaal, want die leergang vir Noord-Sotho moet aan die vereistes van die kind in sy adolessente jare voldoen omdat die Middelbare skoolkind in hierdie rypingsjare is;

1. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoed- kunde, p. 326.

2. Coetzee, J.C. en Bingle, J.H.H. Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, p. 67.

(f) die beginsels van die Algemene Opvoedkunde bepaal word, want die keuse van die leerstof, by die samestelling van 'n leergang vir Noord-Sotho, moet op hierdie beginsels berus.

Verder is die historiese ontwikkeling van die vak in die Transvaalse Middelbare skool nagegaan om daaruit gevolgtrekkings te maak en leemtes aan te dui en om daarop verder te bou. Die bestaande leergange en eksamenvereistes is krities beskou om in die lig van versamelde gegewens sekere aanbevelings te doen en 'n eie voorgestelde leergang voor te lê wat aan die praktiese, opvoedkundige en filosofiese vereistes sal voldoen.

Vir die bestudering van die ontwikkeling van die leergang vir Noord-Sotho in Transvaal is gebruik gemaak van sowel primêre as sekondêre bronne. Verder is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van literatuurstudie om gegewens en bevindinge te bepaal.

HOOFSTUK II.

1. Die Opkoms van 'n Bantoetaal as keusevak in die Transvaal se Middelbare Skool.

1. Inleiding:

Een van Suid-Afrika se grootste vraagstukke is sy rassevraagstuk. Hierby word bedoel die verhouding wat daar bestaan onder andere tussen Blank en Nie-blank. Hierdie vraagstuk het nie in die afgelope jare ontstaan nie, maar is 'n probleem wat saam met die volk van Suid-Afrika gegroei het sedert die grondlegging in 1652. Dit is 'n probleem wat nie weg geredeneer kan word nie en dit is 'n probleem wat elkeen raak. Daarom is dit noodsaaklik dat die skool ook daarvan kennis moet neem.

Die veranderings wat gedurende die laaste aantal jare in die wêreld en in Suid-Afrika plaasgevind het, het die behoefte laat ontstaan om in Suid-Afrika 'n volk te hê met die vermoë om 'n objektiewe oordeel te vel oor sake wat sy belange raak. Een van die sake wat elke Blanke in hierdie land raak, is sy verhouding met die Nie-blanke. Die lewensinhoud van 'n volk bepaal die leerstof wat aangebied word deur sy skole en omdat die rassevraagstuk so 'n aktuele probleem is en 'n integrale deel vorm van die lewensinhoud van die Blanke gemeenskap van Suid-Afrika, moet dit in een of ander vorm weerspieël word in die kursusse wat die skole aanbied. Die aangebode leergange in die skole is in hul wese 'n keuse uit daardie kennis, ervaring en waardes wat 'n volk as so belangrik beskou, dat hy dit wil oordra aan die opkomende geslag sodat hulle eendag in staat sal wees om die lewe in te gaan, toegerus met die nodige ervaring en kennis om enige situasie wat hom mag voordoën, die hoof te bied.

Die vraag kan gestel word, as dit so is dat die skool se inhoud bepaal word deur die lewensinhoud, waarom het die Bantoetaale dan

so lank uit die leerplan van ons skole in Suid-Afrika gebly?

Die antwoord lê daarin dat tydens die eerste kontak tussen die Blanke en die Bantoe daar twee kultuurgroepe was. Aan die een kant was daar die inheemse, primitiewe kultuur teenoor die van die Westerling. Op grond van laasgenoemde se ontwikkelingspeil het die Bantoe die Blanke se kultuur as meerderwaardig aanvaar en was hy bereidwillig om vanaf die vroegste stadium elemente uit hierdie kultuurskat oor te neem. Ten gevolge van langdurige kontak met die Blanke het die Bantoe ontwikkel tot iets anders as wat hy voorheen was en in die proses van kultuuroorname is sy oorspronklike lewenspatroon grondig aangetas. Die Bantoe is nog steeds besig om van die Blanke-kultuur oor te neem. Hierdie oorname is steeds besig om plaas te vind maar in 'n progressief verminderende mate. Die Bantoe is besig om sy eie identiteit te versterk en is besig om vir homself 'n bestaansreg op te eis naas die Blanke wat hy in baie opsigte nie meer as sy meerdere beskou nie.

Anders as die Bantoe, wat selektief te werk gegaan het in sy kultuuroorname, het die Blanke die kultuurgoedere van die Bantoe as primitief en barbaars beskou en het hy dit wat tot die bantoe-kultuur behoort, links laat lê. Hierdie houding van die blanke word baie duidelik weerspieël in die feit dat die oorgrote meerderheid geen kennis het van 'n bantoetaal nie teenoor die Bantoe wat een en dikwels twee Blanke tale kan praat.¹⁾

Die gesproke en geskrewe taal is in sy wese die treffendste kenmerk van die mens. Dit is die draer van menslike gedagtes, 'n hulpmiddel vir begripsvorming, vertolker van menslike gevoelens, 'n middel vir onderlinge oordraging van inhoude van die gees en draer van die nasiekultuur.²⁾ Daarom is dit nodig dat die blanke 'n

1. Du Toit, A.P. "Oor Bantoe-kunde en -tale in ons skole," Transvaalse Onderwysblad, Deel LVII nr. 656, 1 Junie 1954.
2. Kirkman, F.B., The teaching of foreign languages - principles and methods, p. 2

kennis moet opdoen van die taal van dié mense met wie hy elke dag in noue kontak is. Deur die aanleer van 'n Bantoetaal help die Blanke nie net homself nie, dog hy bring by die Bantoe self die idee tuis dat hy ook iets het wat vir die Blanke van belang is. Langs hierdie weg kan die verhouding tussen die rasse verbeter en versterk word, want: „... a knowledge of the language is the most significant means for understanding the social, spiritual, moral, and economic life of a nation“¹⁾

Dr. Eiselen²⁾ het in 1954 gepleit vir 'n ingrypende verandering van die beproefde skoolleerplanne en dat die studie van die Nie-blanke 'n meer prominente plek daarin moet neem. Hy het ook genoem dat die kind in ons land nie genoegsaam voorberei word om sy regmatige plek binne 'n bevolking van dertien miljoen mense te vind nie en dat hy maar self moet toesien om sy voete in ons veelrassige land te vind.

Uit bostaande is dit nou nodig dat daar nagegaan moet word wat die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en die Transvaalse Onderwysdepartement, in die besonder, gedoen het om aan die opgroeiende Blanke jeug die geleentheid te bied om nader kennis te maak met 'n Bantoetaal om hom sodoende beter te bekwaam om eendag sy plek as volwassene in te neem in hierdie veelrassige land.

2. Bantoetale as vak in die Kursus van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad:

Omdat die Gemeenskaplike Matrikulasieraad so 'n belangrike rol by die eksamens van die provinsies vervul, is dit nodig om eerstens na te gaan wat hulle gedoen het met betrekking tot Bantoetale in die matrikulasië-eksamens wat onder hul jurisdiksie val.

-
1. National Education Assc. of the U.S.A., Modern foreign languages and the academically talented student, p. 3.
 2. Dr. Eiselen, „Bevolkingskunde“ - referaat gelewer. Transvaalse Onderwysblad, LVII, Mei 1954, p. 61.

Die Blanke kom elke dag in aanraking met die Bantoe en laasgenoemde vorm 'n belangrike deel van die Blanke se maatskaplike lewe en daarom is dit 'n logiese gevolg dat daar in die kursusse wat die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vir die matrikulasië-eksamen voorsien, ook 'n plek ingeruim sal word vir een of meer Bantoe-tale.

In die Handboek vir die Matrikulasië- (Junior- en Senior) eksamens van die Raad word onder die indeling van vakke, die volgende Bantoe-tale aangegee wat geneem kan word deur blanke leerlinge:

Xhosa of Zoeloe, Suid-Sotho en Tswana. ¹⁾ Dit is dus duidelik dat daar reeds van 1917 af eksamens deur bogenoemde Raad in Bantoe-tale afgeneem is.

Die Bantoe-tale waarin die Raad eksamens afneem, sou tot en met die eksamens in Maart 1947, net op die gewone graad geneem kën word. Vanaf die eksamens in Nov./Des. 1947 sou daar bo en behalwe genoemde eksamens ook eksamens afgeneem word van 'n Bantoe-taal op die hoër graad. ²⁾ 'n Leergang vir die hoër graad-eksamen is ook hierin opgeneem en die leergang vir die laer graad is dieselfde as die van die vorige jare. Die hoër graad-leergang is bedoel vir Bantoe-leerlinge wat dit sou neem as hul moedertaal.

In 1939 is Noord-Sotho ook by die lys van erkende vakke aangegee wat leerlinge kon aanbied vir die matrikulasië-eksamen.

Tot op die huidige oomblik is 'n Bantoe-taal die enigste vak waarin die Gemeenskaplike Matrikulasieraad voorsiening maak vir die Blanke om die Bantoe beter te leer verstaan. Geen ander vak is geskikter daarvoor nie, want 'n volk word baie beter geken deur middel van sy taal as wanneer sy gewontes, lewensopvatting en

1. G.M.R: Matriculation Certificate (Senior and Junior) Regulations and syllabuses for 1917, p. 3.

2. G.M.R: Handboek vir Matrikulasië-eksamen 1945, p. 3.

stamagtergrond deur mededeling te wete gekom word. Deur middel van die taal kan daar deurgedring word tot die siel en kan 'n mens iemand in sy wese leer ken. ¹⁾

3. Die invoering van 'n Bantoetaal as vak in die Leerplan van die Transvaalse Onderwysdepartement:

In die Transvaalse leerplan is daar sedert 1937 'n Bantoetaal, te wete Noord-Sotho, wat as skoolvak deur Bantoeleerlinge vir die Junior Sertifikaat-eksamen geneem kon word. Hierdie vak is sedert daardie jaar aangebied deur die Khaisô-Sekondêre skool by Pietersburg en die Kilnertonse Hoërskool by Silverton. By die Khaisô-Sekondêre skool is die vak ook in 1939 aangebied vir die Eindexamen van die Middelbare skool. ²⁾ Die Transvaalse Onderwysdepartement het dus voorsiening gemaak vir die Bantoe om sy moedertaal aan te bied as matriekvak en die voorsiening van 'n Bantoetaal vir Blanke leerlinge sou spoedig volg.

Die aanvoorwerk is deur die Provinsiale Onderwyskommissie gedoen wat in 1937 hulle taak afgehandel het. ³⁾ Hulle het in die loop van hulle ondersoek die belangrikheid van 'n Bantoetaal in die leerplan vir Blankes besef. Hulle het besef dat die Bantoe se teenwoordigheid in die Blanke gemeenskap 'n faktor is wat nooit deur die Blanke buite rekening gelaat kan word nie, en dat 'n kennis van een van die Bantoetale dit vir die blanke moontlik sou maak om die behoeftes, standpunte en gedagtegang van die Bantoe beter te verstaan.

Die kommissie het verskeie getuienisse aangehoor wat gepleit het dat 'n Bantoetaal in die leerplan opgeneem moes word, omdat baie van die kinders reeds 'n praktiese kennis van een of ander Bantoe-

-
1. Van Heerden, P.W. „Die nie-blanke vraagstuk en die onderwys“, Transvaalse Onderwysblad, LIII, nr. 604, Februarie 1950.
 2. T.O.D. Verslagboek in sake eksamenresultate, 1940.
 3. In die Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1939, p. 155.

taal besit, en omdat dit die betrekkinge met die Bantoebevolking sal verbeter en beter geleentheid vir toekomstige betrekkinge sal bied.

Dit was 'n verslende aanbeveling as daar na die huidige omstandighede en geleenthede gelet word wat vir die Blanke oopstaan in die verskillende sfere wat ontstaan het met die ontwikkeling en vooruitgang op die gebied van Bantoesake.

Die Kommissie het dan ook 'n aanbeveling in hul verslag opgeneem wat lui dat daar in die kursus van die gevorderde skole (Junior hoërskole) voorsiening gemaak moet word vir 'n Bantoetaal, en dat ondersoek ingestel moet word na die moontlikheid om so 'n kursus in die langer hoërskoolkursus in te lyf. ¹⁾

Die afleiding wat hiervan gemaak kan word, is dat vir die skole wat voorsiening gemaak het vir leerlinge wat die skool na st. 8 verlaat (Junior hoërskole) so 'n kursus noodsaakliker is as vir die ander skole met 'n langer kursus. Die kinders wat eersgenoemde skole besoek het, was hoofsaaklik hulle wat die ambagte en ander soortgelyke beroepe sou volg en in die meeste gevalle meer met die Bantoe in aanraking sou kom.

So is daar met die eerste stappe begin om 'n Bantoetaal in die Transvaalse Middelbare skole in te voer „...en dit te verhef tot 'n status gelykwaardig aan die posisie wat die Europese vreemde tale tot dusver beklee het“, ²⁾

Reaksie op hierdie aanbevelings het dadelik gevolg en in 1940 is daar 'n amptelike omsendbrief aan alle hoofde van skole met klasse bo st. 6 gestuur waarin hulle gevra word om, waar enigsins moontlik, 'n Bantoetaal in hul kursus in te ruim. ³⁾ Die Departement

-
1. T.O.D., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1939, p. 155.
 2. Van Heerden, P.W. Taalleerboek in Noord-Sotho vir die Transvaalse Middelbare Skole vir Blanke kinders tot 1951, p. 12.
 3. Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendbrief nr. 31 van 1940.

meld hierin ook dat waar daar 'n behoefte aan leergange is, gebruik gemaak kan word van dié van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en dat daar so spoedig moontlik leergange vir Bantoetale opgestel sou word. Verder wys die Departement daarop dat voorsiening gemaak word dat eksamens vir die Junior- sowel as vir die Eindsertifikaat van die middelbare skool daarin afgelê kan word.

Die saak is kort daarna opgevolg, want in Junie van dieselfde jaar het die Transvaalse Onderwysdepartement die beloofde leergange aan die betrokke skole gestuur. Daar was leergange vir 'n laer en 'n hoër graad. Eersgenoemde was bedoel vir Blanke leerlinge wat begerig was om 'n Bantoetaal as een van hul vakke in hul kursus te neem.

Dit blyk uit 'n omsendbrief ¹⁾ wat in 1945 aan hoofde van skole gestuur is, dat die vak nie na behore inslag gevind het by die skole nie. Die Transvaalse Onderwysdepartement lê in die omsendbrief klem op die belangrikheid en wenslikheid van die vak. Die onderwysowerheid wys daarop dat daar 'n paar hoërskole en twee skoolplase is wat die vak reeds in hul kursus opgeneem het maar dat hierdie inrigtings sukkel om geskikte personeel te kry om die vakke te doseer.

'n Vraelys is ook saam met die omsendbrief aan alle hoofde van middelbare skole in Transvaal ingesluit waarin gevra is of hul skole 'n Bantoetaal sal aanbied as daar die nodige personeel verkry kan word. Ook moes die hoofde van die skole meld wie op hul personeel bekwaam was om onderrig in een of ander Bantoetaal te gee.

Uit die gegewens wat verkry is deur die vraelyste het dit geblyk dat veertig skole bereidwillig was om 'n Bantoetaal in hul leerplan in te sluit, maar daar was net agtien onderwysers wat een of

1. T.O.D. Omsendbrief nr. 21 van 1945.

ander Bantoetaal magtig was terwyl net ses van bogenoemde onder-
1)
wysers universiteitsopleiding daarin gehad het.

Dit het nou vir die Departement duidelik geword wat die oorsaak was waarom die vak nog nie na wense gevorder het nie. Leerlinge wat nog belanggestel het in die vak en wat die onderwys as loopbaan gekies het, wou nie die vak neem nie omdat die getal skole wat die vak onderrig het so klein was.
2)

Die Departement het die saak nie daarby gelaat nie, en die erns waarmee dié saak bejeën is, word weerspieël in die skrywe wat in 1945 gerig is aan al die universiteite in die provinsie. Daarin word die universiteitsowerhede gevra om die studente, wat 'n onderwysloopbaan kies, aan te moedig om hulle in een of ander Bantoetaal te bekwaam vir poste aan hoërskole.
3)

In 1947 het die Departement ook die onderwyskolleges gevra om die nodige belangstelling vir Bantoetaale by hul studente op te
4)
wek.

Dit is dus nie net die skole wat aangemoedig is om belangstelling vir die vak te laat posvat nie, maar die inrigtings vir hoër onderwys is ook by wyse van versoek gevra om ook hulle deel by te dra om hierdie belangrike saak te laat vorder.

In 1948 toon die jaarlikse verslag wat deur die skole aan die Departement gestuur word, (Junie-state) waarin vermeld word hoeveel leerlinge in elke afsonderlike vak onderrig ontvang, dat, ten spyte van al die Departement se pogings om die vak op 'n wye vlak te laat slaag, daar slegs in drie middelbare skole en vier junior hoërskole onderrig in die vak gegee is.

-
1. T.O.D. omsendbrief nr. 21/45 folio 8 op E4/100/2/17.
 2. Ibid.
 3. T.O.D. lêer folio 9 op E4/100/2/17.
 4. T.O.D. lêer folio 25 op E4/100/2/17.

Die beywering van die kant van die Departement om meer leerkragte te werf vir die doseer van Bantoetale het goeie vrug afgewerp, want in 'n latere omsendbrief aan middelbare skole, wys die Departement daarop dat die posisie betreffende die tekort aan opgeleide onderwysers nie langer 'n hindernis behoort te wees nie ten opsigte van die invoer van 'n Bantoetaal as skoolvak nie.¹⁾

Hierop het die skole oor die hele provinsie flink gereageer en tabel I toon die vordering aan wat daar gemaak is tot 1967. Uit die tabel blyk dit duidelik dat daar 'n geleidelike vermeerdering was in die aantal skole wat die vak in hulle leerplan ingesluit het. In daardie tydperk was daar 25 skole wat die vak ingesluit het as een van die keusevakke in hul kurrikulum.

Die aantal skole sou seker konstant gebly het of vermeerder het as dit nie was vir sekere besluite wat die Gemeenskaplike Matrikulasieraad geneem het nie.

Uit bostaande blyk dit dus duidelik dat die owerhede van die Transvaalse Onderwysdepartement alles in hul vermoë gedoen het om die vak in hul skole te laat slaag. Daar is egter nog 'n tekort aan opgeleide onderwysers in Bantoetale, want daar is sommige skole wat die onderrig in die Bantoetaal moes staak omdat die betrokke onderwyser óf bedank het óf na 'n ander skool gegaan het. Hierdie tekort kan in 'n groot mate aangevul en uitgewis word as die Onderwyskolleges 'n Bantoetaal in hul Junior Middelbare kursus aanbied. Meer skole sal ook geneë wees om 'n Bantoetaal in te sluit as hulle weet dat daar genoeg onderwysers beskikbaar is.

4. Besluite van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad wat 'n invloed gehad het op die Bantoetaal as vak in die Transvaalse Middelbare skool.

Uit tabel I²⁾ blyk dit dat daar in 1957 en 1958 19 skole met 159 leerlinge en 18 skole met 134 leerlinge onderskeidelik was. In 1959 was daar 9 skole met 'n totaal van 76 leerlinge. Die oor-

1. T.O.D. Omsendbrief nr. 9 van 1951.

1)
Tabel nr. 1.

Skole en inskrywings vir Noord-Sotho in Transvaal vir die

Matrikulasie eksamen

Skool	1945	1946	1947	1948	1949	1950	1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967
Afrikaans Hoër Seuns Pretoria											13	18	23	16	16	14	15	9	5	15	10	13	13
Balfourse Hoërskool											7	4	7	11	9	8	9	0	4	3	8	5	6
Capricorn Eng. Medium																	1						
Carletonville Hoërskool												2	1	4	3	9	3	1	4	17	9	9	25
Ellisrasse Hoërskool																		3	4	4	-	7	-
Floridase (A.M.) Hoërskool											2	5	8	6	-	-	-	3	1	6	1	4	7
Hoërskool Ben Viljoen																						5	
Hoërskool Brits																						8	8
Hoërskool Die Burger																					13	13	9
Hoërskool Drie Riviere																				5	6	6	5
Hoërskool F.H. Odendaal																		4					
Hoërskool Goedehoop													6	-	-	-	7	1	8	6	6	4	6
Hoërskool Goudrif																						4	6
Hoërskool Hendrik Verwoerd											1	5	3	5	-	-	7	2	-	3	6	9	25
Hoërskool Hercules												5	3	2	-	4	-	-	-	9	9	13	-
Hoër Landbouskool Kuschke																			3	2	2	5	-
Hoërskool Oos-Moot											3	4	4	3									
Hoërskool Piet Potgieter													5	20	21	15	6	8	-	7	17	10	28
Hoërskool Pretoria-Noord												4	9	6									
Hoërskool Riebeeck												4	12	1	3	4	-	4	1	2	4	7	7
Hoërskool Rob Ferreira																						1	-
Hoërskool Tuine																					5	-	3
Heidelberg Hoër Volksskool							11	17	14	12	12	12	15	1	-	-	-	-	1				
Helpmekaar Hoër Seun														1									
Hillview High School																	1						
Klerkdorpse Hoërskool												6	8	12	10	14	4	5	6	5	5	8	3
Kosterse Hoërskool																					1	-	-

Skool	1945	1946	1947	1948	1949	1950	1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	
Lydenburgse Hoërskool													10	4										
Lytteltonse Hoërskool																				7	8	9	6	
Menlo Parkse Hoërskool																						4	11	
Nylstroomse Hoërskool	8	10	8	8	14	7	6	8	13	10	7	15	14	9	6	8	1	1	7	1	6	16	-	
Pieterburgse Hoërskool				6	3	6	3	9	7	6	7	17	10	16	6	6	6	7	8	16	18	21	10	
Potchefstroom Gimnasium										4	8	8	4	1	1	1								
Rodepoortse Hoërskool														3	2	3	1	3	5	10	10	14	15	
Schoonspruitse Hoërskool													4											
Vereenigingse Hoërskool									1	1	1	8	13	14	1	1	8	5	5	3	8	11	5	
Warmbadse Hoërskool																					4	1	1	
Westenarlase Hoërskool																					9	2	12	
Aantal Skole	1	1	1	2	2	2	2	3	4	5	9	15	19	18	9	11	13	11	14	17	22	25	20	
Aantal leerlinge	8	10	8	14	17	13	9	28	38	35	60	117	159	134	76	86	72	48	61	120	170	214	216	

1. Inligting uit Transvaalse Onderwysdepartement se rekords en Junie state.

saak vir die agteruitgang van die vak wat na 1958 ingetree het, is te vinde in 'n besluit van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad wat in Julie 1953 geneem is.

Op hierdie vergadering het die Raad besluit op 'n hersiene skema van die groepering van vakke vir die Matrikulasië-eksamen en die eksamens wat vir vrystellingsdoeleindes erken word. Die hersiene skema sou vanaf die eksamen van 1955 van krag wees.

Kortliks saamgevat is die verskille tussen die ou en die nuwe be-
deling soos volg:

1. Die Raad het besluit om weg te doen met die skeiding van vakke wat
 - (a) in groep I tot V geneem kan word en
 - (b) slegs as sesde of sewende vakke geneem kan word
(Snelksrif, Handel, Addisionele Matesis, ens.)

Die Raad behou die vereiste vier basiese groepe naamlik.

- (a) Amptelike taal op die Hoër graad;
- (b) Tweede goedgekeurde taal;
- (c) Matesis of 'n wetenskap;
- (d) Geskiedenis of Aardrykskunde of 'n derde taal of Matesis, indien 'n wetenskap onder (c) gekies is.

Die Raad het nou weggedoen met die Groep V-vakke met die gevolg dat enige vak waarin die Raad eksamen afneem of wat vir vrystellingsdoeleindes erken word, as vyfde, sesde of sewende vak geneem kan word.

2. 'n Bantoetaal (Laer graad) kan nie meer as 'n vak onder Groep II aangebied word nie. Die Bantoetaal (Hoër graad) tel egter vir hierdie doel.

1. G.M.R: Uittreksel van verrigtinge van die Vergadering gehou op Julie 1953.

3. (a) Wat betref die „derde taal of Matesis“- vereiste, het die Raad besluit dat dit in die geval van kandidate wie se huistaal nie 'n Bantoetaal is nie, 'n Bantoetaal (Hoër- of laer graad) nie meer as 'n derde taal kan tel nie, met ander woorde, 'n blanke kandidaat word verplig om een van die vakke Matesis, Latyn, Frans, Grieks of Duits in sy keuse in te sluit.

(b) 'n Kandidaat wie se huistaal 'n Bantoetaal is en wat hierdie moedertaal op die hoër graad as sy Groep II vak aanbied, hoef nie een van die vakke Matesis, Latyn, Frans of Duits in sy keuse in te sluit nie, maar indien hy nie een van bogenoemde vakke insluit nie, moet hy die tweede amptelike taal aanbied, met ander woorde hy word verplig om beide amptelike tale asook sy moedertaal aan te bied.

Die oorweging wat hier gegeld het, is dat die Raad gevoel het dat in die geval van Blanke kandidate daar getrag moet word om nouer aansluiting by die Europese kultuur te bewerkstellig en in die geval van Bantoes, daar getrag moet word vir nouer aansluiting by die Suid-Afrikaanse kultuur.

Dit is dus duidelik hoekom daar in 1959 so 'n agteruitgang van Noord-Sotho in die Transvaalse skole plaasgevind het. Leerlinge wat 'n Bantoetaal gedurende die vorige jare geneem het, kon daarmee vrystelling verkry, maar bogenoemde besluit het voorgenoemde kandidate op ander vrystellingsvakke laat besluit en daarmee het dié vak 'n geweldige knou in die Transvaalse Middelbare skool gekry.

Toe die Gemeenskaplike Matrikulasieraad in Julie 1954 byeen gekom het, is daar besluit om met die erkenning van 'n Bantoetaal as alternatief vir Matesis, Latyn, Grieks, Frans of Duits vir Matrikulatie- vrystellingsdoeleindes, voort te gaan tot die November/Desember 1959 - eksamens. Dit was

'n toevoeging aan kandidate wat gedurende

daardie jaar alreeds die vak as een van hul vakke gekies het voordat die Raad op die nuwe indeling besluit het. Op hierdie vergadering is ook besluit om die vraag van voortdurende erkenning van 'n Bantoetaal as vrystellingsvak, verder in Januarie 1955 te oorweeg.¹⁾

Gedurende die vergadering in Januarie 1955 is 'n sterk poging deur sommige lede van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad aangewend om die vorige jaar se besluit te herroep, maar argumente deur verteenwoordigers van sekere universiteite het die vergadering oortuig dat as 'n Bantoetaal weer heringestel word as vrystellingsvak, dit kan lei tot 'n verminderde belangstelling vir die Europese tale, te wete Latyn, Grieks, Duits en Frans; dit sou dan 'n verarming in die kultuur van ons land teweegbring.²⁾

Dat die Gemeenskaplike Matrikulasieraad nie in 1954 die besluit finaal aangeneem het nie, maar in 1955 weer die saak heropen het, toon dat hierdie liggaam bewus daarvan was dat so 'n besluit verreikende gevolge op die voortbestaan van die vak in die provinsiale skole kan hê. Dit toon ook aan dat daar lede van die Raad was wat sterk gekant was teen so 'n besluit.

Nadat die Raad in 1955 besluit het om die vak ná die November/Desember 1959-eksamen te skrap as 'n vrystellingsvak, het daar van verskeie liggame reaksie gekom teen die besluit. Op 8 Desember 1956 het dr. W.W.M. Elselen, die sekretaris van Naturellesake, 'n brief aan die sekretaris van Onderwys, Kuns en

-
1. G.M.R: Uittreksel uit verrigtinge van vergadering gehou op 5-6 Julie 1956.
 2. S.G. Meiring: „Degradering van Naturelle tale as Matriekvak“ Transvaalse Onderwysblad, Augustus 1958.

Wetenskap gerig, waarin hy sy diepe besorgdheid oor die optrede
1) van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad uitgespreek het.

Hy sê onder andere in hierdie brief:

"Wat die Bantoe-kandidate, wie se opleiding in die skole onder my beheer betref, aanvaar ek hierdie reëling as billik, maar wat Blanke leerlinge betref, beskou ek dit as onrealisties en ontoelaatbaar. Dit is my Departement se taak om te sorg vir die bevordering van die regte verhouding tussen Blank en Naturel en dat dit in besonder my strewe moet wees dat die amptenare en die Departement van Naturellesake, en veral van die afdeling Bantoe-onderwys, toegerus is om hul rol as bestuurders, leiers, raadgewers en opvoeders van die Bantoe vol uit te leef. Nege miljoen Bantoes woon saam met ons Blankes in die Unie. Om deur 'n onderwysbeleid te keer dat die geestelike leiers van die blanke die geleentheid kry om kennis te maak met die Bantoe-taal en daardeur met die Bantoe mens en sy mentaliteit, is kortsigtig.

Na my meegedeel, gaan Bantoe-tale as skoolvak as gevolg van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad se besluit, van ons leerplan vir blankes verdwyn. Ek beskou hierdie aangeleentheid van groot nasionale belang en ek meen dat die negatiewe uitwerking van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad se besluit só nadelig is dat ek dit my plig ag om by beskouings aan u mee te deel met die versoek dat u u Minister inlig, sodat hy kan oorweeg of dit nie gerade is om hierdie besluit van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, wat teen landsbelange indruis, ongedaan te maak nie."

Ook die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk van

Transvaal het by sy sitting in 1957 sterk beswaar gemaak teen die besluit van die Raad. Die volgende besluit is eenparig by daardie geleentheid geneem: „Die Sinode spreek sy besorgdheid daarvoor uit dat die Departement van Onderwys naturelle tale as matriekvak gedegee het, met die gevolg dat dit feitlik uit die skole verdwyn het.

Die Sinode ag dit 'n terugwaartse stap in die verbetering van rasseverhoudings in ons land, en daarom moet dit ernstig betreur word.

Hy dra dit op aan die Sinodale Kommissie vir die Jeug om nog voor die volgende vergadering van die Matriekraad in Julie, protes aan te teken by die Departement van Onderwys, en dringend te versoek dat die saak reggestel word.¹⁾

Na al die vertoë en besware wat teen die Raad se besluit geopper is, het die Raad in Julie 1959 hul vorige besluit herroep en die saak weer reggestel. Die Gemeenskaplike Matrikulasierraad het toe in beginsel besluit om 'n Bantoetaal (laergraad) weer as een van die tale vir vrystellingsdoeleindes te erken. Dit sou slegs van toepassing wees op kandidate wie se huistaal nie 'n Bantoetaal is nie.²⁾

In die Handboek van die Gemeenskaplike Matrikulasierraad van 1960 erken die Raad dan ook 'n Bantoetaal as een van die tale wat as „Derde Taal” geneem kan word.³⁾

Die Transvaalse Onderwysdepartement het onmiddellik hierna alle hoofde van middelbare skole soos volg in kennis gestel:

-
1. Meiring, A.M. Verslag van sinodale jeugkommissie, (N.G. Kerk van Transvaal. Handlinge van die vier en twintigste vergadering van die algemene Sinode, 1957, p. 519).
 2. G.M.R: Uittreksel van verrigtinge van Vergadering gehou op 3-4 Julie 1959.
 3. G.M.R: Handboek vir Matrikulasië-eksamen, 1960, regulasie nr 2(a) 2(i) en (ii), p. 34.

„1. Met betrekking tot die voorwaardes van vrystelling van Matrikulasië-eksamen soos vervat in paragraaf (a) op bladsy 46 van die Handboek vir die Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare skool soos gewysig, het die Gemeenskaplike Matrikulasieraad die Departement nou in kennis gestel dat:-

- (a) In geval van Blanke kandidate sal 'n Bantoetaal voortaan weer as 'n ‚Derde Taal‘ erken word.
- (b) Vanaf November 1960 sal 'n minimum groototaal van 1,300 punte vereis word om in die eksamen te slaag.
- (c) Vanaf November 1963 sal slegs Latyn, Grieks, Duits, Frans, Italiaans, Portugees en Bantoetaale as ‚Derde Taal‘¹⁾ erken word.“

Uit die tabel op bladsy 14 en 15 kan die gevolg van hierdie besluit van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad baie duidelik gesien word met betrekking tot die gestadige vermeerdering van leerlinge en skole wat weer die vak aanbied.

Na 'n langdurige stryd het die Bantoetaale weer hul volwaardige plek ingeneem in die ry van keusevakke van die Transvaalse Onderwysdepartement. Dit was egter, soos reeds gemeld, 'n ongelukkige toedrag van sake wat die groei en uitbreiding van Bantoetaale op skole geweldig gestrem het. Dit sal as gevolg daarvan weer 'n hele aantal jare vir die vak neem om te kom waar dit in 1957 en 1958 gewees het.

5. Samevatting:

Die Matrikulasieraad, wat die grootste eksaminerende liggaam in die land is, het besef hoe belangrik 'n Bantoetaal vir die blanke is en het van die vroegste jare af voorsiening gemaak vir kandidate

wat die vak in hul kursusse wil insluit. Dit was alleen van 1954 tot 1959 dat hulle 'n demper geplaas het op die vordering van die vak deur hul besluit dat dit nie as vrystellingsvak geneem kan word nie. Die belangrikste oorweging hiervoor was blykbaar dat daar sommige lede was wat bevrees was dat die Bantoetale die plek van die Europese tale sou inneem.

Die skole in Transvaal, onder die Transvaalse Onderwysdepartement, wat die vak na 1940 ingevoer het, het aanvanklik moeilikhede ondervind om die nodige entoesiasme te wek en leerkragte te vind, maar die toestand het algaande verbeter sodat die Departement in 1951 kon konstateer dat daar nie meer moeilikhede in die weg van skole is wat die vak wou invoer nie. Teen die einde van 1951 was daar egter nog net 2 skole wat kandidate ingeskryf het vir die Eind-¹⁾eksamen teenoor die '9 in 1955.

Nadat dit gelyk het asof die Bantoetale hulle gevestig het in die Transvaalse Middelbare skole, het die Gemeenskaplike Matrikulasieraad 'n besluit geneem wat die vak onberekenbare skade berokken het sodat dit gelyk het asof dié tale as vak in die Middelbare skool van Transvaal 'n gestadige dood sou sterf. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad het egter in 1959 hul besluit heroorweeg sodat die vak nou weer stadig besig is om sy plek in te neem as een van die keusevakke naas die Europese tale.

Moontlike oorsake wat verantwoordelik was vir die kwynende bestaan wat die vak in die Transvaalse skole gevoer het, kan die volgende wees:

- (a) Die aanvanklike tekort aan geskikte leerkragte om die vak te doseer, soos blyk uit genoemde opgawes wat deur die Departement gemaak is;

1. Vgl. tabel 1 op bladsy 14 en 15.

- (b) 'n Oorvol skoolkurrikulum wat nie plek kon bied vir nog 'n taal nie. Dit was sodanig die geval dat een skool, wat in 1940 met die vak begin het, dit na drie jaar weer afgeskaf het.¹⁾
- (c) Die besluit van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad wat die vak geskrap het as vrystellingsvak en daardeur leerlinge en onderwysers se belangstelling in die vak laat kwyn of heeltemal laat verdwyn het;²⁾
- (d) Min belangstelling van sommige hoofde van skole ;
- (e) Aanvanklike gebrek aan geskikte leerboeke in Noord-Sotho, die taal wat deur die Departement aanbeveel is uit die Sotho groep ;³⁾
- (f) Die mening by sommige ouers dat die leergang te akademies is en dat dit geen bevredigende praktiese kennis van die Bantoetaal bied nie.

1. Van Heerden P.W. op cit. 16.
2. Ibid, 17.
3. Ibid, 7.

HOOFSTUK III

Die Doelstellings met die onderrig van die Moedertaal en Vreemde tale in die Transvaalse Middelbare skool.

Inleiding:

Taal - moedertaal - en opvoeding lê in die wese van die mens, en in hul verskyning is hulle ten nouste saamgeweef met die lotgevalle van die nasie. ¹⁾ Die moedertaal op sy beurt vorm die grondslag van alle studie, ook die studie van 'n vreemde taal. Sonder die moedertaal is die studie van 'n vreemde taal onmoontlik, want die mens leer in die eerste plek deur middel van sy denke en soos Dewey sê is taal en denke identiek. ²⁾

Soos later sal blyk, is die doeleindes wat beoog word met die onderrig van Noord-Sotho ten nouste saamgeweef met die algemene opvoedingsdoel en dat die een gedurig by die ander inskakel. Voordat die doel van die onderrig van Noord Sotho bespreek word, sal dit dus nodig wees om op die doel van die opvoeding in die algemeen in te gaan.

1. Die Doel van die Opvoeding:

As die mens nie 'n doel voor oë het met die handeling wat hy verrig nie, kan daar geen vrug op daardie werksaamhede verwag word nie. Alleen as die mens 'n doel het, kan die gegewe voorwaardes en toestande waargeneem en ondersoek word om op grond daarvan duidelik te onderskei en te herken wat die probleme en die middele is vir en by die bereiking van die doel. ³⁾

Dit is daarom van die allergrootste belang dat die opvoeder presies moet weet wat die doeleindes is waarop gemik word, want

-
1. Bingle, H.J.J. „Afrikaans as Onderrigtaal". In Die Wonder van Afrikaans, p. 109.
 2. Dewey, J. How we think, p. 186.
 3. Nunn, T.P. Education: its data en first principles, p.1.

dit is die doel wat rigting, inhoud en vorm gee aan die opvoedings-
werkzaamhede en in die breër sin ook die middele en die metodes help
bepaal. ¹⁾

Alle opvoeding wat 'n bepaalde doel nastrewe, dit wil sê
alle doelbewuste opvoeding, het 'n bepaalde beskouing oor die mens.
Die beskouing het nie alleen invloed op die waardering van die
voorwerp van die opvoeding nie, maar dit het ook 'n beslissende
betekenis vir die opvoedingsdoel. Dit verskaf 'n antwoord op die
vraag van hoe hy behoort te wees en wat hy behoort te word. Daar-
om is dit so dat elkeen wat opvoed dit doen kragtens 'n bepaalde
lewens- en wêreldbeskouing, waardeur ook die doel bepaal word. ²⁾

Net soos die opvoeder se lewens- en wêreldbeskouing sy
begrip van die opvoeding bepaal, bepaal dit ook sy opvoedingsdoel-
eindes. Elkeen voed dus sy kinders op in ooreenstemming met sy
lewens- en wêreldbeskouing. Die pragmaties, idealis en naturalis
sal hul kinders onderskeidelik opvoed volgens die pragmatiese,
idealistiese en naturalistiese lewens- en wêreldbeskouing. Die
mens met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing het noodwendig
'n Christelike opvoedingsdoel. ³⁾

Die opvoedingsproses is 'n langsaamontwikkende lewens-
proses en word nooit in 'n absolute sin verwesenlik nie. Dit is
alleen moontlik om die vooropgestelde doel ordelik, doelbewus en
stapsgewys te nader. Dit is dus noodsaaklik dat in die opvoeding
onderskei sal word tussen die verskillende vorme waarin die beëin-
diging van ons werkzaamhede hulle openbaar. ⁴⁾ Die doelstellings

-
1. Coetzee J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 273.
 2. Waterink J. Theorie der opvoeding, p. 25.
 3. Coetzee J.C. op. cit., p. 276.
 4. Ibid., p. 274.

In die lewe en van die algemene opvoeding van ons as Christene kan dan onderverdeel word in die uiteindelijke, die verwyderde en die nabysynde.

(a) Die Uiteindelijke Doelstelling:

Die hele lewe van die mens word beheers deur die feit dat hy 'n skepsel van God is en dat hy geskape is om God te dien.¹⁾

As die mens God wil dien met sy hele wese is dit noodsaaklik dat hy homself altyd sal besighou om hom voor te berei sodat „.... hy volkome toegerus is vir elke goeie werk.”²⁾

Die Middelbare onderwys streef ook hierdie uiteindelijke doel na wat dieselfde is as die hoogste lewensdoel. In die Christelike Opvoeding word as hoogste lewens- en opvoedingsdoel gestel die kennis, die liefde en die diens vir die Skepper. Hierdie weg lei tot die verwesenliking van die einddoel van alle lewe en opvoeding: die verheerliking en grootmaking van die naam van God.³⁾ Daarom sal die middelbare skool trag om hierdie verhewe doel te bereik deur nie alleen onderrig te gee in die Christelike religie nie, maar daar sal ook 'n Christelike gees moet heers wat die rigting is van die hele onderwys. Alles wat in die middelbare skool geskied, sal geskied in en uit die liefde tot Hom, wat die Bron is van die hele menslike bestaan.⁴⁾

(b) Die Verwyderde Doelstellings:

Alhoewel die uiteindelijke doelstelling altyd die riglyn van die mens moet bly waar hy na volmaaktheid strewe, is daar

-
1. Waterink, J. Theorie der Opvoeding, p. 17.
 2. Coetzee, J.C. Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, p. 33.
 3. Coetzee en Bingle, Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, p. 10.
 4. Ibid., p. 10.

ook die verwyderde doelstellings wat in die oog gehou moet word en wat nie tersyde gestel mag word nie. Die middelbare skool kan reeds in hierdie opsig baie doen om die kind filosofies, sedelik en esteties te vorm, omdat die skool hier te doen het met die kind in sy adolessente jare. Dit is 'n tydperk van „nuwe geboorte“, want die kind is nou in staat tot „... new modes of thought and feeling“; hy vind dat hy beheer word deur nuwe instinkte en emosies. Hy kom agter dat daar 'n heeltemal ander soort lewe is wat hy moet leer ken en waarby hy hom moet aanpas.¹⁾ Op hierdie stadium van sy lewe is die kind se gemoed baie ontvanklik vir indrukke en gewaarwordinge, meer as op enige ander stadium in sy lewe.

Die middelbare skool moet dan sy deel bydra om gedurende hierdie tydperk sy vormende en ontwikkelende deel by te dra tot die filosofiese vorming van die kind. Vir die vorming en ontwikkeling van die gewenste lewens- en wêreldbeskouing moet die kind ook sedelik opgevoed word en moet hy geleer word dat deug alleen sin en waarde het as dit gegrond is op die gebod van God.²⁾

Die middelbare skool is meer as die primêre skool daartoe in staat om te sorg vir die estetiese vorming en ontwikkeling van die kind omdat die kind se gemoed op hierdie ouderdom baie meer ontvanklik is vir waardering van die skone. Skoonheid is 'n eis van die gebod van God en deur die onderrig in tale, kulturele vakke, die wetenskappe en die skone kunste³⁾ word die kind se oë vir die estetiese geopen.

-
1. Coetzee, op. cit., p. 33.
 2. Coetzee en Bingle, op. cit., p. 11
 3. Ibid.

(c) Die Nabysynde Doelstellings:

Hierdie doelstellings is in die meeste gevalle min of meer onmiddellik bereikbaar, en hulle moet altyd as instrument beskou word om die individu nader te bring in sy strewe na die uiteindelijke en verwyderde doelstellings. Die middelbare skool moet dus die nabysynde oogmerke van die opvoeding nastreef en die verwyderde en uiteindelijke doelstellings moet nooit uit die oog verloor word nie.

Die middelbare skool het hierin dan 'n groot taak, want dit mag nooit faal om die leerlinge te vorm in die tradisie van sosiale diens en welwillendheid nie; dit moet in staat wees om in te sien dat om onderrig te gee in sosiale diensbaarheid een van die faktore is wat individuele ontwikkeling begunstig. Die individu moet in staat gestel word om uit die gemeenskaplike besit (die skool) te neem wat hom in staat sal stel om sy vermoëns tot die beste te ontwikkel sodat hy weer op sy beurt die gemeenskap en sy God daardeur kan dien.¹⁾ Die skool moet dus let op die totale opvoeding van die kind maar moet ook altyd die individuele opvoeding van elke kind nie uit die oog verloor nie. As daar nie uitgegaan word van individuele aanleg, vermoëns en belangstelling nie, stuur die beste opvoeding op mislukking af.²⁾

By die formulering van die verskillende oogmerke vind ons dat netso universeel as wat die opvoedingsverskynsel onder mense is, netso verskillend is die doelstellings van die bemoeienis van volwassenes met die volwassewordendes.³⁾

-
1. Nunn, T.P. Education: its data and first principles, p. 19.
 2. Coetzee en Bingle, op. cit., p. 12.
 3. Oberholzer, C.K. Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, p. 85.

Daarom sal die sleutel tot die analise van hierdie doelstellings gevind kan word in die ontleding van die aktiwiteite van diegene waarin die skool hom bevind en waarmee diegene hulle sal besighou as hulle die skool verlaat. Dié doelstellings moet dan geïnterpreteer word in terme van die aktiwiteite waaraan individue normaalweg in hul lewe sal deelneem. ¹⁾ Vanselfsprekend sal hierdie aktiwiteite verander met die loop van jare en sal hulle anders wees op verskillende plekke. Hieruit volg nog verder dat groepe mense hulle besighou met verskillende aktiwiteite op verskillende gebiede. So byvoorbeeld is die nabysynde doelstellings van die tegniese skool, die huishoudskool, die handelskool en die middelbare skool verskillend van aard omdat hulle hul besighou met heeltemal uiteenlopende aktiwiteite. Die skool van die twintigste eeu se nabysynde doelstellings is ook heeltemal anders as die skool van die negentiende eeu omdat toestande verander het en die samelewing heeltemal ander eise aan die skool en die individu stel.

Nunn ²⁾ sê tereg dat elke opvoedingsstelsel in 'n praktiese filosofie wortel en dat dit die lewe in elke fase raak. Daarom is dit moeilik om 'n universele doelstelling daar te stel, want elke volk se sienswyses in verband met die lewe is anders. Die eise wat die gemeenskap stel aan sy lede, word die beste bevredig wanneer elke lid homself sien as die erfgenaam van die gawes en van sy omgewing en dat hy sy uiterste moet doen om dit te ontwikkel en te verbeter tot die beste van sy vermoë. Die lede moet dus nie probeer om eenvormigheid

1. Inglis, A. Principles of secondary education, p. 367.
2. Nunn, op. cit., pp. 2 en 7.

daar te stel nie.

Die middelbare skool moet dan sy algemene en besondere doelstellings hê waaruit elke lid van die skoolbevolking kan haal wat vir hom as individu en vir sy groep die beste pas sodat hy op daardie grondslae verder kan bou om sy lewe sinvol te maak.

Opvoedingsoogmerke is ideologiese aangeleenthede en elkeen, hetsy enkeling, gemeenskap of volk beweet dat die doel wat hy nastreef die beste is. Hy glo daarin en dit maak sy handeling ¹⁾ sinvol. Dit is die gevolg van sy lewens- en ²⁾ wêreldbeskouing en is uiteenlopend en verskillend van aard.

Omdat die Middelbare skool van vandag die plek is waar die grootste gedeelte van die skoolbevolking bo 13 jaar vir ten minste drie jaar sekondêre opleiding en onderrig ontvang, moet die skool poog om voorsiening te maak vir 'n ongesleekteerde groep wat onderwys en opvoeding ontvang.

Toestande is anders as wat dit die vorige eeue gewees het toe die funksie van die middelbare of sekondêre onderwys hoofsaaklik was om 'n geselekteerde minderheidsgroep ³⁾ superieure leerlinge vir universiteitsopleiding voor te berei.

Die grootste persentasie van die skoolbevolking bo genoemde ouderdom is in Suid-Afrika afhanklik van die middelbare skool vir hul algemene onderwys en die doel van algemene onderwys is om aan die basiese lewensbehoefte van die individu te voorsien sodat elkeen sy persoonlike potensialiteite tot volle ontplooiing kan laat kom om sodoende 'n effektiewe deelname ⁴⁾ te kan hê in 'n demokratiese gemeenskap.

-
1. Oberholzer, op. cit., p. 178.
 2. Oberholzer, op. cit., 180.
 3. Tasmania Educ. Dept. Observations on Secondary Educ. in Eng. Scotland and U.S.A. 1955 p.1.
 4. Council of Curriculum Reform. Interim Report of the Content of Educ., p. 40.

Omdat die middelbare skool in Suid-Afrika vandag die volk-skool is, het dit in belangrike opsigte die doel en funksie van die laerskool oorgeneem.¹⁾ Die doelstellings van die middelbare skool kan soos volg verdeel word, naamlik.

I. Algemene Doelstellings:

Meer in besonder kan gesê word dat hierdie doelstellings die verskaffing is van die basiese kennis wat 'n leerling in staat sal stel om:

- (a) 'n Volwaardige burger van die land te word;
- (b) 'n intelligente besluit ten opsigte van sy toekomstige loopbaan te neem;
- (c) 'n positiewe lewens- en wêreldbeskouing te ontwikkel en
- (d) hoër onderwys te kan benut.

Onder basiese kennis word verstaan:²⁾

- (i) vaardigheid in die lees, skryf en praat van die moedertaal en ander tale;
- (ii) begrip en waardering van goeie letterkunde, musiek, ens. en ten minste 'n minimum vaardigheid van een of ander skeppende aktiwiteit;
- (iii) vaardigheid in die rekenkundige en wiskundige tegnieke wat nodig is om suksesvol aan die samelewing te kan deelneem;
- (iv) kennis van die vaderlandse, algemene en Bybelse geskiedenis as agtergrond vir die ontwikkeling van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing;

1. Kotzee, A.L. „Die plek en rol van Rekenkunde en Wiskunde in die Onderwys“. Transvaalse Onderwysblad Maart 1959, p. 46.
2. Ibid.

- (v) begrip van die beginsels en die toepassing van die natuur- en sosiale wetenskappe - die moontlikhede, prestasies en beperkinge daarvan;
- (vi) 'n begrip van die mens se verhouding tot sy fisiese omgewing - aardrykskunde en die implikasies daarvan;
- (vii) kennis en die ontwikkeling van die menslike liggaam en die aanleer van gewoontes tot bevordering van liggaamlike en geestesgesondheid;
- (viii) kennis en geleentheid om 'n verstandige keuse te maak uit 'n wye keuse van beroepe;
- (ix) kennis, houdinge en vaardighede wat nodig is vir 'n gesonde huislike lewe;
- (x) ontwikkeling van die vermoë om 'n geskikte lid van 'n gemeenskap te wees veral met die oog op die vermoë om gelukkig te kan saamwerk en lojaal te wees teenoor andere;
- (xi) geleenthede om die ervaring te kan belewe wat nodig is vir die bereiking van sosiale en emosionele aanpassings: met ander woorde, die vorming van 'n grondslag waarop gebou kan word vir die ontwikkeling van volwaardige en sosiaal en emosioneel volwasse en aangepaste persone.

As die bogenoemde doelstellings in oënskou geneem word, kan 'n mens sien watter groot rol taal in die lewe van die mens speel. Nie een van bogenoemde aspekte kan ondersoek, aangeleer en deurleef word as 'n mens nie genoegsame kennis van sy eie taal en selfs kennis van 'n tweede en derde taal het nie. Taal omsluit die hele wese van die mens: taal word in die samelewing gebruik as middel vir denke, die uitdrukking van denke en om denke te ontvang.

2. Die Doelstellings met die onderrig van die Moedertaal.

Die leerplan van die afsonderlike standerds in die middelbare skool maak voorsiening vir die kind om 'n hele aantal vakke te neem. Die vakke is egter nie almal ewe belangrik nie en daarom is daar die sogenaamde basiese vakke en keusevakke wat in die kursus ingesluit is. Die indeling in basiese- en keusevakke is gebaseer op die waarde van 'n vak vir die algemene opvoedingsdoel en die praktiese nut daarvan in die lewe.

Die moedertaal is teenswoordig, in alle beskaafde lande, die sentrale vak op skool omdat dit oral erken word dat die ware opvoeding by die moedertaal begin.¹⁾ Die moedertaal vorm die grondslag en middel vir die skoolopvoeding, en sonder die nodige taalbeheer kan die kind nie goeie ontwikkeling van gees en verstand deurmaak nie: die taal is tog die grond van die geesteslewe, die medium van sy verstandelik-geestelike ontwikkeling; die mens kan alleen dink in en deur middel van taal;²⁾ taal is die voertuig van 'n volk se gedagtes.³⁾

Om onderrig te gee in en om die doelstellings vir 'n derde taal te bepaal, is dit nodig dat diegene wat dit beoog die waarde van die moedertaal goed moet beseef. Die waarde van die moedertaal en die verband wat dit met ander skoolvakke het, ook in die onderrig van 'n derde taal, kan eers waarlik in sy regte perspektief gesien word as die doelstellings daarvan duidelik omlin is. Gurrey stel dit baie duidelik as hy sê: „It is indeed necessary to examine the principles of the teaching of the mother

1. Coetzee en Bingle op. cit., p. 67.

2. Botha, L.N.; Die stryd om moedertaalonderwys in Natal, p. 23.

3. Nienaber, P.J. Ons taalhelde, brief van S.J. du Toit aan „De Zuid Afrikaan” op 8 Julie 1874, p. 27.

tongue in order to perceive clearly the valuable contribution that this teaching can make to the education of children. (We) need to have a precise understanding of the part the mother tongue plays in the development of children, and how the teaching of the mother tongue is related to the other school subjects¹⁾".

In en deur middel van die moedertaal word die kind bewus van homself as individu, nie net as individu nie, maar hy kom ook deur middel van sy moedertaal tot die besef dat hy lid is van 'n gemeenskap waarin hy sy plek moet volstaan en waarin hy hom moet handhaaf en uitleef. Deur sy moedertaal word hy ook bewus dat hy 'n lid is van 'n volk - 'n volk wat die taal besig wat hy besig. Hy word bewus van sy groot plig teenoor sy medemens, sy gemeenskap en sy volk.

In en deur die moedertaal vind hy die voorwaardes en middel vir die ononderbroke, stygende ontwikkeling van sy denke. Deur sy moedertaal geskied die suiwerste ontplooiing van sy persoonlikheid. Die onderwys van die moedertaal is derhalwe nie maar net die onderwys van 'n vak nie; dit is die belangrikste onderwys denkbaar. Die moedertaal is lewensvak.²⁾

Die uiteindelijke doelstelling met die onderrig van die moedertaal vir ons as Christene moet dan wees soos professor Bingle dit saamvat: „Die ryker taalontwikkeling stel die mens in staat om volkomener gemeenskap te oefen met God - 'n daad wat direk slaan op die toekomstige lewe³⁾".

Vir ons as Afrikaners is die moedertaal die draer van ons volk se kultuur en daarom moet die opvoeder dit gedurig in gedagte hou. Dit waaraan 'n nasie waarde heg, kan alleen deur

-
1. Gurrey, P. Teaching the mother tongue in secondary schools, p. 19.
 2. T.O.D., Leergang in Afrikaans Moedertaal st. 6-10 (1964), p.1.
 3. Coetzee en Bingle, op. cit. p. 68.

middel van sy moedertaal oorgedra word aan 'n volgende geslag. Deur middel van die moedertaal kry 'n mens 'n beeld van die volk-siel. Die grootste momente in die volkslewe en daarby ook die grootste vernederinge in 'n volk se geskiedenis word deur middel van sy taal uitgebeeld. Langeveld spreek hom soos volg uit oor die kultuurdraende waarde van die moedertaal: „Inleiding in die kultuur van het eigen volk en door deze ook tot die van de menscheid is de andere hoofdfunctie van het taalonderrig.”¹⁾

As verwyderde doelstelling van die onderrig van die moedertaal kan dan gestel word dat dit so onderrig moet word dat dit die draer sal wees van die kultuur van die volk.

Die nabysynde of spesifieke doelstellings van die onderrig van die moedertaal bestaan hoofsaaklik uit die volgende:

- (a) Die onderrig van die taal sodat die leerling sy moedertaal deeglik kan gebruik. Dit behels die mondelinge en skriftelike gebruik van die taal;
- (b) die onderrig van die taal sodat die leerling in staat sal wees om eenvoudige gedagtes wat in eenvoudige sinnetjies gegee is, sal verstaan en ook in staat sal wees om selfs moeilike gedagtes wat in poësie en prosa gevind word sal kan begryp en waardeer.²⁾

³⁾ Professor Bingle stel die spesifieke doeleindes baie duidelik waar hy dit ook onder twee hoofde groepeer naamlik die impressiewe en die ekspressiewe doelstelling.

1. Langeveld, M.J.: Taal en denken, p. 128.
2. Gurrey, op. cit., p. 19.
3. Coetzee en Bingle, op. cit., pp. 69-70.

Onder eersgenoemde verstaan hy die begrip van die gesproke sowel as die geskrewe woord. Onder laasgenoemde word verstaan die gebruik van die taal, die gesproke sowel as die geskrewe woord. Onder hierdie twee hoofde skaar hy weer 'n aantal meer besondere doeleindes naamlik.

(a) Onder impressief, dat die leerling geleel moet word om:

- (i) die skone, verhevene, kunstvolle, die ewige, verheffende, karakterbouende in taal en letterkunde te besef, te geniet en op te neem;
- (ii) kennis op te doen van die eie, die oorgelewerde, dit lief te kry, te wil bevorder, vir behoud en uitbou te wil stry, en sonder chauvinisme ander man se goed na waarde te leer skat;
- (iii) kennis op te doen van die eie idioom, spreekwyse, woordafkoms, verklaring, sinsbou, grammatiese funksie, styl suiwerheid van taal, geskiedenis van taal en lettere.

(b) Onder ekspressief, dat die leerling daarna moet streef om:

- (i) met die juiste intonasie, aksent, leestempo, met verstand en gevoel vlot hardop te lees;
- (ii) met verstand en gevoel voor te dra, dit wil sê nadink en navoel wat deur die woordkunstenaar se siel gegaan het;
- (iii) eie gedagtes ordelik en logies in die beskaafde taal op die gebruikelike wyse onder woorde te bring, mondeling en skriftelik.

3. Doelstellings met die Onderrig van Vreemde Tale:

Omdat 'n leerplan voortspruit uit die kulturele agtergrond en behoeftes van 'n volk en dit in sy wese 'n seleksie is van daardie kennis, ervarings en waardes van die voorgeslag wat as so belangrik beskou word dat dit aan die nageslag oorgedra moet word, voldit dan dat die lewensinhoud van 'n gemeenskap die leerstof

1)

van sy skole bepaal. Een van hierdie waardes wat as só belangrik beskou word en deur die eeue heen 'n onbetwiste plek ingeneem het in die leerplanne waar sekondêre onderrig gegee is, is 'n vreemde taal. Die taal dien as instrument om die aspirasies en geestesleer van verskillende nasies te vertolk. God het taal aan sy hoogste skeppende bedoel as 'n gawe en daarom is dit nodig dat die mens meer as een taal sal aanleer. ²⁾ Fourie formuleer die noodsaaklikheid van die studie van 'n vreemde taal soos volg: "Taalonderwys is 'n belangrike faktor in die opvoedingsproses in die algemene verryking van die geesteswerkzaamhede. Die studie van 'n taal het ook vormende invloed in die sin dat dit die uitdrukking is van die lewende mensiesiel, die aanraking wat dit besorg met sommige van die grootste skeppinge van die menslike gees, en die belangrikheid van taal as middel tot selfekspresie en omgang met andere, sodat die skool hier 'n belangrike roeping te vervul het wat eers by die onderrig van die moedertaal moet begin sodat dit op 'n hegte grondslag van ontwikkeling geplaas kan word, maar wat ook die onderrig van vreemde tale sal insluit, ter wille van die moontlikheid wat aanraking met die vreemde gedagtevorme en ervaringswêreld inhou."

Wat die laaste stelling betref, word die moontlikhede om met anderstaliges in aanraking te kom, in ons moderne tyd met sy snel ontwikkelende kommunikasie-middele, al hoe groter. Dit is afgesien van die anderstaliges wat in ons midde is soos die verskillende Bantoe-groepe, ens.

-
1. Van Heerden, P.W.J. "Natuurlike tale op ons skole". Transvaalse Onderwysblad, XLIX, Aug. 1946, p. 321-325.
 2. Fourie J.J., Ons middelbare skoolstelsel en die aksentuatie in die Leerplaninhoud van Duits as derde taal. p. 102.

By die onderrig van vreemde tale is dit noodsaaklik, netsoos by die onderrig van enige ander vak, dat daar duidelike doelstellings sal wees anders loop die onderrig uit op niks.

(a) Uiteindelijke doelstelling:

Die vreemde taalonderwys sal alleen waarde hê as dit verband hou met die algemene doeleindes van die middelbare skool.¹⁾

As dit in hierdie raamwerk ingepas word en daar nie uit die oog verloor word nie dat alle menslike werksaamhede en handeling moet voorstu sodat die naam van God daardeur verheerlik word, sal die onderrig van die vreemde taal doel en sin hê. Ook hier moet die naam van God verheerlik word met die onderrig, en moet dit die uiteindelijke doel en strewe van die onderrig in vreemde tale wees.

(b) Verwyderde Doelstellings:

Die studie van die vreemde taal moet ook daartoe bydra dat die leerling 'n beter begrip en waardering van sy moedertaal moet kry. Dit moet hom in staat stel om nie net sy eie taal nie, maar ook die eie kultuurgoedere na waarde te skat in die breëre samehang van nasies. Die vreemde taal moet die kind dan bestudeer nie net ter wille van die taal nie, maar daaruit moet hy ook gebring word tot die besef dat die mens 'n lid is van 'n volk en van 'n groter gemeenskap van volkere op aarde. Dit moet daartoe lei dat hy verder moet kyk as die eie, alhoewel die eie nooit verwaarloos en verkleineer mag word nie, en dat sy blik en lewensiening daardeur verruim moet word.

(c) Nabysynde Doelstellings:

Graag wil ek hier die doelstellings plaas soos Handschin dit stel:²⁾

(a) Die vermoë om die vreemde taal met gemak en vir die ge-

1. Coetzee en Bingle, op. cit., p. 141.

2. Handschin, C.H. Methods of teaching modern foreign languages

not te kan lees;

- (b) die vermoë om mondeling te kommunikeer met die sprekers wie se taal geleer word;
- (c) die vermoë om skriftelik te kommunikeer met die sprekers van die vreemde taal;
- (d) 'n steeds toenemende belangstelling om woorde korrek uit te spreek en te begryp asook sinne korrek te fraseer;
- (e) die vermoë om die moedertaal korrek en intelligent te gebruik as gevolg van die onderrig van die vreemde taal;
- (f) die vermoë om ander tale aan te leer;
- (g) 'n toenemende besef van die belangrikheid om korrekte artikulasiegewoontes aan te kweek;
- (h) toenemende kennis van die geskiedenis en instellings van die sprekers van die vreemde taal en 'n beter begrip van hulle bydrae tot die ontwikkeling van die vaderland by die leerlinge tuis te bring;
- (i) die vermoë om die ideale, standaarde en tradisies van die taal se kultuurdraers te begryp;
- (j) die ontwikkeling van letterkundige en estetiese waardering;
- (k) ontwikkeling van 'n realistiese verhouding tussen individu en gemeenskap te verseker;
- (l) 'n helderder begrip van die geskiedenis en aard van taal by die leerlinge tuis te bring;
- (m) die vermoë om verwantskappe te onderskei en vergelykings te tref tussen onderwerpe wat verwant is ten opsigte van vorm en inhoud;
- (n) die eienskap van volharding te ontwikkel;
- (o) ontwikkeling van die vermoë om doeltreffend gebruik te maak van vreemde ontdekkings en uitvindings;

(p) sosiale aanpassingsvermoë te bevorder deur middel van 'n voortdurende aanraking met persone van ander lande.

1)

J.C. Kotzé groepeer die doelstellings ten opsigte van die eerste twee jaar in progressiewe volgorde soos volg:

- (a) Die vermoë om uit boeke, artikels uit koerante en tydskrifte (in die vreemde taal) te kan lees.
- (b) Om sodanige lees en verstaan te vergemaklik, moet hulle genoegsame kennis opdoen van die grammatika.
- (c) Die vermoë om 'n eenvoudige gesprek te kan voer oor alledaagse dinge, en met korrekte uitspraak.
- (d) Die bybring van elementêre kennis van die vreemde kultuurmilieu en eienskappe van die vreemde kultuurgroep.
- (e) Die leerlinge moet gelei word tot 'n beter begrip van die afleidinge, woordbetekenisse en grammatiese beginsels van die moedertaal.

Hierop word voortgebou in die derde en vierde jaar:

- (a) Leesbekwaamheid word voorop gestel en heelwat aandag bestee aan die vlugheid van lees en die omvang van die leesstof.
- (b) Die vermoë om aan die einde van die kursus met gemak en vir genot te lees;
- (c) 'n Groter woordeskat, meer idiomatiese vorme en allerlei sinswendinge word beklemtoon, waarby die korrekte taalgebruik en uitspraak doelbewus beoog word. Gevolglik kry die leerlinge voldoende geleentheid om te praat en te skryf;

- (d) 'n Steeds toenemende belangstelling vir die vreemde volk, sy prestasies en taalbeginsels in verhouding met die moedertaal word nagestrew. Die onderwyser het hier geleentheid om die eie te vergelyk met die vreemde;
- (e) Die beginsels van taalontwikkeling en taalverwantskap moet meer en meer benadruk word.

---oOo---

HOOFSTUK IV

Vereistes waaraan 'n Leergang vir Noord-Sotho moet voldoen.

1. Die Doelstellings met die onderrig van 'n Bantoetaal.

Met die algemene doelstellings voor oë, soos in hoofstuk III geformuleer, moet die volgende besondere doelstellings in die onderrig van Bantoetale altyd nagestreef word:

Inleiding:

Die tale wat mense oor die wêreld heen besig, dien as instrumente om die ideale en geesteswaard van die verskillende nasies te vertolk. God het dit aan sy hoogste skepsele as 'n gawe bedoel en dit is daarom nodig dat elke mens meer as een taal sal aanleer sodat hy hierdie grootste gawe in 'n wyer kring kan gebruik en sodoende ook die ideale en geesteswaard van ander volke kan agterkom. Die gesproke en geskrewe taal is in wese die trefendste kenmerk van die mens omdat dit die draer is van sy diepgevoelde belangstellings en ideale en daarom is die taal die sleutel tot die hart van enige mens. Kennis van 'n ander volk se taal is die toegangsmiddel tot so 'n volk se wese. ¹¹

In ons maatskappy maak die Bantoe ongeveer driekwart van die bevolking van Suid-Afrika uit en daarom is die teenwoordigheid van die Bantoe 'n faktor wat die Blanke nooit buite rekening moet laat nie. Dit is dus noodsaaklik dat die Blanke een of ander Bantoetaal sal aanleer om sodoende hierdie mens wat in sy midde is, te ken en te verstaan.

Ofskoon die Blankes, vir baie jare reeds daagliks met die

1. De Jager, J.F.D. „Die aanleer van Bantoetale“. Die Skoolblad, Oranje Vrystaatse Onderwysdepartement, LII nr. 1, Jan 1964, p. 16.

Bantoe in aanraking kom, weet hulle baie min van sy taal, leefwyse, agtergrond en tradisies. Die studie van 'n Bantootaal sal baie bydra om die jong geslag te help om sy voete in ons samelewing te vind en om hom beter in te lig oor die Bantoe. Tereg het daar in 'n hoofartikel in „Tegniek” die volgende verskyn: „As ons die morele aanspraak op leierskap in Suid-Afrika - en as leiers in Afrika - wil behou sal ons ons sienswyse betyds moet wysig. In plaas van te verwag dat die Bantoe - dikwels ongeskoolde of in elk geval baie minder geskoolde as ons - ons amptelike landstale moet praat sal ons groter respek, meer lojaliteit en dus beter werk van hom kry as ons hom behoorlik in sy taal kan aanspreek”.¹⁾

(a) Van die belangrikste doelstellings ten opsigte van die onder-
rig van 'n vreemde taal is om 'n goeie verstandhouding tussen volke, elk met sy andersoortige taalkundige agtergrond, te bewerkstellig. In ons land is ons in die onbenydenswaardige posisie dat ons kultuur by twee strome aansluit naamlik dié van Wes-Europa en dié van Afrika.²⁾ Uiteraard is die Blanke Wes-Europees georiënteer en daarom moet die Blanke probeer om die verstandhouding met die Bantoe te verbeter.

Die Blanke is in noue aanraking met die Bantoe wat noodwendig tot gevolg het dat hy elke dag die taal van die Bantoe hoor. Die Blanke het dus die gulde geleentheid om 'n goeie verstandhouding met die Bantoe daar te stel. Hierdie verstandhouding moet gebaseer word op kommunikasie wat moet heenlei tot wedersydse begrip. Sonder taal as kommunikasie-middel is so 'n verstandhouding ondenkbaar, want taal is nie 'n deel op sigself nie, maar dit is 'n verbinding tussen siele,

1. Hoofartikel, Tegniek, Jaargang 13 nr. 2, Februarie 1961.
2. Wessels, „Bantootale as skoolvak, Debatte van die senaat van R.S.A.,” 1 Februarie 1963, p. 293.

dit is 'n middel tot kommunikasie. ¹⁾

Die studie van Bantoetale moet dan ten doel hê om die kind te lei tot kennis van die doen en denke van die Bantoe, dit moet hom leer om hul beskouinge en ideale te waardeer en dit moet hom insig gee in hul sedes en gewoontes wat so radikaal van die van sy eie verskil.

'n Vereiste vir die verwesenliking van hierdie belangrike doelstelling bestaan nie slegs uit 'n kennis van hul taal nie, maar ook die opwekking van 'n opregte begeerte om 'n insig te kry in hul kultuur. Gevolglik moet die Bantoe se leefwyse en instellings bestudeer word. Die taallesse moet egter nie volkekundelesse wees nie, maar volkekundige gegewens moet geïntegreer wees in die leergang.

Breul som dit as volg op: Die moderne tale behoort nie net bestudeer te word vir die skoonheid en waarde van die literatuur nie, maar die doel van die studie moet ook gesien word in die breëre sin van die woord naamlik om die belangrikste kenmerke, karakter en denke van die vreemde volk te wete te kom. ²⁾

- (b) Omdat die taalstruktuur van die Bantoe die Blanke heeltemal vreemd aandoen, moet in die onderrig van die Bantoetaal voor oë gehou word om die leerling 'n "... insig te gee in die ryk gebiede van die vergelykende taalkunde." ³⁾ Toegang tot die lektuur van die Bantoe is van ontsaglike waarde en 'n aanvul-

-
1. Jespersen, O. How to teach a foreign language, p. 4.
 2. Breul, K. The Teaching of modern foreign languages and the training of teachers, p. 10.
 3. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p. 114.

ling vir die vernuwing van die kennis van Afrikaans, want die moedertaal moet as uitgangspunt, as illustrasie, verklaring en as basis van vergelyking by die vreemde taal gebruik word. Taalvorme en taalverskynsels in vreemde tale word makliker begryp wanneer dit deur middel van die moedertaal gedoen word - goeie samewerking en wedersydse verband in hierdie rigting is van ¹⁾essensiële opvoedkundige betekenis. Die kind se taalgewoontes moet op 'n gesonde wyse ontwikkel word en in die regte denkanale gelei word, want taalonderwys is van fundamentele betekenis vir die algemeen-geestelike ontwikkeling van die kind. Dit is hierom nodig dat die denkgewoontes sal ont-²⁾wikkel deur strengte taaldissipline. Met die bestudering van 'n Bantoetaal moet die kind tot die besef kom dat die taal (ook elke ander taal) 'n sekere struktuur en uitdrukkingsvorme het wat eerbiedig moet word en nie na willekeur ingespan kan word nie.

- (c) In die meeste vakke van die middelbare skool vorm kennis die belangrikste oogmerk. Geen skool kan 'n kind genoegsame kennis bybring nie. Daar sal altyd situasies in die lewe van die kind opduik wat vir hom vreemd sal wees. Die persoon wat kennis besit, sal sulke situasies die beste die hoof kan bied en as hy gesonde ideale en houdinge aangekweek het, sal hy sodanige situasies ³⁾nog beter kan hanteer. Die doel

-
1. Döman F.H., „Die korrelasie en integrasie van Afrikaans met ander tale en skoolvakke.“ Transvaalse Onderwysblad, deel LV. nr. 620, 1 Junie 1951, p. 14.
 2. Ibid., p. 16.
 3. Coetzee, J. Chris, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 195.

van die onderrig van 'n Bantoetaal moet dan wees om die kind ook die nodige kennis te gee wat as grondslag sal dien vir verdere studie en wat hom sal kan help om in die praktyk situasies, waarin hy mag beland, te bowe te kom.

2. Die Doelstellings met die Onderrig van Noord-Sotho wat in die Leergang beliggaam word.

(a) Die Doelstelling moet in ooreenstemming wees met 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing:

As die mens nie 'n doel voor oë het met die handeling wat hy verrig nie, kan daar geen vrug op daardie werksaamhede verwag word nie - niks in die lewe en opvoeding staan buite die doel nie, geen werksaamhede van die mens kan tot enige vrug lei as dit nie met 'n bewuste doel voor oë verrig word nie. ¹⁾

Deur die eeue heen het daar telkens opvoedkundiges gekom wat probeer het om 'n universele opvoedingsdoel daar te stel. Hulle wou daardeur probeer dat alle mense volgens dié bepaalde doel opgevoed word, want volgens hul mening sou dit die beste wees. Daar is ook al baie menings gehuldig oor die doel van die opvoeding en telkens as iemand 'n opvoedingsdoel geformuleer het, het hy gemeen dat as dit nagevolg word, dit sal lei tot die bereiking van 'n volkome lewe. Die meeste van hierdie doelstellings is te vaag, want soos Keatings met reg beweer, is die opstelling van 'n universele doelstelling bedrieglik omdat elkeen dit kan interpreteer soos hy wil. ²⁾

Elkeen wat opvoed, doen dit kragtens 'n bepaalde wêreldbeskouing, waardeur ook die doel van die opvoeding bepaal word. Die uitgangspunt van die opvoeding - dit is die

1. Coetzee, J.C. op. cit., p. 273.

2. Nunn T.P., Education: its data and first principles, p. 1.

beskouing omtrent die kind - word vasgestel en die middele
vir die opvoeding word daarmee gekeur.¹⁾

By ons as Christene is die doel gebaseer op 'n Calvinisties-Christelike lewens- en wêreldbeskouing en is daar by ons geen misverstand wat dit betref nie, Alle onderwys en opvoeding moet gegrond wees en ooreenstem daarmee en dit „... beteken dat die kind deur die opvoeding gehelp en gelei (moet) word tot 'n lewe in en vanuit 'n positiewe relasie tot God en daarin ook tot sy medemens en die wêreld“.²⁾

Die rigting van die opvoeding word deur die doel bepaal en daarom sal die keuse van die inhoud, die middele en die metodes ten nouste daarmee saamhang.³⁾ Omdat Noord-Sotho 'n onderdeel is van die leerplan van ons middelbare skool, waar die kind opgelei word volgens die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, moet die doel by die samestelling van die leergang daarby aanpas en moet dit meehelp om die opvoeding te lei tot die aanvaarding van hierdie lewens- en wêreldbeskouing.

(b) Die doelstelling moet in ooreenstemming wees met die doelstellings van die Algemene Opvoeding.

Soos hierbo en in hoofstuk II aangedui, aanvaar ons die algemene opvoedingsdoelstelling soos geformuleer deur toonaangewende Calvinisties-Christelike opvoedkundiges. Daarom verdeel ons ook die doelstellings van die algemene opvoeding in die uiteindelijke, die verwyderde en die nabysynde

-
1. Waterink, *Theorie der opvoeding*, p. 27.
 2. Gunter C.F.G., *Opvoedingsfilosofie*, p. 333.
 3. Hopkins L.T., *Curriculum principles and practises*, p. 85.

1)

soos professor Coetzee. Hierdie opvoedingsdoel moet ook nagestrewes word by die samestelling van 'n leergang van Noord-Sotho naamlik om die kind te leer om die Here te vrees, die waarheid te soek, die kwaad te ontwyk, die goeie te doen en die vrede na te jaag. As dit nagestreef word, sal die mens tot God kom vir elke werk volkome toegerus. Dit moet die einddoel wees van alle opvoeding en hierdeur erken ons dat God die oorsprong is van alles wat goed is en dat die mens met sy hele wese daarna moet strewes om God te verheerlik en om hom te weerhou van enige kwaad uit liefde vir God.

By die samestelling van 'n leergang vir Noord-Sotho moet dit so saamgestel word dat dit in ooreenstemming sal wees in die nastrewing van die verwyderde doelstelling van die algemene opvoeding. Dit moet help om die kind filosofies, sedelik en esteties te vorm. Deur die metode en die leerstof moet daarna gestreef word om die kind se denkprosesse te ontwikkel en sy oordele en besluite te help vorm. Die leergang moet sy deel bydra om die kind te lei tot die verworping van 'n eie lewensfilosofie waarin sy respek vir die waarheid, sy eergevoel en ambisie uitstaande sedelike kenmerke sal wees. Verder moet die leergang ook die estetiese ontwikkeling van die kind stimuleer en ontwikkel. Hy moet daardeur geleer word om die moole raak te sien en te waardeer.

Die onmiddellike of nabysynende doelstellings moet almal heenlei na die verwesenliking van die einddoel en daarom is dit nodig dat die terrein duidelik afgebaken, die stof georden en die metode aangedui word. Omdat die kursus in

1. Coetzee, J.C. en Bingle, J.H.H. Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, p. 10.
Coetzee, Op. cit., 267-285.

die middelbare skool oor vier jaar strek, kan die leergang in twee afdelings verdeel word naamlik die eerste stadium, oor die eerste twee jaar (standerd 7 en 8) en die tweede stadium oor die laaste twee jaar (standerds 9 en 10). Gedurende die eerste twee jaar moet die onmiddellike doelstellings wees om aan die kind primêre kennis by te bring sodat daar gedurende die tweede stadium daarop voortgebou kan word. Die primêre kennis moet dan insluit:

- (a) Elementêre kennis van die Noord-Sotho of Pedi-kultuur;
- (b) die vermoë om 'n eenvoudige gesprek te kan voer;
- (c) die vermoë om woorde korrek uit te spreek en
- (d) die vermoë om met begrip te kan lees wat op daardie stadium binne die kind se bevatlikheidsvermoë val.

Die doel gedurende die tweede stadium moet wees om op die verworwe kennis voort te bou. Waar die klem gedurende die eerste stadium meer op gehoor- en mondelinge werk geval het, moet dit gedurende hierdie stadium meer op skriftelike aktiwiteit en leesbekwaamheid gebaseer wees. Die mondelinge werksaamheid moet egter nie verwaarloos word nie, en moet daaraan netsoveel tyd bestee word as wat prakties moontlik is. Die volgende doelstellings moet gedurende hierdie tyd beoog word:

- (a) Die leerling moet na afloop van die stadium, 'n redelike begrip van die kultuur van die Pedi hê;
- (b) die lees- en skryfbekwaamheid moet tot so 'n peil ontwikkel wees dat die kind teen die einde van die kursus met gemak en vir die genot kan lees;
- (c) die mondelinge gebruik moet op 'n hoër peil wees as gedurende die eerste stadium en

(d) die kind se kennis van die taal moet van so 'n aard wees dat as hy die skool verlaat en in onbekende situasies kom, hy dit op 'n intelligente manier sal kan bemeester.¹⁾

(c) Die Leergang vir Noord-Sotho moet aanpas by die Doel van die Middelbare Skool:

Die ontwikkeling van die skoolwese gedurende die afgelope jare, veral wat toevoeging van yake tot die leerplan betref, het getoon dat daar al meer en meer geglo word dat die middelbare onderwys die kind moet voorberei om in die samelewing, buite die skool te kan in- en aanpas.²⁾ As die ontwikkeling van die skoolwese in Transvaal nagegaan word, dan getuig dit ook van die daadwerklike strewe om in die behoeftes te voorsien en tred te hou met die moderne opvoedkundige ontwikkeling.³⁾ Hierdie ontwikkeling op onderwysgebied, veral op die middelbare vlak, het tot gevolg gehad dat die middelbare skool sy leerplan uitgebrei het om te voorsien in die behoeftes van die skoolbevolking wat na die tweede Wêreldoorlog die middelbare skole van Transvaal besoek het. Die middelbare skool in Transvaal het 'n skool geword wat daarna streef om in die behoeftes van alle leerlinge te voorsien wat algemene opvoeding betref, sowel as in die gespesialiseerde behoeftes van groepe leerlinge wat beroepsonderrig, voorbereiding vir die universiteit of persoonlike ontwikkeling verlang.⁴⁾

-
1. Sien (c) op bladsy 45.
 2. Bode, Modern educational theories, p. 28.
 3. Theron J.L. Die wese en funksie van die komprehensiewe skool as opvoedkundige instelling vir die verskaffing van gedifferensieerde onderwys aan die middelbare skole in Transvaal, p. 42.
 4. Theron, op. cit., p. 192.

Hierdie uitbreiding van die leerplan het noodwendig meegebring die toevoeging van meer keusevakke, waardeur ook Noord-Sotho 'n plek in die leerplan gekry het. Een van die aktiwiteite wat in die gemeenskap beoefen word, is die omgang met die Bantoe op ekonomiese en kulturele gebied. Die skool moes voorsiening maak dat die leerlinge daardie kennis sal bekom wat dit moontlik sal maak om met die Bantoe in die daaglikse lewe te kan verkeer.

Die rede waarom Noord-Sotho nooit as vak in die middelbare skool tot sy reg gekom het nie, is hoofsaaklik te wyte aan die besluite van die Gemeenskaplike Matrikulasierraad.¹⁾ Die vak is egter stadig besig om sy volwaardige plek in te neem in die ry van keusevakke in die middelbare skool van Transvaal, want dit is ondenkbaar dat 'n Bantoe-taal nie tot sy reg sal kom in 'n veelrassige land soos ons sin nie.

Noord-Sotho moet meehelp om aan die kind die basiese kennis te verskaf wat van die middelbare skool verwag word,²⁾ want die waarde van enige vak in die middelbare onderwys moet bepaal word en gemeet word in die mate waartoe dit direk of indirek bydra tot die bereiking van die doelstellings van die middelbare onderwys.³⁾

- (d) Die Leergang moet die Psigologiese kenmerke van die Adollesent in aanmerking neem:

Adollesensie word die duidelikste gekarakteriseer deur die psigologiese en liggaamlike verandering wat by die

-
1. Sien hoofstuk II.
 2. Sien hoofstuk III.
 3. Inglis, A. Principles of secondary education, p. 387.

kind gedurende die tydperk intree as hy in die middelbare skool is. Hierdie veranderinge word weerspieël in alle fasette van die kind se gedrag. Op 'n subtiele en onbewuste wyse affekteer die puberteitstadium sy belangstellings, gevoelslewe en sosiale gedrag. Dit is nie net as gevolg van psigologiese en liggaamlike veranderinge alleen nie, maar kulturele invloede is gelyktydig aan die werk om die belangstelling en gedrag van adolessente in sekere rigtings te vorm. Hierdie kulturele invloede wat op die kind inwerk, is die huisgesin, die skool, maats en die gemeenskap. ¹⁾

Die skool, as een van die kulturele invloede, moet dus bydra om die kind die dinge te leer en te laat ervaar wat vir hom, op hierdie stadium van aanpassing, bevatlik sal wees. Elke vak, wat in die leerplan ingesluit word, moet die stof so kies en orden dat die kind stapsgewys sal gaan tot die bemeestering van dit wat hy eendag sal nodig hê, dit moet help om hom in die regte rigting te vorm.

Gedurende die middelbare skoolperiode is daar 'n kenmerkende groei van die intelligensie sodat leerstof wat redelik moeilik is deur die adolessent baasgeraak kan word. Die groei van die brein neem af, maar die verstandsvermoë neem steeds toe in omvang en geoefendheid. Hierdie „verruiming“ van die intellek moet deurentyd deur die vakinhoud gestimuleer word en daar moet geleidelike ontwikkeling wees van ondervindinge wat later kan dien as basis vir meer ingewikkelde denke. ²⁾

Die leergang moet die drang na kennis, wat nou by

-
1. Blos, P. The adolescent personality, p. 229.
 2. Cole, Luella. Psychology of adolescence p. 139.

die kind sterk op die voorgrond tree, bevredig. As die kind in die middelbare skool kom, dan sien hy uit na nuwe velde van studie wat voor hom lê. Die leerstof van die vak moet so georden wees dat dit hom nie sal oorweldig en moedeloos maak nie, maar dit moet teikens 'n aansporing wees om dit wat hom opgelê is onder die knie te kry. Dit is belangrik, en dit is een van die kenmerke van adolessensie dat die puber in hierdie stadium gou moedeloos raak en belangstelling 1) verloor.

Die vakinhoud moet interessant wees en die puber moet gedurig voel dat dit vir hom van waarde is, anders word hy belangeloos en word sy belangstelling verskuif na een of ander veld. Die adolessent kan nie meer hoofsaaklik deur outoriteit beheer word nie en daarom moet die leerstof help sodat daar by hom selfdissipline sal ontwikkel. Een van die faktore wat dit sal bevorder, is om verveeldheid te vermy deur onnodige herhaling van dieselfde stof. Dit is 'n uitstaande kenmerk dat hy gedurende hierdie lewensfase maklik 2) 'n renons in iets kry wat hy as onnodig ag.

Waar die kind voor sy adolessensie 'n taal sal aanleer sonder om te vra na die bruikbaarheid daarvan, sal 'n kind in sy adolessente jare daarna vra en sal hy soms 'n seker 3) mate van weerstand bied om dit te leer.

Die leerstof moet in die behoefte van selfekspresie en redenasie, wat gedurende hierdie tyd sterk by die kind aanwesig is, voorsiening maak. Die taalontwikkeling van die

-
1. Bordewijk, W. e.a., Kinder psychologie en opvoedkundig psychologie, p. 131.
 2. Cole, op. cit., p. 626.
 3. Unesco. Problems in education - the teaching of modern languages, p. 99.

laa~~t~~-adolessensie is byna gelyk aan die van die volwassene; daarom moet daar gedurig 'n prikkel wees tot selfdenke, self-¹⁾ekspressie, redenasie en denke.

In die leerproses is die wet van gebruik en onbruik baie belangrik by die leer van die taal om dit te praat en gedurige oefening is noodsaaklik om gewoontes en refleksie te vorm wat by taal noodsaaklik is. Hierdie manier van leer vereis die gebruik van die intellek netsoos in die geval van spontane analise en sintese van die materiaal wat aan die kind aangebied word. Hy moet ook in staat wees om aanpassings te maak in veranderde omstandighede. Sulwer meganies en outomatiese drilwerk het op hierdie stadium van die kind se lewe geen plek in die leerproses nie. Die aangebode materiaal moet gegradeer wees ten opsigte van psigologiese vereistes soos belangstelling, motivering en die verband tussen die moedertaal en die vreemde taal.²⁾

Die adolessent moet uit die aard van die leesstof 'n positiewe bydrae vind tot sy emosionele behoeftes. Die kind het 'n behoefte daaraan om gedurende die adolessente jare te skep en daaruit word 'n gevoel van tevredenheid en selfstandig-³⁾heid gekweek. Die leerstof moet op hierdie gebied genoegsame geleenthede bied.

Die adolessent gaan ook tydperke deur van groot onsekerheid, onrus en selfgeringskatting.⁴⁾ As die leerstof so georden is dat hy voel dat hy dit kan bemeester, sal dit baie bydra dat hy hierdie fases van onsekerheid en geringskatting nie so akuit voel nie en sal dit help om 'n geba-

1. Coetzee, op. cit., p. 141 en 148.

2. Unesco. op. cit., p. 99.

3. Bloss, op. cit., 496-497.

4. Bordewijk, W. e.a. op. cit., p. 112.

lanseerde persoonlikheid te vorm.

As die kind in die middelbare skool is, dan begin daar 'n gevoel van selfstandigheid ontwikkel. Die leerstof moet van so 'n aard wees dat dit hierdie gevoel sal stimuleer sodat hy op sy eie vermoëns kan staatmaak en nie meer so baie van ander afhanklik is nie.¹⁾

Omdat die vreemde altyd bekoring inhou, moet die leerstof so georden en aangebied word om aan die adolessent daardie dinge te gee waarna sy siel hunker, wat geestelike genot verskaf en wat die lewe verryk.²⁾

Die adolessent openbaar groot belangstelling vir skoonheid. Hy het behoefte aan die ontwikkeling van sy vermoë om skoonheid in kuns, literatuur, musiek en natuur te waardeer.³⁾ Ook in hierdie behoefte kan die leergang van Noord-Sotho voorsien deur die adolessent in aanraking te bring met die skoonheid van die letterkunde.

Die kind in die puberteitsjare vertoon 'n toenemende belangstelling vir die staat.⁴⁾ Die leergang van Noord-Sotho moet ook hierin die kind help om te ontwaak tot die pligte en regte van die burger - hy moet leiding kry in burgerskap.

Die jongmens ondergaan groot veranderinge gedurende hierdie tyd. Hy ondergaan as't ware 'n nuwe geboorte. Hy ontdek homself en word bewus daarvan dat hy 'n selfstandige individu is. Hy beleef 'n tydperk van storm en drang waarin diepe neerslagtigheid en uitbundige vreugde, waarin selfgeringskating en selfoorskating, waarin 'n gevoel van self-

1. Cole, op. cit., 628.

2. Fourie, Ons middelbare skoolstelsel en die aksentuasie in die leerplan inhoud vir Duits as derde taal, 103-104.

3. Coetzee, op. cit., 214-215.

4. Ibid, 16-17.

standigheid en afhanklikheid mekaar in sy gemoed afwissel.

Op geestelike en liggaamlike gebied vind daar gewel-
dige verandering plaas wat hom geleidelik laat beseef dat hy
op die drumpel staan van die lewe met al die moontlikhede
daarvan aan sy voete.

Hierdie belangrike fase in die mens se lewe stel
besondere vereistes aan die onderwys en opvoeding en daarom
ook aan die leergang van Noord-Sotho.

(e) Die Leergang moet aanpas by die sosiologies-kulturele
vereistes van die samelewing:

Een van die doeleindes van die middelbare skool is
om die leerling ook voor te berei vir die groter samelewing
buite die skool. Die gemeenskap eis van die skoolopvoeding
sekere dinge en die skool moet aan die eis voldoen. ¹⁾

Die vak moet aan die beoefenaar 'n groter sosiolo-
giese bewussyn gee en dit moet as praktiese middel dien waar-
deur hy beter by sy sosiologiese milieu kan aan- en inpas.
Noord-Sotho het in hierdie opsig 'n groot taak, want dit moet
die leerling help om geïntegreer te word in ons veelrassige
land. Die studie van die vak moet nie net gekonsentreer wees
op die taal nie maar daar moet ook aandag geskenk word aan
die volk en sy kultuur. Dit is deur middel van taal dat 'n
volk sy begrip van die wêreld vorm en sy geestelike bydrae
lewer. Deur die studie van die vak moet die jongmens ook ge-
lei word tot 'n beter begrip en waardering van dit wat sy
eie is. ²⁾

-
1. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 387.
Pringle R.W. Adolescence and high school problems, p. 1-3.
 2. Unesco. The teaching of modern languages. Problems in Education. X, p. 36.

(f) Die Leergang vir Noord-Sotho moet voldoen aan die vereistes wat aan 'n Vreemde Taal in die Leerplan gestel word:

1)
Om aan die doelstellings van 'n vreemde taal volgens die leerplan te beantwoord, moet die leergang van Noord-Sotho in die volgende voorsien:

Omdat spraak ten grondslag lê van 'n taal is die volgende elemente, in volgorde, van uiterste belang om bedrewenheid aan te kweek naamlik luister, praat, lees en
2)
skryf.

(1) Die taalleergang behoort aanvanklik te konsentreer op die leerling se gehoor en praat van Noord-Sotho en in die later stadiums behoort leerlinge genoegsame oefening daarin te kry sodat hierdie vaardighede nie verroes nie. In hierdie stadium is dit noodsaaklik dat die onderrig deur middel van patroonsinne sal geskied. Uitbreiding van die woordeskat kan maklik bygebring word deur net woorde te vervang. Die leergang moet in hierdie stadium dus voorsiening maak vir sinsentriese en nie woordsentriese onderrig nie. Die woordeskat moet aanvanklik ook beperk wees om die kind in staat te stel om so wyd moontlik kennis van klank- en struktuurpatrone op te doen. Die primêre taalstof (woorde, grammatikale vorme, sinsnede en idiomatiese uitdrukkings) moet deur herhaling so inge oefen word dat re-
3)
produksie daarvan outomaties sal plaasvind. Die moeilikste grammatikale vorme kan op hierdie manier aangeleer word sonder om dit te verklaar.

-
1. Hoofstuk III.
 2. U.S. Dept. of Health and Welfare. Modern foreign languages in the high school, p. 157.
 3. Coetzee en Bingle. op. cit., p. 113.

- (ii) Die leergang moet ook voorsiening maak vir die derde stadium van die onderrig van Noord-Sotho naamlik leer om te lees. Die aanvanklike doel moet wees om die vermoë van die kind in te skerp en die betekenis te begryp sonder om dit letterlik te vertaal. Vertaling behoort in uitsonderlike gevalle gebruik te word as hulpmiddel om lees te onderrig.¹⁾ Voorsiening vir die versigtige keuse van leerstof wat noukeurig gegradeer²⁾ moet wees behoort gemaak te word.
- (iii) Skryf is die vierde stadium in die verkryging van taalvaardigheid en daarom moet die leergang ook hiervoor genoegsaam voorsiening maak. Die leergang moet so opgestel word dat daar ten volle gebruik gemaak kan word van die behandelde woordeskat en spraakpatrone - algaande van die bekende na die onbekende.
- (iv) Die leergang moet voorsiening maak dat die aanleer van die taal nie net progressief is nie, maar daar moet ook voorsiening gemaak word vir verbreiding van die kind se kennis deur die kennismaking met die nuwe kultuur.
- (v) Saam met die uitbreiding van die kennis in verband met die vreemde volk, moet die leergang die kind ook 'n beter insig en waardering gee van sy eie kultuur. Gepaard hiermee behoort daar ook voorsiening te wees dat die leerling 'n beter besef en bewustheid vir taal in

1. U.S. Dept. of Health and welfare, op. cit., p. 158.
2. Breul, K. Teaching of modern foreign languages and the training of teachers, p. 42.

die algemeen en sy moedertaal in die besonder opdoen.

Op enige stadium behoort die vordering in die taal so te wees dat dit positiewe waarde sal hê en behoort dit die fondament te lê waarop verdere vordering gebaseer kan word.

Voordat by die verskillende aspekte van die taal gekom word, word hier gebruik gemaak van dieselfde onderskeiding wat¹⁾ Fourie maak waar hy by die studie van 'n vreemde taal melding maak van aktiewe en passiewe taalgebruik.

By die aktiewe gebruik van die taal word bedoel dat die taal verstaan, geskryf en gepraat kan word en by die passiewe beheersing, dat die taal wel verstaan kan word maar nie geskryf of gepraat kan word nie. Verder word tussen drie soorte taalmateriaal onderskei, naamlik

- (a) aktiewe materiaal, dit wil sê dit wat gepraat, verstaan en geskryf kan word;
- (b) passiewe taalmateriaal, dit wil sê dit wat gevolg kan word as dit in 'n sekere verband gehoor of gelees word, maar wat nie self aangewend kan word nie;
- (c) onbekende materiaal.

By die studie van Noord-Sotho en enige ander vreemde taal is dit vanselfsprekend dat die onbekende materiaal aanvanklik die grootste sal wees en dat die aktiewe en passiewe materiaal algaande sal uitbrei. Dit is gewoonlik die geval dat die passiewe materiaal baie vinniger uitbrei as die aktiewe materiaal.

Die onderrig van Noord-Sotho moet daarom gerig wees om soveel as moontlik van die taalstof van die onbekende oor te plaas na die passiewe en daarvandaan na die aktiewe materiaal toe. Omdat die tyd by die onderrig min is, is dit 'n moeilike taak, maar

1. Coetzee en Bingle, op. cit., p. 102.

die ideaal moet egter bly om soveel as moontlik van die fundamentele leerstof te aktiveer. Die leergang kan hierin baie hulp verleen indien die leerstof sorgvuldig gekies en gegradeer is. "Die skool moet 'n beperkte hoeveelheid leerstof aanbied, sekere taalgewoontes vaslê en sekere taalstof inoefen, om as grondslag te dien waarop die persoon in sy latere lewe kan voortbou."¹⁾

Die volgende aspekte moet in die leergang ingesluit word:

(i) Mondelinge werk:

Omdat dit die doelstelling is by die studie van enige taal om die taal te kan praat, is hierdie afdeling baie belangrik en moet daar baie tyd aan bestee word. Indien daar nie die gewenste taalvaardigheid bereik is nie, moet die werk egter van so 'n aard wees dat dit as grondslag kan dien waarop voortgebou kan word. Nou verbonde aan mondelinge werk en wat daarmee saamgaan, is die uitspraak.²⁾ Breul meld dat die studie van foneties 'n belangrike grondslag vorm by mondelinge werk. Die leerlinge moet die regte intonasie en karakteristieke klanke van die taal hoor en hulle inoefen totdat dit bemeester is. Vir oefening, om die taal te kan beheer, is dit nodig dat daar in die leergang spesifiek plek ingeruim moet word vir spreeklesse. Die leerling moet egter nie net leer om afgesonderde woorde uit te spreek nie, maar sinne en sinsnedes is van groot belang. Waar intonasie en aksent belangrike

1. Coetzee en Bingle, op. cit., p. 105.
2. Breul, op. cit., p. 14.

aspekte is, is dit in die uitspraak van Noord-Sotho van kardinale belang. Hardoplees moet ook hierby ingesluit word, want dit het dieselfde waardes as die spreekies, met die uitsondering dat dit nie die leerling se eie gedagtes is nie. Dit bied egter afleiding wat noodsaaklik is by die studie van vreemde tale.

(ii) Woordeskat:

Dit is een van die belangrikste aspekte by die studie van 'n vreemde taal en daar moet in die leergang daarvoor voorsiening gemaak word.

(iii) Sintaksis en grammatika.

Die sin is die belangrikste deel van vreemde taalonderrig. Veral aan die beginstadium van Noord-Sotho wat 'n agglutinerende sowel as flekterende taal is met sy skakel- of konkordsistiem. Die sin moet eers onder die knie gekry word met al sy uiteenlopende samestellings.

Grammatika moet nie in die leergang ingesluit word as doel op sigself nie, maar as hulp om die taal beter te verstaan en om reproduksie en navolging van die geskrewe woord te vergemaklik. Skrywer wil aansluit by professor Venter „... dat die leerling die taal moet leer gebruik, maar daarnaas moet daar ook 'n taalleer wees wat nie in die eerste plek in diens hiervan staan nie (funksionele taalbeskouing) maar wat uitgaande van die funksie en funksionering van die taal, die wese van die taal en die middele wat deur die taalmaker en die taalgemeenskap gebruik word, terwille van wetenskaplike insig daarin en kennis daarvan moet ondersoek.”¹⁾

1. Venter, H. Funksionele taalonderrig, p. 33.

Grammatika moet aansluit by die lees en mondelinge werk sodat die leerling die doel daarvan kan insien. Taalstudie is ook van belang by die stelselmatige aanleer van die kernbeginsels van grondtaalaspekte wat die stene van die taalgebou vorm. Die kind moet hierdeur kom tot 'n beter algemene taalbeheer en taalinsig.

(iv) Stelwerk:

Die leergang van Noord-Sotho moet ook wat hierdie aspekte betref, ruim voorsiening maak. Die skriftelike stelwerk moet altyd as toepassingsoefening van die mondelinge werk dien. Die werk moet altyd by die kind se bevatlikheidsvermoë aanpas.

(v) Vertaalwerk:

Die leergang moet voorbeelde aantoon van vertaal oefeninge en dit moet tred hou met die mondelinge werk. Dit moet deeglik geïntegreer wees by die taal- en mondelinge werk. Hier moet ook onderskeel word tussen vrye vertaling en letterlike vertaling. Laasgenoemde sal hoofsaaklik gebruik word by grammatika-onderrig. Vertaal oefeninge kan uit Noord-Sotho in die moedertaal of omgekeerd wees.

(vi) Letterkunde:

Omdat die doel by die aanleer van 'n vreemde taal nie net is om die taal te kan gebruik nie, maar ook om kennis te maak met die belangrikste kenmerke van die lewe en karakter van die vreemde volk soos dit in die literatuur aangetref word, is dit nodig dat die leerstof so gekies moet word om reg aan hierdie doel te laat geskied. ¹⁾

'n Versigtige keuse van leerstof behoort gemaak en noukeurig gegradeer te word sodat dit kan aanpas by die ontwikkelingspeil van die kind se taalkennis.

Gedurende die eerste twee jaar behoort daar net klem gelê te word op die spoed en begrip van lees. Hierna kan daar verder gegaan word. Daar moet krities geles word met die oog op waardering en die ander aspekte wat letterkunde behels.

Letterkunde is belangrik in die sin dat as leerlinge genoegsaam lees dit aanvullend is by die ander aspekte van taal soos praat en skryf.

(vii) Idiome.

Omdat Noord-Sotho so klankryk is en omdat dié volk so na aan die natuur geleef het, is dit vanselfsprekend dat hierdie taal ryk aan idlome en idlofone sal wees. Die studie hiervan is belangrik en dit moet vroeg reeds ingesluit wees. Dit is 'n vrugbare studieveld omdat dit ook inligting verskaf ten opsigte van hul lewenswyse en gewoontes.

3. Keuse van die leerstof moet berus op die Algemene Opvoedkundige Beginsels:

Die doelstellings en vereistes wat onderskeidelik in hoofstuk V en hierbo behandel is, vorm die fondament van hierdie leergang. Dit is as uitgangspunt geneem met die volgende beginsels wat skering en inslag moet vorm van enige leergang in 'n Christelike Nasionale Onderwyssisteen soos ons dit hier te lande het.

Hierdie beginsels, wat toepas moet word in die klaskamerpraktik van elke onderwyser wat graag 'n goeie opvoeder wil wees by die implementering van die leergang, is van die grootste belang

omdat dit uitgaan van die wesensaard van die kind. Hierdie beginsels is dan:

(a) Die Totaliteitsbeginsel:

Die mens is 'n psigo-fisiese eenheid, 'n eenheid wat saamgestel is uit 'n verskeidenheid lewenskragte wat onderling met mekaar saamhang. Dié totaliteit van lewenskragte word persoonlikheid genoem en elke mens beskik daarvoor, maar daar is 'n graadverskil van mens tot mens en daarom het geen mens ooit dieselfde persoonlikheidsstruktuur nie.

Die lewenskragte in die mens word onderskei en in die volgende groepe ingedeel naamlik die intellektuele, die emosionele, die redelike, die religieuse, die estetiese en die liggaamlike.

Elkeen van hulle vorm 'n integrale deel van die menslike wese, en die wyse waarop hulle in die mens funksioneer, bepaal die aard van daardie mens se persoonlikheid.

Die opvoeding en onderwys moet dus rekening hou met elkeen van hierdie lewenskragte. Die hele mens in sy totaliteit moet opgevoed en ontwikkel word. Daarom moet by die opstel van die leergang hierdie eise in aanmerking geneem word sodat die kind ten opsigte van al sy lewenskragte geprikkel en tot rypheid gevoer word.

(b) Individualiteitsbeginsel:

Daar is nie twee mense op aarde wat presies eners lyk nie, en netso is daar ook nie twee mense op aarde wat

presies eners is nie. Selfs 'n identiese tweeling wat uit dieselfde bevrugte eisel kom, ontwikkel spoedig na geboorte verskillende persoonlikhede omdat hulle omgewingsinvloede verskillend is. Die persoonlikheid van 'n mens is 'n hoogs ingewikkelde eenheid wat van sy besondere geaardheid afhang van verskillende faktore soos temperament, aanleg, belangstelling, ideale en gewete. Hierdie eenheid van verskillende kragte bewaarheid die bestaan van individuele verskille, want as 'n paar mense op grond van één faktor gegroepeer kon word, sou daar by hulle, wat die ander faktore betref, verskille bestaan.

Die verstandsvermoë van 'n kind is wel die deurslaggewende faktor in soverre dit sy skoolprestasie betref, maar dit is geensins die enigste faktor nie. So is motivering byvoorbeeld by 'n kind en sy besondere emosionele gesteldheid twee faktore van besondere belang met betrekking tot sy skoolprestasie. Daarom is dit dan dat twee leerlinge met dieselfde intelligensiekwasiënt nie dieselfde skolastiese prestasie behaal nie.

Dit is daarom so belangrik dat die leerstofkeuse so moet wees dat die individuele verskille by die kind in ag geneem word en daar vir elkeen voorsiening moet wees vir dit wat binne sy belangstelling en ander terreine val.

(c) Die Sosialiteitsbeginsel:

Die mens is uiteraard 'n groepswees en kan alleen tot volle geestelike ontwikkeling kom binne die gemeenskap of samelewing van mense. As groepswees is hy groepsgebonde. Vir die ontwikkeling van sy geestelike vermoëns is hy afhanklik van die prikkelende wisselwerking tussen hom en sy medemens. Die mens het voortdurend behoefte aan sy medemens en

aan die handhawing van gesonde verhoudings met hom. Deur sy hele lewe word sy lewenswyse en lewensbeskouing beïnvloed en word sy lewensgeluk bepaal deur die mense om hom.

Die kind wil een van die groep wees, hy wil saam speel, hy wil saam ervaar en daar is altyd, bewus of onbewus, die behoefte om deur sy klasmaats sosiaal aanvaar te word. Daarom is dit so dat die eensame kind minder of ernstig vertraag word in sy geestelike ontwikkeling.

In die proses van sosiale opvoeding word die sosiale deugde soos wellewendheid, vriendelikheid, selfbeheersing, jammerhartigheid, hulpvaardigheid, offervaardigheid en nederigheid ontwikkel. Niemand sal dit betwis dat hierdie eienskappe van die belangrikste eienskappe is om mens te wees tot elke werk behoorlik toegerus.

Die kind met 'n sterk gemeenskapsgevoel wat in die sosialiseringproses ontwikkel is, is een wat hom onderwerp aan dissipline van die groep, wat die groep se norme aanvaar en fyngewoelig is vir die goed- of afkeur van sy maats.

Die keuse van die leerstof moet ook so wees dat dit die kind sal help om sy gemeenskapsgevoel te ontwikkel en te stimuleer sodat hy tot 'n gelukkige mens sal opgroei wat sy plek in die samelewing sal kan volstaan.

(d) Die Ontwikkelingsbeginsel:

Die mens is by geboorte 'n hulpelose en afhanklike wese wat vir sy liggaamlike en geestelike ontwikkeling op die hulp en ondersteuning van die volwassene aangewese is. Die lewensproses van die mens is een waar hy geleidelik ontwikkel en waar bepaalde groeiwette 'n belangrike rol speel.

Die onvolwassene word nie net na die liggaam ryp nie, maar geestelik ondergaan hy ook 'n groeiproses wat voortduur lank nadat liggaamlike rypheid bereik is.

Die kind deurloop verskillende ontwikkelingsstadia, elkeen met sy eie behoeftes, probleme en moontlikhede. Hierdie stadia kan nie duidelik afgebaken word nie en kan ook nie in tydperke verdeel word nie. Alle kinders is nie op dieselfde ouderdom ryp vir dieselfde beïnvloeding nie en dit geld vir godsdienstige, sedelike, sosiale en intellektuele vorming. Die leerstof moet in ooreenstemming gebring word met hierdie beginsel want dit is skadelik en tydverkwistend om leerstof aan te bied alvorens die kind dit nie met insig kan aanleer nie. Dit is daarom noodsaaklik dat die stof by die stadium van die middelbare skoolkind se ontwikkeling sal pas.

(e) Die Aktiwiteitsbeginsel:

Die kind het nie net op liggaamlike gebied 'n behoefte aan beweging en aksie nie, maar ook op geestelike gebied is daar by hom die behoefte om dinge te ervaar en te ondersoek.

Volgens hierdie beginsel moet die leerstof so gekies word dat die kind in der waarheid sal wil meewerk. Die kind moet daardeur ervaar en in sy ervaring kom die kind voor probleme te staan waardeur hy sy intellek moet gebruik. Hierdeur word sy denkvermoë ontwikkel wat hom in staat stel om soortgelyke probleme aan te pak.

(f) Die Outoriteitsbeginsel:

By alle opvoeding bestaan daar 'n verhouding tussen die opvoeder aan die een kant en die opvoedeling aan die ander kant. Sonder hierdie verhouding is opvoeding nie moontlik nie. Die opvoeder is gesagsdraend en -handhawend, ter-

wyl die opvoeding gesagsonderhorig is.

Die leerstof moet dan so gekies word dat hierdie outoriteitsbeginsel gestimuleer word in die sin dat die opvoeding aanvanklik gesagsonderhorig is en geleidelik deur die opvoeder gelei word sodat hy uiteindelik gesagshandhawend kan wees. As opgevoede mens moet hy gehoorsaam wees aan die gesag van sy gewete. Dus moet die leerstof bydra dat die gesag, wat eers uiterlik toegepas is, nou oorgaan in innerlike gesag.

(g) Die Vryheidsbeginsel:

Die opvoedingsproses moet die kind geleidelik daartoe bring om al meer verantwoordelikheid vir sy handeling te aanvaar. Daar kan alleen van verantwoordelikheid sprake wees indien daar vryheid van handeling bestaan. Daarom is dit noodsaaklik dat die leerstofkeuse so sal wees dat dit voorsiening sal maak dat daar 'n geleidelike toekenning van vryheid aan die kind sal wees. Die tempo waarin hierdie vrymaking sal geskied, sal afhang van die tempo van verantwoordelikheid. Namate die kind se innerlike gesag groei, na dié mate sal sy vryheid ook toeneem.

4. Samevatting:

Uit bostaande blyk dit dan dat 'n leergang van Noord-Sotho die volgende moet behels:

- (a) Die doelstellings van die onderrig van 'n Bantoetaal moet vervat wees in die leergang. Dit moet nie net die klem laat val op die aanleer van die taal nie, maar dit moet die kind wyer aktiveer sodat hy ook belangstelling sal toon vir dinge wat hy nie in die skool leer in verband met die Bantoe nie.
- (b) Dit moet die filosofiese in aanmerking neem en daarom moet dit in ooreenstemming wees met 'n eie lewens- en wêreldbe-

skouing.

- (c) Dit moet dan noodwendig opgestel word volgens die aanvaarde doelstellings en beginsels van die algemene opvoeding.
- (d) Die leergang is 'n onderdeel van die leerplan van die middelbare skool en daarom moet dit in ooreenstemming wees met die doel van die middelbare skool. Die middelbare skool is die instituut wat deur die gemeenskap daar gestel is sodat die kind opgelei kan word om die gemeenskap van beter diens te wees.
- (e) Die middelbare skool het te doen met die kind in sy adolescentie jare en daarom moet die leergang die psigologiese kenmerke van die kind in aanmerking neem. Die vermoëns en behoeftes van die kind moet in oënskou geneem word sodat die leerstof vir hom van waarde sal wees.
- (f) Die sosiologies-kulturele struktuur van die gemeenskap moet by die opstelling van die leergang in aanmerking geneem word sodat die onderrig nuttig sal wees en sal voldoen aan die eise wat die gemeenskap stel.
- (g) Dit moet aanpas by die pedagogiese vereistes wat aan 'n vreemde taal gestel word. Dit moet die elemente van taal bevat naamlik om die kind te leer om te luister, praat, lees en skryf. Dit moet voorsiening maak vir selfwerkzaamheid, toepassing van verskillende metodes, oordrag van oefening en korrelasie met ander vakke.

HOOFSTUK V

'n Histories-kritiese beskouing van die leergange van Noord-Sotho
in die Transvaalse Middelbare Skole. (1940-1958).

A. Die Huidige Transvaalse leergang in Noord-Sotho.

Toe die Transvaalse Onderwysdepartement in 1940 besluit het om Bantoetale as skoolvak in die middelbare skool in te voer, het hulle daarop gewys dat daar nie leergange bestaan nie en dat gebruik gemaak moet word van die leergange van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Daar is egter beloof dat daar so gou moontlik leergange beskikbaar gestel sou word.¹⁾

Voorlopig moes daar gewerk word op die eksamenvereistes van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad naamlik:

Afdeling A.

Vrae oor buigingsleer en eenvormige sintaksis wat gebaseer kan word op die voorgeskrewe werk. (75)

Afdeling B.

Vertaling uit en in 'n offisiële taal van 'n eenvoudige prosastuk. (75)

Afdeling C.

Vrae oor die taal en inhoud van die voorgeskrewe boeke. (75)

Afdeling D.

Stylleer (opstel, verhaal, samespraak, brief van naastenby een tot anderhalwe bladsy) (75)

Soos dit blyk uit bogenoemde is dit nie 'n leergang wat voorgeskryf is nie, maar is dit bloot 'n aanduiding van wat verwag word wat leerlinge moet ken en waaruit die matrikulasie-

1. T.O.D., Omsendbrief nr. 31 van 1940.

eksamen in die vak sal bestaan.

Later in 1940 het die departementele leerplan vir Bantoe-tale die lig gesien. ¹⁾ Dit was in twee afdelings naamlik 'n hoër en 'n laer graad. Die laer graad-leergang was bedoel vir Blanke leerlinge wat die vak wou aanbied vir die matrikulasie-eksamen. ²⁾

Hierdie eerste leergang kan beskou word as die hoeksteen waarop die onderrig van die Bantoe-taal in Blanke skole in Transvaal, gebou is.

Dit bestaan hoofsaaklik uit 'n uiteensetting van wat van die leerlinge verwag word. Leerkragte word aangeraai om leerlinge aan te moedig om direk van die Bantoe te leer waar moontlik.

Die onderrig van formele grammatika word nie aangemoedig nie en die noodsaaklikheid van die bemeestering van die skakelstelsel, wat ten grondslag lê van die taal, word bepleit. Skriftelike oefeninge moet die uitvloeiende van spreeklesse wees waarin die klasse van die selfstandige naamwoord, binne die bestek van die kind se alledaagse ervaring, gebruik word.

Om die kind se oor aan die klankharmonie gewoon te maak, moet die skakel met die betrokke naamwoordelike voorvoegsel in verband gebring word. Net die teenwoordige tyd moet in sinne gebruik word. In hierdie kursus word ook net die ses grondtipe van die aantonnende wys sowel as die gewone vorme van die gebiedende wys aanbeveel. Intonasie moet meer deur voorbeeld en oefening as deur voorskrif geleer word.

Afgesien van bostaande verwag die Departement ook 'n elementêre inleiding tot die letterkunde van die taal en 'n redelike mate van vaardigheid in die ortografie.

1. T.O.D., Omsendbrief, Deel IV, nr. 4, Junie 1940, p. 64.
2. Sien bylaag III.

Wat stel- en mondelinge werk betref, moet dit getuig van 'n redelike mate van vordering. Wat die skriftelike werk betref, vereis die Departement ongeveer dieselfde peil van werk as dié van 'n Europese derde taal.

In die handboek van die Transvaalse eindsertifikaat van die Middelbare skool, wat in 1945 gepubliseer is, gee die Departement die vereistes waaraan leerlinge moet voldoen as hulle in 'n Bantoetaal eksamens wil aflê.¹⁾

Basies bly dit nog dieselfde as die voorskrifte van 1940. In die nota onderaan word daar duidelikheid gegee in verband met gebruik van die ortografie.

Die jongste leergang wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement opgestel is, is in 1958 deur middel van 'n omsendbrief aan die hoofde van skole gestuur en hierin is die hoofde asvolg in kennis gestel: „Die leergange vir standerds IX en X op bladsy 62 van die Handboek van leerplanne vir die Middelbare skool word hiermee ingetrek en deur die volgende hersiene leergang vervang.”

„Die eerste eksamen op hierdie leergang, voorgeskryf deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vir Bantoetale in die Laergraad sal gedurende November/Desember afgeneem word.”²⁾

Die leergang is woordeliks dieselfde as die een van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad³⁾ en dit bestaan ook net uit voorskrifte vir die eindeksamen.

In hierdie voorskrifte word daar egter meer inligting verskaf van wat verwag word. Die eksamens sou nou uit twee vraestelle bestaan.

-
1. T.O.D., Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare skool, handboek, 1945 p. 37. (bylaag IV).
 2. T.O.D. omsendbrief nr. 42 van 1958. (bylaag V).
 3. G.M.R. Handboek vir die Matrikulasië-eksamen, 1957.

Verder word hierin vir die eerste keer melding gemaak van die afneem van mondeling vir die eksamen en wel dat dit 50 punte sal tel. Die toekenning van punte vir mondeling by die eindeksamen, sou die uitwerking hê dat leerkragte spesifiek hieraan aandag moet wy. Die wye veld in verband met idioome word ook nou afgebaken deurdat algemeen bekende idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde wat in die voorgeskrewe boeke voorkom, veral aandag moet geniet.

Wat die letterkunde betref, word daar vermeld dat leerlinge kennis moet dra van die inhoud van die voorgeskrewe boeke en dat daar ook vrae sal wees betreffende die styl, maar geen vrae oor grammatiese ontleding nie.

In afdeling D word die grammatiese vereistes gestel en dit is baie meer omskrywend as in die vorige leergang.

Samevatting:

Soos blyk uit die leergange en eksamenvoorskrifte van die afgelope 28 jaar is daar geen radikale verandering gemaak aan die leergange vir Bantoetale nie en is dieselfde basiese leergang nog altyd in gebruik.

B. Toetsing van die Noord-Sotho leergang ten opsigte van inhoud en die rangskikking van die inhoud:

In hoofstuk IV is daar nagegaan en aangetoon aan watter vereistes 'n leergang vir Noord-Sotho moet voldoen. Vervolgens sal die bestaande leergang vir Noord-Sotho getoets word aan die vereistes soos volledig uiteengesit in die voorafgaande hoofstukke.

I. Die inhoud van die leergang moet voldoen aan 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing:

Die keuse van die inhoud moet so gekies word dat dit aan sekere doeleindes beantwoord. Soos reeds in hoofstuk III daarop gewys is, sal elke opvoeder opvoed volgens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. Die inhoud word geplooi sodat hy daarmee sy

doel kan bereik. Die leerstof in Noord-Sotho bevat vanweë sy besondere aard nie onderwerpe wat spesifiek aan een of ander lewens- en wêreldbeskouing gekoppel kan word nie. Ook wat die huidige leergang betref word daar nie melding gemaak dat die leerstof aan gebied moet word volgens die Christelik-Protestantse lewens- en wêreldbeskouing nie.

Dit is 'n leemte dat daar nie melding gemaak word in 'n inleiding dat die Christelik-Protestantse lewens- en wêreldbeskouing deur die inhoud, en die vertolking van die inhoud deur die onderwyser, weergegee moet word nie. Uit ondervinding is geleer dat waar ons onderwys in die Transvaal geskoel is op 'n Christelik-Nasionale grondslag, baie gedoen word wat die Nasionale betref, maar dat die Christelike sy in 'n groot mate nie tot sy reg kom nie. Hierdie aspek behoort sterk beklemtoon te word in die inleiding van so 'n leergang.

2. Die Inhoud van die Leergang moet voldoen aan die doelstellings van die Algemene Opvoeding:

1)

Soos reeds gekonstateer vorm die doelstellings van die algemene opvoeding 'n belangrike deel by die samestelling van 'n leergang. Dit is daarom baie noodsaaklik dat wanneer 'n leergang opgestel word die beginsels van die algemene opvoedkunde wel deeglik in aanmerking kom.

In die huidige leergang vir Noord-Sotho van die Transvaalse Middelbare skool word daar nie melding gemaak van die algemene opvoedkundige doelstellings nie. Dit is beslis 'n groot leemte want „... die opvoeder moet presies weet wat die doel of doeleindes - sowel die onmiddellike en die verderliggende doelstellings as die einddoel - is waarop hy mik. Want dit is die doel wat rigting, in-

houd en vorm aan sy opvoeding as werksaamheid gee en in die breë ook die middele help bepaal". 1)

(a) Die Uiteindelike Doelstelling:

Wat die inhoud van die huidige leergang betref, is die leerstof van so 'n aard dat die kind daartoe kan kom om die Here te vrees, die goeie te doen en die vrede na te jaag. Die letterkundeaspek. in die leergang bied ruim voorsiening daarvoor want daaruit kan geleer word dat die mens geskape is om Hom te vrees en die goeie te doen. Ook wat die ander aspekte betref soos taalstudie, mondeling en stelwerk is daar genoegsaam geleentheid om die kind op die uiteindelike doel van die lewe te rig.

(b) Die Verwyderde Doelstellings:

(i) 'n Ander vraag is of die leergang in Noord-Sotho gebaseer is op die etiese, sedelike en estetiese beginsels? Met ander woorde, is daar leerstof in vervat wat daarop gerig is om die kind te help om besluite en oordele te vel; is daar leerstof in vervat wat hom respek vir die waarheid sal aanleer, wat hom ambisie sal gee en wat aan hom respek sal laat ontwikkel vir die eer van andere en vir sy eie; is daar leerstof in die leergang vervat wat die skoonheidsgevoel in hom kan stimuleer?

Omdat taalonderrig alle aspekte van die mens se lewe beheers, kan die leerling deur middel van die letterkunde, die taalstudie, die gesproke woord en die geskrewe woord gelei word om esteties, sedelik en eties gevorm te word.

(c) Nabysynde doelstellings:

Omdat die leergang van Noord-Sotho 'n onderdeel uitmaak van die leerplan van die Middelbare skool is dit noodwendig dat dit moet voldoen aan die vereistes van die doel

van die Middelbare skool. Verder vorm dit een van die ry van vreemde tale wat in die middelbare skool as keusevak aangebied word. Daarom is dit noodsaaklik dat die inhoud so gekies moet word dat hierdie doelstellings bereik kan word.¹⁾

Die huidige leergang se inhoud voldoen daaraan maar die leemte is weer eens dat die doelstellings met die onderrig van die vak verswyg word. Elke onderwyser wat die vak doseer, formuleer nou eie nabysynde doeleindes en dit kan afbreek doen aan die uniformiteit van die onderrig van die vak.

In die leergang behoort daar baie duidelik gestel te word wat die nabysynde doelstelling is met elkeen van die vier bostaande elemente van die taalonderrig naamlik luister, praat, lees en skryf.

3. Die inhoud moet aan die psigologiese vereistes voldoen.

Dit kan as volg ontleed word:

(a) Die huidige leergang vir Noord-Sotho bevat baie stof, wat binne die bevatlikheidsfeer van die adolessent lê en as die stof georden word, sal die kind stapsgewys geleel kan word tot genoegsame kennis van dit wat hy eendag sal nodig hê. Die skool se funksie is immers, onder meer, om te help dat die kind dié basiese kennis (ook in die onderskeie vakke) sal verwerf en dié fundamentele vaardighede sal aanleer wat hy vir sy lewenswerk of beroep nodig sal hê.²⁾

(b) Stimulering van die groeiende intellek:

Soos reeds in hoofstuk 4 aangetoon is, moet die leergang die groeiende intellek stimuleer en moet die inhoud meehelp om verstandelike ontwikkeling in die hand te werk.³⁾ In die

1. Vir hierdie doeleindes sien hoofstuk III 2 en 3.
2. Gunter, op. cit., p. 340.
3. Vgl. paragraaf 2 d, p. 11.

huidige leergang is daar baie stof wat in hierdie behoefte voorsien veral by die verskillende grammatiese konstruksies en by die denke wat saamgaan wanneer die taal gebruik word in die stelwerk.

- (c) Die inhoud moet dien as prikkel vir die kind se drang na kennis.

In die puberteitsjare tree die drang na kennis by die kind sterk op die voorgrond. As hy in die hoërskool kom, dan sien hy uit na die nuwe velde van studie. Die inhoud van die leerstof moet dan so gerangskik wees dat dit sal dien om hom aan te spoor om daardie studieveld te betree en baas te raak.

Die leergang in sy huidige vorm laat die ordening en rangskikking daarvan totaal in die hande van die onderwyser. Dit is 'n leemte dat die leerstof van die Noord-Sotho-leergang nie uiteengesit is vir die onderwyser nie - veral sal die jong onderwyser in die opsigprobleme ondervind. Dit kan weer maklik daartoe lei dat die leerling oorlaai word met werk wat hom moedeloos en gefrustreerd kan laat.

- (d) Die leerstof moet die belangstelling wek.

In die bestaande Noord-Sotho leergang is daar 'n ryke verskeidenheid stof wat die puber se belangstelling kan gaande maak indien dit op die regte wyse aangebied word. Soos reeds in hoofstuk 4 gemeld is, kan die kind op hierdie stadium van sy ontwikkeling nie meer hoofsaaklik deur outoriteit beheer word nie. Dit is dan 'n vereiste dat die leerstof van so 'n aard sal wees dat dit selfdissipline in die hand sal werk.

Weer eens kan hier gewys word op die letterkunde waarin die leerling hom kan verdiep. Die taalkunde, wat

heeltemal afwyk van die van die Europese tale, is ook 'n groot bron waaruit geput kan word om sy belangstelling gaande te hou. 'n Ander aspek wat vir die kind groot bekoring inhou, is die gewoontes en leefwyse van die Bantoe.

(e) Die inhoud moet selfekspresie en redenasie stimuleer.

Die inhoud van die Noord-Sotho leergang is van so 'n aard dat dit die kind prikkel tot selfdenke. In die taalstudie is daar genoegsame geleentheid daartoe as dit reg aangebied word. Verder kry die kind baie geleentheid tot selfekspresie en redenasie beide wat die stelwerk en die taalstudie betref.

(f) Die inhoud moet in die emosionele behoeftes voorsien:

Die huidige leergang voorsien uiteraard aan hierdie behoefte van die adolessent want hy kan 'n gevoel van tevredenheid en selfstandigheid kweek deurdat hy genoegsame geleentheid kry om deur middel van die geskrewe en gesproke woord te skep. Dit gee dan aan hom die gevoel van selfstandigheid, wat in hierdie stadium van sy lewe onontbeerlik is. Dit maak van hom 'n gebalanseerde mens omdat hy ook gedurende hierdie lewensfase tydperke van groot onsekerheid, onrus en selfgeringskatting deurga¹⁾aan.

(g) Die leerstofinhoud moet voldoen aan die Nasionale eis.

Omdat die kind 'n toenemende belangstelling toon in die nasionale, is dit noodsaaklik dat die leergang ook hierin vir hom bevrediging sal gee. Deur die studie van die taal en die volkekundige aspek van die Noord-Sotho sal dit hom lei, as dit reg aangebied word, na 'n groter waardering van sy eie en na 'n groter respek vir dit wat eie is aan ander volke en

1. Bordewijk, op. cit., p. 112.

kulture. Die Noord-Sotho leergang voorsien ook in 'n ryke verskeidenheid wat dit betref. Deur aan hom die pligte en regte van die vreemde volk voor te hou sien hy ook sy pligte en regte as toekomstige burger van sy eie volk.

4. Die inhoud moet gekies word dat dit sal aanpas by die Sosiologies-kulturele vereistes van die samelewing.

Die huidige leergang is van so 'n aard dat dit die kind help om, as hy die skool verlaat, geïntegreer te raak in 'n veel-rassige milieu. Die Bantoe vorm die oorgrote meerderheid van die land se bevolking. Deur die inhoud kan hy geleë word om in hierdie samelewing sy plek in te neem waar wedersydse respek vir mekaar se taal en kultuur die hoeksteen is vir vreedsame naasbestaan.

5. Die inhoud moet voldoen aan die vereistes wat aan 'n vreemde taal gestel word:

As die vereistes soos vervat in die vorige hoofstuk in oënskou geneem word, blyk dit baie duidelik dat die huidige leergang, wat die uiteensetting betref, ver te kort skiet. Dit is noodsaaklik dat die onderwysinstansies aan elke leerkrag 'n leergang moet voorsien waarin die doelstellings vervat is en waarin die leergang sistematies uiteengesit is. Met die veel groter eise wat vandag aan die onderwyser gestel word het hy al sy aandag nodig vir die onderrig van die vak. Soos dit nou staan moet 'n onderwyser baie van sy tyd bestee om self 'n leergang op te stel. Hierdie onnodige tydbesteding kan uitgeskakel word as daar in elke vak 'n leergang beskikbaar gestel word - ook in Noord-Sotho.

In die huidige leergang is die inhoud nie wetenskaplik gerangskik nie en daar word ook nie duidelike doelstellings deur die Departement voorgeskryf nie.¹⁾ Dit is die belangrikste leemte

1. Sien bylae III, IV en V.

In die huidige leergang.

6. Algemeen:

Verder is opgemerk die gebrek aan vermoë om altyd die doel en aard van sekere aspekte van die werk behoorlik te begryp, met die gevolg dat daar geen tydsindeling gegee word nie. Dit kan maklik tot die afskeping of oorbeklemtoning van een of ander van die aspekte lei. Geen wenke in verband met metodes word gegee nie. Dit is noodsaaklik in 'n leergang dat die metodes wat aangewend kan word, in breë trekke gemeld word.

In die lig van kriteria van leergangsamestelling in die algemeen, die menings van gesaghebbendes op hierdie gebied en die kritiese ontleding is dit nou aangewese om die vereistes vir die inhoud van 'n leergang in Noord-Sotho te formuleer, wat in aanmerking geneem is by die samestelling van die voorgestelde leergang in hoofstuk VI.

C. Formulering van Vereistes vir die samestelling van 'n eie voorgestelde leergang vir Noord-Sotho.

(a) Die Inhoud moet voldoen aan 'n Christelik-Protestantse lewens- en wêreldbeskouing. Soos reeds hierbo vermeld moet dit as inleiding by die leergang vermeld word.

(b) Die inhoud van die leergang moet in ooreenstemming wees met die vereistes van die algemene opvoedkunde. In besonderhede kom dit hierop neer:

1. Nabysynse Doelstellings:

(i) Dit moet die elemente van taal bevat naamlik om die kind te leer om te luister, te praat, te lees en te skryf.

(ii) Die kind moet selfwerksaamheid aanleer.

(iii) Die leerling moet na voltooiing van die kursus 'n redelike begrip hê van die Noord-Sotho se kultuur.

- (iv) Die leerling moet na afloop van die kursus in staat wees om vreemde situasies op 'n intelligente wyse te benader.
- (v) Hy moet teen die einde toegang hê tot die lektuur van die Bantoe.
- (vi) Deur die taalonderrig moet sy denkgewoontes ontwikkel wees en dit moet bygedra het tot sy geestelike ontwikkeling.
- (vii) Deur die onderrig moet hy kom tot waardering van goeie letterkunde.
- (viii) Die onderrig moet vir hom van praktiese waarde wees by die luister, praat, lees en skryf van die taal.

2. Verwyderde Doelstellings:

Deur die inhoud moet die etiese en estetiese ontwikkeling van die opvoeding bevorder word.

3. Die Uiteindelike Doelstelling:

Hoewel die leerstof nie altyd godsdienstige elemente bevat nie, moet die kind daardeur gebring word tot die verheerliking van God. In die doelstellings vir die leergang moet dit onomwonde gestel word.

- (c) Die Leergang vir Noord-Sotho moet inpas by die doeleindes van die Middelbare skool. Afgesien van bogenoemde moet dit verder help om (i) die leerling voor te berei vir hoër onderwys;
 - (ii) die leerling te help om in te pas by 'n veelrassige samelewing en
 - (iii) dit moet meehelp om hom daardie basiese kennis te verskaf wat hom 'n produktiewe lid van die gemeenskap sal maak wanneer hy die skool verlaat.

(d) Die inhoud van die leergang wat die psigologiese kenmerke van die adolessent in aanmerking neem soos:

- (i) Bevatlikheidsvermoë.
- (ii) Stimulering van die ontwikkelende intelligensie.
- (iii) Bevrediging van die kennisdrang.
- (iv) Prikkeling van die belangstelling.
- (v) Voorsiening in die behoefte tot selfekspresie en redenasie.
- (vi) Bevrediging van die skeppingsdrang.
- (vii) Bewaring van die geestelike balans van die adolessent.
- (viii) Bevrediging van die selfstandigheidsgevoel.
- (ix) Bevrediging van die skoonheidsdrang.
- (x) Leiding tot volwaardige burgerskap.

(e) Die inhoud van die leerstof moet die sosiaal-kulturele eise eerbiedig.

(f) Die inhoud moet die nasionale kriteria ook bevorder.

D. Met in agneming van wat hierbo en in die vorige hoofstukke gedoen is, sal getrag word om in die volgende hoofstuk 'n leergang saam te stel wat aan die praktiese, opvoedkundige en filosofiese behoeftes sal voldoen.

HOOFSTUK VI.

'n Voorgestelde Leergang vir Standerds VII tot X vir die
Transvaalse Middelbare Skool.

I. Doelstellings:

A. Algemene Doelstellings.

(a) Nabysynde Doelstellings:

1. Om algemeenvormende onderrig te bevorder omdat die mens in 'n samelewing tussen mense woon.
2. Om die leerling by skoolverlating in staat te stel om 'n betrekking te beklee waar hy gebruik kan maak van dit wat hy in die vak geleer het.
3. Om 'n fondament te lê waarop verdere vordering gebaseer kan word, hetsy aan 'n universiteit of in die praktyk.
4. Om 'n beter begrip te hê van die kultuur van die Sepedi. Hierby moet ingesluit word die kennis van hul instellings en 'n beter begrip van hul leefwyse en tradisies.
5. Aan die einde van die kursus moet leerlinge in staat wees uit boeke, artikels, koerante en tydskrifte (in Noord-Sotho) te kan lees.
6. Die leerlinge moet aan die einde van die kursus die vermoë besit om 'n eenvoudige gesprek te kan voer oor alledaagse dinge met die korrekte uitspraak.
7. Om die wisselwerking tussen die vier elemente van die onderrig te handhaaf naamlik luister, praat, lees en skryf met dien verstande dat aan die begin die klem al vorentoe val.

(b) Verwyderde Doelstelling:

1. Deur die onderrig moet die leerling gebring word tot 'n beter begrip en waardering van sy moedertaal. Die onder-

rig moet nie net geskied terwille van die taal nie, maar hy moet ook daaruit leer dat hy 'n lid is van 'n volk en dat daar naas sy eie ook ander volke is waaruit hy kan put vir die verryking en verruiming van sy gees.

2. Om die leerling waardering vir die skone te laat aankweek en om hom te help om oordele en besluite te vel wat in hom esteties, sedelike en eties sal opvoed met ander woorde om die kind se karakter te vorm.

(c) Uiteindelijke Doelstelling:

Die kind moet deur die aanbieding en die inhoud van die leerstof gebring word dat hy die Here moet vrees, die goeie moet doen en die vrede moet najaag. In ons veelrassige land is dit die hoeksteen van vreedsame naasbestaan en is dit essensieel.

B. Spesifieke Doelstellings.

1. By lees: (i) Om kennis in te win.

(ii) Om inhoud en kunsgevoel aan die leerlinge te bring en om die logiese gedagtegang van goeie skrywers na te volg. By stillees is dit vir die genot van die kind en om self kennis in te win.

By hierdie doelstelling, in die onderrig van Noord-Sotho, moet onthou word dat leerlinge in st. 7 en 8 nog baie onervare is in die taal. Leerlinge moet daarom aangemoedig word om van enige ander leesstof gebruik te maak wat 'n kennis van die Bantoe se kultuur en leefwyse sal verskaf. By hardoplees word beoog duidelikheid van uitspraak, goeie stembulging, ens.

(iii) Die ontwikkeling van letterkundige en estetiese waardering.

2. By Taalstudie: Die uitbouing van die algemene taalkennis,

Juiste beoefening van taalvorme en veelvuldige taaloefening (skriftelik en mondeling). Reëls speel 'n groot rol maar dit moet op die induktiewe wyse onderrig word met ander woorde die leerlinge moet gelei word om dit self te ontdek. Die leerlinge moet geprikkel word tot 'n intelligente belangstelling in die bou van die taal.

3. Spelling, woordeskat en leestekens:

Leerlinge moet gedurig aangemoedig word om reg te spel en leestekens oordeelkundig te gebruik. Die ortografie wat deur die T.O.D. voorgeskryf word, word gebruik.

Deur die uitbreiding van die woordeskat word die leerling se uitdrukkingsvermoë verhoog - hoe groter die woordeskat hoe makliker is sy gedagtegang.

4. Idiome en Idiofone:

Die Noord-Sotho-taal is 'ryk hieraan en as die leerling die idiofoon op sy regte plek kan gebruik verhoog dit die interessantheid van die taal. As die leerling aangemoedig word om die idioom te gebruik in sy stelwerk, kan hy 'n goeie styl aankweek.

5. Stelwerk:

Die doel hier moet wees om die gedagtes in Noord-Sotho te formuleer in goeie vol sinne sodat dit vir die leser verstaanbaar sal wees. Parafrases help ook om ander se gedagtes in eie woorde uit te druk. Direkte en indirekte rede moet ook beoefen word.

6. Mondeling:

- (a) Luister: Vir die verbetering van spraak is 'n ge oefende oor noodsaaklik. By die Bantoetaal is dit veral noodsaaklik want toon speel hier 'n baie belangrike rol. Die kind moet deurentyd geleer word om die nuanses in

die uitspraak van mense waar te neem. Woorde word in baie gevalle dieselfde gespel maar deur die uitspraak word daar verskillende betekenis aangeheg. Daarom is dit nodig dat daar doelgerigte onderrig in die vermoë om reg te luister, gegee moet word.

- (b) Spraak: Die onderwyser se eie spraak moet as voorbeeld kan dien want die leerling is in groot mate 'n nabootser van sy onderwyser. Die onderwyser moet dit sy taak maak om suiwer effektiewe spraak by elkeen van sy leerlinge aan te kweek. Verder moet hy probeer om die vermoë van die kind te ontwikkel om sy gedagtes volledig, duidelik en saaklik uit te druk, sowel as die ontwikkeling van sy denke, persoonlikheidsgevoel en 'n sin vir skoonheid.

Mondeling moet baie oefening kry en in die laer klasse is die vraag en antwoord baie belangrik. Alle skriftelike werk moet sonder uitsondering eers mondelings behandel word in die laer klasse. Die aspek mag in die hoër klasse nie afgeskeep word nie.

C. Metodes:

- (a) Die Induktiewe Metode:

Ten opsigte van die grammatika moet die onderwyser aanvanklik uitgaan van die induktiewe metode, met ander woorde die reëls moet afgelei word van die voorbeelde wat gegee word. Dit sluit nou aan by die patroonsin. Dus is die definisie of reël nie die uitgangspunt van die onderwys nie, maar die resultaat.

Die volgende stappe kan onderskei word by die induktiewe beredenering: waarneming, vergelyking, abstrahering en veralgemening. Die leerling lei die reël af deur waarneming en vergelyking van taalvorms en die onderwyser

moet hierin behulpsaam wees deur geskikte vrae te stel om die leerling daarheen te lei.

Die uitgangspunt bly natuurlik die taal wat deur die leerling, onderwyser en die handboek gebruik word. Die sukses van die toepassing van hierdie metode hang van die onderwyser af. Dit eis van hom grondige kennis en die bekwaamheid om die grammatika self uit die taal uit te bou en saam te stel. Binne die induktiewe metode is die sukses afhanklik van drill en oefening.

(b) Die Deduktiewe metode:

Met die metode word die reëls voorsien en hulle word dan in die taal toegepas hetsy in sinne of grammatikale konstruksies.

Alhoewel formele grammatika in die aanvangstadium van taalonderrig verwerp word, is dit soms nodig om van hierdie metode gebruik te maak en die beste resultate word verkry deur 'n wisselwerking van die twee metodes.

II. Wenke ten opsigte van aspekte van die Taalonderrig: ¹⁾

(a) Mondelinge werk en Uitspraak:

Omdat Noord-Sotho 'n lewende taal is en 'n taal is wat in die Blankegemeenskap gehoor en gepraat word, is dit van die uiterste belang dat hierdie aspek van die leergang voorop gestel sal word. Alle skriftelike werk moet aanvanklik mondeling gedoen word. Die leerling se oor moet deurgaans geoefen word om die vreemde klanke te hoor en hy moet ook geleer word om die tongval te bemeester.

Mondelinge onderrig moet gedurende al die stadia van taalonderrig geskied en daarom moet dit versigtig gegradeer en gekoördineer word met al die aspekte van die kursus soos lees, grammatika en alle ander skriftelike werk. Dit is wenslik dat aan die beginstadium al die skriftelike werk mon-

-
- I. Basson, M.A. Die onderrig van Afrikaans.
Venter, E.A. Moedertaalonderrig.
Jespersen, O. How to teach a foreign language.

deling gedoen moet word. Die stof moet altyd in ooreenstemming wees met die bevatlikheidsvermoë van die kind.

Die kultuur van die Bantoe leen hom uitstekend tot mondelinge werk en daaruit moet soveel moontlik geput word.

Die mondelinge werk wat in die kursus ingesluit word, moet as grondslag dien vir die kind om op voort te bou hetsy in gesprekke of in skriftelike uiting van gedagtes gedurende die skooljare en daarna. Dit is daarom dat die korrekte uitspraak van woorde en snedes van die allergrootste belang is. Die onderwyser moet dan ook 'n grondige kennis hê van die fonetiek om die leerlinge in die opsig te help. Die leerling moet van die begin af geleer word om sy oor te oefen en om die klanke reg uit te spreek. Die voorbeeld is van kardinale belang want die leerling is 'n goeie nabootser. Die leerling moet weet dat hy na die Bantoe kan gaan om sy uitspraak en gehoor te verbeter deur na hulle te luister. Die bandopnemer is ook in dié opsig van groot belang.

Hardoplees kan ook met vrug gebruik word om die leerling se uitspraak en gehoor te verbeter. Die gevaar bestaan egter dat leesonderrig kan verander in uitspraak oefeninge.

(b) Lees:

Leesbekwaamheid is naas praatbekwaamheid netso essensieel in die onderrig van die Bantoe taal. Die leesaktiwiteit moet daarom ook met oorleg gekies en aangepak word en die leesstof moet aanpas by die kind se bevatlikheidsvermoë op die verskillende stadia van sy vordering in die taal. Dit moet gaan oor onderwerpe wat reeds aan die leerling bekend is. Aanvanklik moet dit verband hou met die kultuur van die volk sodat die leerling 'n insae kan hê in daardie kultuur. Dit

skep dan 'n nuwe waardering by die kind vir daardie betrokke volk en dit sal hom interesseer.

Daar moet op die regte tydstip met formele leesonderrig begin word. Die leerling moet ryp wees daarvoor maar ook 'n behoefte daarvoor hê.

Daar bestaan egter 'n groot tekort aan leesstof vir die blanke kind in die Bantoetaal, veral aan die beginstadium van die onderrig. Die onderwyser is op homself aangewese om geskikte leesstof te lewer wat sal aanpas by die taalkennis van die leerling. Die onderwyser kan by die sekondêre stadium egter sy keuse maak van geskikte leesboeke wat in die Bantoelektuur bestaan. Hierdie boeke kan met vrug van st. 7¹⁾ af gebruik word.

In al die stadia van leesonderrig moet gelet word na die korrekte uitspraak, stembuiging en vlotheid. In al die stadia, maar veral in die aanvangstadium moet die inhoud van die gelese gedeelte deeglik met die leerlinge bespreek word sodat hulle die konstruksies verstaan. Die inhoud leen hom uitstekend om mondelinge werk te doen waar vrae en antwoorde uit die gelese gedeelte gedoen kan word.

Verder bied leesonderrig geleentheid om die grammatika uit te brei en moet dit bydra tot die uitbreiding van die leerling se woordeskat. Dit moet oefening aan die leerling gee in vrye vertaling. 'n Vereiste is dat die moedertaal in die vertalings suiwer gehou moet word. Waar daar letterlik vertaal word, moet die moedertaal ook suiwer wees.

Die leerling moet ook die geleentheid gebied word om vir die genot te lees met ander woorde stillees. Aanvanklik sal dit

1. Sien bylaag 1.

nodig wees om stukkies op te stel wat by die kind se ontwikkeling sal aanpas. Dit moet dus nie woorde en sinsnedes bevat wat die leerling nog nie mee vertrou is nie.

Indien die stillees in die klas geskied, moet die onderwyser afstuur op doelgerigte stilleestegnieke om aan te sluit by die stillees in die moedertaal. Op die volgende moet gelet word.

1. Verbreding van die oogspan ten einde sinsnedes of gedagte-eenhede te lees in plaas van woord vir woord.
2. Die vermoë om stil te lees en te begryp net op grond van die sien van sinsnedes sonder artikulasiebewegings of die innerlike hoor en uitspraak van woorde.
3. Vluglees met die oog op die soek na besondere inligting, vasstelling van hoofgedagtes en -feite of van die logiese gedagtegang.

Opsommend van die onmiddellike doel van die onderrig om leesbekwaamheid te bevorder is dan die volgende:

- (i) Deur die leesonderrig moet die leerling kennis opdoen van die kultuur van die volk;
 - (ii) Die leesonderrig moet die korrekte uitspraak, stembuigings en vlotheid bevorder.
 - (iii) Kennis van die grammatika moet uitgebrei word.
 - (iv) Die woordeskat moet uitgebrei word.
 - (v) Dit moet oefening bied aan die leerling om te vertaal - vrye en letterlike vertaling moet gedoen word met die behoud dat die moedertaal altyd suiwer gehou word.
 - (vi) Dit moet oefening bied in stillees met die oog op die bevordering van die verskillende stilleestegnieke.
-

(vii) Dit moet 'n hulpmiddel wees by die mondelinge werk en moet aanvullend wees tot die spreekoefeninge en spraakbekwaamheid.

(c) Woordeskat:

Sonder 'n woordeskat is dit nie moontlik om 'n taal te bemeester of te praat nie, en daarom is dit 'n baie belangrike aspek van vreemde taalonderrig.

Die aanleer van woorde moet nie 'n doellose versameling wees van geïsoleerde woorde nie. Dit moet stelselmatig uitvloeel uit die taal-, mondeling- en leeslesse. Soos wat die leerling in die taal vorder, moet ook sy woordeskat uitgebrei word.

Verskillende metodes kan aangewend word om die leerling se woordeskat uit te brei soos:

- (i) Opstel van woordelyste van verwante woorde wat in groepe saamgevat is byvoorbeeld wilde diere, woorde wat betrekking het op die kombuis, die plaas, ens.
- (ii) Die gebruik van prente om woorde aan te leer.
- (iii) Die byvoeging van woorde tot die leerling se woordelys deurdat hy hulle self klassifiseer en self die betekenis uitvind.

(d) Taalstudie:

Met behulp van Taalstudie word die eintlike doel van taalonderrig bereik, naamlik mondelinge en skriftelike uiting van gedagtes. Dit moet baie duidelik gestel word dat laasgenoemde nie bereik kan word deur die versameling van reëls nie, hoewel 'n deeglike kennis van die basiese elemente onmisbaar is. Grammatika moet nie 'n doel op sigself wees nie maar dit moet aanvullend en 'n hulpmiddel wees tot 'n beter begrip van die geskrewe en gesproke taal:

Die taalstof moet verdeel word in primêre en sekondêre stof. Eersgenoemde moet bestaan uit woorde, skakels en eenvoudige patroonsinne waar die samehang van onderwerp en voorwerp met hul partikels onderskei kan word. Sekondêre leerstof is langer samestellings van die primêre en uiteraard sal dit moeilike en breër in omvang wees as die primêre. Die primêre en sekondêre stof moet versigtig uitgesoek en gesistematiseer word sodat dit as grondslag kan dien waarop verder voortgebou kan word in skriftelike en mondelinge uiting van die taal.

(e) Stelwerk:

Die uitgangspunt by alle skriftelike werk moet wees dat dit eers mondeling behandel moet word. Die doel moet wees om die leerling te leer om sy gedagtes saaklik, presies, keurig en korrek te vertolk; met ander woorde al die oefeninge moet daarna strewe om die stelvermoë van die leerlinge te bevorder.

Die volgende elemente van die stelwerk, wat elkeen sy eie vereistes stel moet afsonderlik behandel word naamlik sinne, paragrawe, briewe en opstelle.

Eerstens moet die leerling die eienskappe van 'n goeie sin leer ken soos duidelikheid, presiesheid, nadruk, ens. Die eenheidsgedagte van die sin is belangrik en sake wat nie verband hou met mekaar nie, hoort nie in dieselfde sin nie. Die sin is 'n baie belangrike vooroefening vir die skryf van die paragraaf en die opstel.

Voordat met die paragraaf en die opstel begin word, moet die leerling 'n redelike beheer oor sy taal hê wat hy alleen kan verkry deur middel van die beoefening van die sin. Hy moet oor genoegsame woordeskat beskik om oor sekere voorafbeplande

onderwerpe te kan skryf. Dit is dan logies dat hy oor voldoende grammatikale konstruksies sal beskik wat hy ook in die paragraaf en in die opstel sal kan gebruik.

Die paragraaf is 'n gedeelte van 'n groter geheel. Dit behandel een gesigspunt van 'n reeks wat saam 'n groter geheel vorm. Een sentrale gedagte word in die paragraaf uitgewerk deur 'n aantal sinne. Die leerlinge moet ook beseef dat die paragraaf 'n eenheidsidee moet hê en dat daar ook verband tussen paragrawe moet wees.

Die paragraaf is die belangrikste onderdeel van die laaste groot eenheid naamlik die opstel. Dit is 'n groter samestelling, 'n breër uitbouing van die sin en soos reeds gesê, bevat dit slegs een kerngedagte. Dit bestaan uit een of meer sinne, enkelvoudig, saamgesteld, beknopt of ellipties. Daar moet op die kernidee, in die samestelling van die paragraaf gekonsentreer word en deur hierdie konsentrasie word ook die regte verhouding van die verskillende gedagtes tot mekaar bewaar en behou die paragraaf sy eenheid.

Die verskillende paragrawe in dieselfde opstel moet sekere pligte teenoor mekaar en teenoor die opstel nakom. Die een paragraaf moet op 'n natuurlike wyse na die volgende oorgaan. Daar bestaan vier soorte verbande tussen paragrawe naamlik.

- (i) teenstellend;
- (ii) Oorsaak - gevolg;
- (iii) Gevolg - oorsaak;
- (iv) Aaneenskakelend.

In die skryf van die sin, paragraaf, brief en die opstel moet die leerling sorg dat sy taal reg gebruik word, dit moet noukeuring versorg en hy moet die woordeskat wat hy opgebou het aktief gebruik. Omdat die Bantoe 'n sekere manier het om homself uit te druk is dit nodig dat die leerling daarvan sal

kennis neem en dat hy probeer om in die gees van die Bantoe-
idoom hom uit te druk deur gebruik te maak van die volgende:
attributiewe en predikatiewe byvoeglike naamwoorde, die re-
latiewe omskrywing, omskrywing deur die selfstandige naam-
woord, werkwoordskrywing deur die bywoord, die gebruikma-
king van idiome, idiofone en beeldspraak.

III. Leergang vir Standaard 7:

A. Taalstudie:

1. Die klasse van die Selfstandige Naamwoord naamlik.

Die Mo-Ba-klas

Die Mo-Me-klas

Die Se-Di-klas

Die Ne-Di-klas

Die Le-Ma-klas

Die Bo-Ma-klas

Die Go-klas.

Reeds by die behandeling van die eerste klas moet dit ver-
duidelik word deur middel van patroonsinne. Die induktiewe
metode moet hoofsaaklik gebruik word.

2. Die Onderwerpskakeel:

(i) Sonder voorwerp.

(ii) Met 'n voorwerp.

(iii) Sinne met meer as een onderwerp.

3. Die Kopula.

(a) Ké

Byvoorbeeld: Malome ké monna

Ké motho.

(b) Ontkenning van die kopula:

Byvoorbeeld: Malome gase monna

Ga se motho.

(c) Eienskapswoorde:

Byvoorbeeld: Monna ó bogale

Banna ba bogale.

4. Die Vraagwoorde:

(a) (Na) a of na

O a bona na?

(b) Eng of - ng (wat)

Ba dirang? of ba dira eng?

(c) Neng? (Wanneer)

Bana ba nwa mafsi neng?

(d) Kae? (Waar)

Modiri o aga ntlo kae?

(e) Bjang? (Hoe)

Moapel o apea bjang?

(f) - fe (Watter)

Banna bafe?

5. Besltaanduiding:

Die verskil tussen Noord-Sotho en die moedertaal

Byvoorbeeld Mosadi wa monna o mo.

Met die kopula.

Ngwana ke wa mosadi

Ga se wa mokgekolo.

6. Klankreëls:

Byvoorbeeld: Mob › mm, ensovoorts.

7. Die voorwerpskakels:

Mosemane o a se bona (sebata)

8. Die Persoonlike Voornaamwoord:

(a) Eerste persoon

(b) Tweede persoon

(c) Derde persoon

Byvoorbeeld: Ke a go bona.

Re a di rema dihlare

Ga le tsebe selo.

O a atseba.

Ke a mmona.

8.1 Klankreëls soos in bogenoemde sinne.

9. Die Lokatief:

(i) - ng.

Motse ›motseng

Lapa › lapeng.

(ii) By:

Go tate.

(iii) By die plek van:

Ga tate.

(iv) Plekname en ander:

Tshwane (te Pretoria).

Marega (in die winter)

(v) Met die bindvormelement:

Ba ka lapeng (Hulle is in die werf maar kan nie gesien word nie).

(vi) Die vae aanduiding van die lokatief.

O kwa gae (Hy is daar êrens by die huis).

(vii) Die gebruik van die onderwerpskakel en die lokatief sonder 'n werkwoord:

Ba gae (Hulle is by die huis).

Basadi ba kwa lapeng. (Die vrouens is daar êrens op die werf)

(viii) Gebruik by selfstandige voornaamwoorde:

Byvoorbeeld: Go yena (by hom).

10. Die Ontkenning in die teenwoordige tyd:

(i) Met 'n werkwoord:

Mošemane o bona tau.

Mošemane ga a bone tau

(ii) Sonder 'n werkwoord:

Basetsana ba mo.

Basetsana ga ba mo

Mokgalobje ga a mo

11. Die Demonstratief:

Die drie Instansies.

12. Die posisie van die Selfstandige Naamwoord in die sin:

(i) Weglating van die selfstandige naamwoord as onderwerp of as voorwerp.

(ii) Die gebruik van die selfstandige naamwoord as voorwerp saam met sy voorwerpskakel:

Mosetsana, banna ba a mo nyaka

13. Die Bevelvorm:

(i) Enkelvoud : Ruta! (Leer!)

Meervoud : Rutang! (Leer (julle)!)

(ii) By enkellettergrepige werkwoorde:

Enkelvoud : eja! etla!

Meervoud : (e)jang! ; etlang!

(iii) Die voorwerpskakel vóór die bevelvorm:

Mo rute! (Leer hom)

Ba rome! (Stuur hulle)

14. Die Bindvormelemente:

(i) Le (en, ook, met).

(ii) Ka (met, aangaande).

(iii) Ka mehla (altyd).

Ka kudu (baie erg).

Ka moswana (môre)

biale ka (netsoos).

15. Die Absolute Voornaamwoord:

(i) Gebruike.

(a) Om klem te lê: Monna, yena o nyaka noga.

(b) In die plek van die Selfstandige naamwoord:

O nyaka tšona (diruiwa)

(c) Saam met bindvormelemente:

Yena le nna

(d) Weglating van die uitgang - na.

16. Die Besitlike Voornaamwoordstamme:

(i) Eerste - tweede persoon en die ander klasse.

(ii) By die verwante groep naamlik.

Gešo (eerste persoon)

Geno (tweede persoon)

Gabo (Mošemane wa gabo (hulle familie se seun)).

(iii) Verkorte vorm by verwantskapsterme:

Byvoorbeeld: Tatago (Jou vader)

Mmagwe (Sy/haar moeder).

17. Die Toekomende tyd.

18. Die Bywoord:

(i) Afgeleide bywoorde - kenmerkende ga

Byvoorbeeld gagolo, gabotse.

(ii) Selfstandige naamwoorde as bywoorde:

Byvoorbeeld Lehono, mantšilboa.

(iii) Potensialis.

19. Ontkenning van die Toekomende tyd:

20. Die Be-verlede tyd:

(i) Die deelwoordmodus na Be.

Byvoorbeeld: O be a ya (Hy was besig om te eet)

(ii) Onderwerpskakel van die mensklas enkelvoud.

(iii) Omskrywing met Be

Byvoorbeeld: Monna yo a bego a babja (Die man
wat siek was).

21. Die Byvoeglike naamwoord:

(i) Omskrywing met die byvoeglike naamwoordstamme.
Byvoorbeeld: Monna yo mogolo.

(ii) Omskrywing met ander selfstandige naamwoorde:

Byvoorbeeld: Monna yó maatla.

(iii) Omskrywing met die besitskakeel:

Monna wa maatla.

(iv) Eerste vyf telwoorde en hul verkorte vorm:

Banna ba babedi.

Motho ó tee.

B. Mondelinge Werk:

Dit moet die basis vorm van alle aspekte wat in die taal be-
handel word. Omdat Noord-Sotho 'n lewende taal is, moet
hierdie afdeling van die werk in daardie gees benader en
onderrig word.

In die beginstadium moet baie tyd hieraan bestee word sodat
die leerling die woord en die voorwerp of handeling in lewende
verband met mekaar kan bring. In hierdie verband kan daar met
vrug gebruik gemaak word van G.H. Franz se boekie in die Maite-
kello-reeks naamlik „Phulamadibogo”. Wat hier van baie waarde
is, is die stel en beantwoording van vrae.

Die leerstof wat geleer moet word, moet vooraf deeglik beplan
word en met die aanbieding daarvan moet goeie en genoegsame
klank- en struktuur-voorbeelde gegee en ingeoefen word.

Volle aandag moet gegee word aan uitspraak van klanke, stem-
buiging en toon. Hierdie sy is 'n baie belangrike aspek van
die taal. Dit is ook noodsaaklik dat die oor gewoon gemaak
moet word aan die intonasie van die taal. Leerlinge moet

daarop gewys word hoe belangrik dit is en dat dit heeltemal verskil van Afrikaans. So byvoorbeeld kan die uitspraak van 'n woord die betekenis daarvan verander (tála teenoor talá).

Leerlinge moet aangemoedig word om die taal te gebruik met Bantoes met wie hulle in aanraking kom.

Verder kan daar die volgende gedoen word:

- (i) die gee van bevels en die uitvoering daarvan terwyl die leerling sê wat hy doen;
- (ii) patroonsinne wat die leerling moet leer en op die voorbeeld waarvan ander sinne self gebou kan word. Hierdie sinnetjies moet gegrond wees op die onmiddellike ervaringswêreld van die kind, byvoorbeeld: Die man skryf, Dit is my hand ek skryf daarmee; Gaan haal die stoel; ens.

Die mondelinge werk moet van so 'n aard wees dat dit as grondslag kan dien waarop die leerling self kan voortbou sodat hy teen die einde van die kursus op eenvoudige wyse uiting sal kan gee aan sy gedagtes.

Prente, flitskaarte, skryfbord en voorwerpe in die klas en daarbuite moet dikwels gebruik word om die leerling te help om die taal te praat.

C. Woordeskat:

Dit moet stelselmatig uitgebrei word en daar moet soveel moontlik probeer word om die woordeskat te aktiveer. Dit is sinloos dat leerlinge woorde aanleer wat hulle nie gebruik nie. Die uitbreiding van die woordeskat moet by elke aspek van die onderlig plaasvind, dit moet goed ingeskerp en gedriil word.

Verskillende maniere kan aangewend word om dit te doen, 'n belangrike vereiste is dat dit prakties gebruik moet word.

Lyste van verwante voorwerpe kan gegee word byvoorbeeld:

(i)

<u>Diphôôfôlô</u>		
<u>Meetseng</u>	<u>Gae</u>	<u>Nageng</u>
Hlapi	Pholo	Tau
Kwena	Poó	Phiri
Kubú	Kgomo	Phukubjie

(ii) Kombuisgereedskap:

Pitsa	Leho
Morifsana	Thipa
Morifsa	Sekotlelo
Kettlele	Komiki.

(iii) Name van liggaamsdele,

(iv) Windrigtings, Jaargetye, maande.

'n Belangrike eis wat in gedagte gehou moet word by die uitbreiding van die woordeskat is om die balans te probeer bewaar tussen die aktiewe en passiewe kennis. Die leerlinge moenie oorlaai word nie, maar daar moet netsoveel gegee word as wat die leerling op die verskillende stadia van hul onder-
rig kan assimileer.

D. Skriftelike werk:

(i) Dié afdeling van die werk moet in noue verband staan met die mondelinge werk en moet daarop gebaseer wees. Aan die begin moet die doel wees om die taal grammaties reg te skryf, om spelling te verbeter en om leestekens reg te gebruik.

(ii) Nadat daar 'n mate van vvaardigheid in bogenoemde bereik is, kan daar oorgegaan word tot die skryf van eenvoudige sinne wat gegrond is op die grammatika en moeilike mondelinge werk. Teen die einde van standaard sewe, moet leerlinge al in staat wees om 'n eenvoudige paragraaf te

skryf oor een of ander onderwerp uit sy onmiddellike ervaring. Die stelwerk moet altyd aanpas by die vordering van die kind.

- (iii) Vertalings in en uit Noord-Sotho wat aanpas by hul vordering op mondelinge en grammatikale gebied.
- (iv) Voltooiing van sinne in Noord-Sotho en invoeging van woorde en skakels.
- (v) Oorskrywe van sinne in ander tye wat behandel is.
- (vi) Beantwoording van eenvoudige begripstoetse wat in Noord-Sotho gestel is en wat in Afrikaans of in Noord-Sotho beantwoord moet word.

IV. Die Leergang vir Standaard Agt.

A. Taalstudie:

1. Deverbatiewe in die verskillende klasse.
2. Die wederkerige (resiprokale) werkwoordagtervoegsel.
 - (i) Konstruksie van die sin.
 - (ii) Die perfektum.
3. Die werkwoordagtervoegsel - êla.
 - (i) Dira › dirêla
Nyakela ka mō.
 - (ii) Gebruik van twee voorwerpe.
Byvoorbeeld: Mošemane o tlo mo nyakela dikgomo.
Tate o tlo ba rekela dithipa.
4. Die Werkwoordvoorvoegsel SA. (nog wees)

Byvoorbeeld: Ke sa phela
Ba sa robetse
Ba sa tlo bone.

 - (i) Ontkenning sonder die uitgang -e
Byvoorbeeld: Mokgekolo ga a sa bona selo
5. Klankverharding.
 - (i) By die dierklas.
 - (ii) By die voornaamwoorde.

6. Plekaanduidende Bywoorde en voorsetsels.

- (i) Fase, godimo, morago, ens,
(ii) Woorde onder (i) wat gebruik word met die beslitskakel
GA of bindvormelement LE as voorsetsels.

Byvoorbeeld: fase ga (onder)

Godimo ga (bokant)

Kgaufsi ga (naby)

Kgaufsi le (naby)

7. Die ontkenning van die Perfektum.

- (i) Vorming.

Byvoorbeeld: (a) Ngwana ga se a gola.

Lesogana ga se la bona

(b) Lesogana ga le a bona.

8. Gemeenskaplike Onderwerp - en voorwerpskakels:

- (i) Ba waar mense alleen van sprake is.

Byvoorbeeld: Mosadi le monna le lesogana ba a dula.

- (ii) Di waar alleen van diere sprake is.

Byvoorbeeld: Mmutla le tau ga di ratane.

- (iii) By enerse onderwerpe:

Gebruik van een skakel en die ander selfstandige naam-
woord saam met le na die werkwoord:

Monna o ya le dikgomo tôrôpong.

- (iv) Gebruik van die laaste selfstandige naamwoord se
skakel:

Monna le dikgomo di ya toropong.

- (v) As die onderwerp 'n mens en 'n dier saam is (sonder
voorwerp):

Monna o sepela le mpya.

- (vi) As die onderwerp 'n mens en 'n dier saam is (met 'n
voorwerp):

Monna o bona tau, le lonki e bona tau.

9. Die Refleksiefskakel en die Eerste persoon.

(i) Eerste persoon enkelvoud se voorwerpskakel:

n- of m- (voor p).

Byvoorbeeld: O a ntseba.

(ii) i- voor die werkwoordstam.

Byvoorbeeld: Ke a itseba (ek ken myself).

(iii) Klankverharding by die eerste persoon enkelvoud en die refleksiefskakel:

Byvoorbeeld O tlo mpona.

O tlo lpona.

10. Die Omskrywing met 'n werkwoord.

(i) Vorming.

(ii) Onderwerpskakel van die mensklas.

Byvoorbeeld: Mosadi ye a lemago o dira
tshemong.

(iii) Demonstratief van die infinitiefklas.

Byvoorbeeld: Ke go bapala mo go thabišago bana.

(iv) Die Demonstratief:

Byvoorbeeld: Dikgomo tsela di fulago.

(v) Weglating van die Selfstandige naamwoord.

Byvoorbeeld: Tše di fulago thabeng.

11. Die Verhalende tyd:

(a) Vorming.

(b) Die mensklas enkelvoud se onderwerpskakel.

12. Die Perfektum:

(i) Met -ile.

(ii) Met -dile.

(iii) Met woorde eindigende op -la.

(iv) Met woorde eindigende op -na en -ma.

(v) Met woorde eindigende op -tša en -nya.

(vi) Met woorde eindigende op -ditše.

13. Verdere Perfekta.

(I) Werkwoord met - ara agtervoegsel.

(II) Re > itse of rile.

ja > ile of jele

tsea > tsêre

(III) Ander enkellettergreplige werkwoorde.

14. Konsatiewe.

(I) Uitdrukking van help...; maak ...; laat ...;

Byvoorbeeld: Dirisa (help werk of laat werk).

(II) Werkwoorde met uitgang -na

Byvoorbeeld: Tsena > tsentsha of tsenya.

(III) Werkwoorde met uitgang - la.

Byvoorbeeld: Fela > fetsa of fedisa.

(IV) Werkwoorde met uitgang - ga.

Byvoorbeeld: Tloga > tloša.

(v) Ander

Byvoorbeeld: apara > apesa.

nwa > nosa, ens.

15. Telwoorde tot tien.

(I) Met werkwoorde, die omskrywing met die werkwoord.

naamlik: fetsa seatla

selela

supa

(II) Met selfstandige naamwoorde die omskrywing met die

selfstandige naamwoord naamlik

seswai

senyane

lesome.

(III) Verkorte telwyse.

(IV) Rangtelwoorde.

(v) Die weksdae.

(vi) Onverbonde telwoorde.

Byvoorbeeld: Motabe le senyane ke bokae (hoeveel is ses en nege?)

16. Uitdrukking van geslag.

17. Verkleinwoordvorming.

B. Mondelinge Werk:

Dieselfde stof wat in standerd sewe aangebied word, moet ook in standerd agt aangebied word, maar dit moet meer gevorderd wees sodat dit aanpas by die vordering van die leerling.

In standerd agt kan met vrug gebruik gemaak word van G.H. Franz se boekie „Matshelo”. Daaruit kan 'n hele reeks mondelinge oefeninge geneem word wat die mondelinge werk sal bevorder en vergemaklik.

Voordat 'n nuwe taalstudieles skriftelik aangepak word, moet dit eers mondeling gedoen word en sodra die nuwe stof op induktiewe wyse verduidelik is, sal dit die skriftelike werk aansienlik vergemaklik en veraangenaam.

Die spreekles moet die belangstelling gaande hou en dit moet beoefen word sodat die nodige vlotheid, vrymoedigheid en regte intonasie verkry is.

Spreeklesse moet aanpas by die praktyk wat handel oor alledaagse onderwerpe soos:

- (i) Die werk in die huis.
- (ii) Die werk op die werf.
- (iii) Die werk in die skool.
- (iv) Verhaaltjies.
- (v) Vrae en antwoorde wat binne die bestek van die kind se ervaring val.

- (vi) Die winkel.
- (vii) Oor diere.
- (viii) Begroeting.
- (ix) Die weergawe van sinne in behandelde tydforme.
- (x) Eers eenvoudige en later meer ingewikkelde sinne wat die bantoeidloom en segswyses bevat. Hierdie sinne kan gememoriseer word sodat die leerling hulle sy eie kan maak en in eie taalgebruik kan benut.
- (xi) Memorisering van name van dae, jaargetye, maande ens.
- (xii) Beantwoording van vrae deur middel van enkelvoudige sinne oor die inhoud van gelese boeke of stukke.

C. Woordeskat:

Ook in standerd agt, soos in die vorige standerd, moet daar doelgerig en stelselmatig te werk gegaan word om leerlinge 'n woordeskat te laat aanleer want geen taal kan behoorlik bemeester word met 'n gebrekkige woordeskat nie.

Die woorde wat in hierdie standerd aangeleer word moet om die "woordevelde" van standerd agt gebou word sodat breë aspekte van 'n veld gedek word. Die woorde moet egter weer eens van so aard wees dat die leerlinge genoegsaam geleentheid moet kry om hulle aktief te kan gebruik in skriftelike en mondelinge werk.

D. Skriftelike Stelwerk:

Soos reeds vermeld, moet die skriftelike stelwerk hoofsaaklik 'n toepassing wees van die mondelinge werk. In standerd agt kan daar reeds van leerlinge oorspronklike werk in hierdie verband verwag word en moet bestaan uit:

- (i) Paragrafe;
- (ii) Opstelle wat uit meer as twee paragrawe bestaan en tye insluit wat in standerd sewe en in A hierbo behandel is. Die inhoud van die opstelle moet verhalend en beskrywend van aard wees;

- (iii) Eenvoudige vriendskaplike briewe. Aandag moet veral aan die vorm van die brief gegee word;
- (iv) Inoefening en toepassing van die taalvorme in A hierbo;
- (v) Voltooiing van saamgestelde sinne en die oorskrywe daarvan in behandelde tye;
- (vi) Vertaling van stukke in Noord-Sotho wat by die peil van die leerling aanpas;
- (vii) Vertaling van stukke uit Noord-Sotho wat by die peil van die leerling aanpas;
- (viii) Skryf van eenvoudige samesprake.

E. Lees:

Hoe verder die jaar in standerd agt vorder, hoe 'n belangriker plek moet lees inneem. Die leesstof moet uitgesoek wees en dit moet:

- (i) Sin maak;
- (ii) interessant, lewendig wees en verskeidenheid bevat;
- (iii) die mees algemene inhoud van die taal bevat, dit wil sê die alledaagse materiaal;
- (iv) korrek wees;
- (v) geleidelik van maklik na moeilik gegradeer wees;
- (vi) aansluit by die kannis waaroor die kind in die taal beskik;
- (vii) volkekundige stof bevat wat die leerling interesseer;
- (viii) die leerling voorberei vir 'n diepergaande studie van die boek wat in standerd nege en tien op hom wag.

Leerlinge moet in standerd agt begin met 'n klasleesboek en dit moet aangevul word deur eenvoudige mondelinge oefeninge wat gebaseer is op die inhoud van die lees, met die doel om die aktiewe gebruik van die taal aan te help.

Teen die einde van die jaar kan daar ook gelet word op die taal en styl van die leesstukke en/of boekies. Gedeeltes uit die boek kan gelees word ter wille van die oefening in vertaling of taalstudie wat daaruit kan voortspruit. Een voorbehoud egter is dat die werk interessant moet bly en nie die leerling sal afskrik vir leeswerk nie.

Die hoofdoel bly egter nog om by die leerling 'n liefde vir lees te kweek om hom sodoende te laat lees vir die genot daarvan en om kennis in te win.

Boeke wat met vrug gebruik kan word is:

Matshelo deur G.H. Franz

Phokanoka, P. : Jeseфа, morwa wa Jakobo

Boerop, L.J. : Doea o ya Kgolegong.

Boerop en Ngoepe J.D.N. : Mafuta o ya Sekolong.

Cillie H. en Ngoepe : Babu Bêrê.

Cillie H. en Ngoepe : Morati wa Bana.

Cillie H. en Ngoepe : Josie le Sataro.

Cillie H. en Ngoepe : Kubiék kwena ya Meetse.

Vir verdere boeke sien bylaag I.

F. Idiome en Idiofone:

Soos vir standerd sewe maar moeiliker en meer, wat hoofsaaklik uit die leesboek/e geneem is.

G. Periode indeling:

Mondeling 2 periodes per week.

Lees 1 periode per week.

Taalstudie 1 periode per week.

Opstel 1 periode per week.

V. Die Leergang vir Standerds Nege en Tien:

In hierdie standerds moet daar voortgebou word op die vaste basis wat in die voorafgaande standerds gelê is. Die taalkennis van die leerling moet vinnig uitgebrei word deur groter vryhede aan leerlinge te bied ten opsigte van woordeskat en die gebruik van sin-konstruksies.

Die leerlinge wat die taal as vak neem, neem dit om verskeie redes. Die studie van die taal moet daarom steeds alle aspekte van die taal dek en kan daar dus nie een aspek meer beklemtoon word as 'n ander nie. Taalstudie mag byvoorbeeld nie voorrang geniet bo die praktiese gebruik van die taal nie.

Die volgende aspekte van die taal moet in hierdie standerds aandag kry:

A. Taalstudie:

Daar moet voortgegaan word met die induktiewe studie van die taalkonstruksies. Hierdie konstruksies, soos in die vorige standerds, moet ook in die spreektaal en ander skriftelike werk gebruik word. Dit moet 'n middel tot 'n doel wees en nooit as 'n doel op sigself beskou word nie.

1. Die afhanklike wyse:

(I) Die uitgang van die werkwoord.

Byvoorbeeld: Ba fihlê, ba dulê fase, ba je mphagô

(II) Die gebruik van die subjunktiewe wyse na bevelvorms.

Byvoorbeeld: Sepela o tliše mafsī.

Mmitšē gore a kwe.

2. Agtervoegsels by die werkwoord:

(I) -ela (vir, ter wille van).

(II) -ega (die "-lik" of "-baar" agtervoegsel).

(III) -aka (herhaling, aanhouding).

(IV) -fa (-fala) (om van ander rededele werkwoorde te maak).

(v) Ook die herhaling van reeds behandelde agtervoegsels.

3. Die Ontkenning met -se.

(i) By die bevelvorm.

Byvoorbeeld: se dire.

se direng

O se dire.

ba se se tlise.

(ii) By die infinitief:

Byvoorbeeld: Go se dire.

(iii) By die afhanklike wyse.

Byvoorbeeld: Gore a se dire.

4. Die Lydende Vorm:

(i) By een- en tweelettergrepige werkwoorde met die agtervoegsel -iwa.

Byvoorbeeld: fa › fiva.

rata › ratiwa.

(ii) By twee- en meerlettergrepige werkwoorde deur middel van die agtervoegsel -wa.

Byvoorbeeld: Rata › Ratwa.

Dula › Dulwa.

(iii) Die passief van werkwoordstamme eindigende op -ba, -pa, -fa en -ma.

(iv) Onreëlmatige passiewe by sommige eenlettergrepige werkwoordstamme.

(v) Die passief by perfektumstamme.

(vi) Passiewe werkwoorde gevolg deur die kopula ke.

5. Die Potensialis:

(i) Vorming.

(ii) Ontkenning.

6. Omskrywing met die potensialis:

- (i) Vorming.
- (ii) Ontkenning.

7. Verkleinwoordvorming:

- (i) Vorming.
- (ii) Selfstandige naamwoorde met slotvokaal -o of -u
- (iii) Selfstandige naamwoorde met slotvokaal -e of -i.
- (iv) Selfstandige naamwoorde met slotvokaal -e wat voorafgegaan word deur 'n ander vokaal.
- (v) Klankveranderings.
- (vi) Adjektiefstamme en die verkleinwoordagtervoegsel.

8. Negatiewe me -sa:

- (i) By die infinitiefklas.
Byvoorbeeld: Go sa dire.
- (ii) By die deelwoordmodus.
Byvoorbeeld: Ba sa dire.
- (iii) By die omskrywing met die werkwoord.
Byvoorbeeld: Ngwana yo a sa ilego o hwela tharing.

9. Die Kopula:

- (i) Die kopula en sy ontkenning by die indikatief.
- (ii) Die kopula en sy ontkenning by die deelwoord.
- (iii) Omskrywing.
- (iv) Die kopula wat op die be- verlede tyd volg.

10. Na le.

- (i) Gebruik by rededele wat soos selfstandige naamwoorde gebruik word.
- (ii) Gebruik voor woorde wat 'n selfstandige naamwoord bepaal.
- (iii) Gebruik saam met na le.
- (iv) Die ontkenning van na le.

(v) Die deelwoordvorm by na le.

(vi) Gebruik van na le by die onpersoonlike skakel „go”.

11. „Almal” en „Alleen”

(i) Die kwantatiewe stam - OHLE met eie skakels.

Byvoorbeeld: Modiro wohle.

Mediro yohle.

(ii) Alternatief ka moka:

Byvoorbeeld: Modiro ka moka (die hele werk).

(iii) Uitdrukking van „alleen” met die selfstandige naamwoord nnoši in die Indikatief en in die situatief.

Byvoorbeeld: Batho ba nnoši.

O nnoši.

Namane e ja ka nnoši.

12. „Al twee”, „Aldrie”, ens.

(i) Van twee tot vier.

Byvoorbeeld: Batho ka babedi.

(ii) Van vyf tot tien.

Byvoorbeeld: Banna ba bahlano.

(iii) Uitdrukking deur middel van die rangtelwoord en die besitskakel.

Byvoorbeeld: Bobedi bja bona.

13. „Een-een”, „twee-twee”, ens.

(i) Vorming.

(ii) Vorming by telwoorde wat selfstandige naamwoorde is.

Byvoorbeeld: Bana ba sepela ka seswai ka seswai.

(iii) Vorming by telwoorde wat werkwoorde is.

Byvoorbeeld: Masogana o tlo ja ka go selela ka go selela.

14. "Elkeen" en "saam".

(I) Elkeen:

(a) Vorming.

Byvoorbeeld: Mosadi yo mongwe le yo mongwe.

(II) Saam:

(a) Vorming:

Byvoorbeeld: Re dira gotee le bona.

15. Verdubbeling:

(i) Verdubbeling van selfstandige naamwoordstamme.

Byvoorbeeld: Mehutahuta.

(ii) Verdubbeling van werkwoordstamme:

Byvoorbeeld: Bitsabitša.

(iii) Verdubbeling by werkwoorde met meer as twee lettergrepe.

Byvoorbeeld: Bolabolela.

(iv) Verdubbeling van die adjektiefstamme:

Byvoorbeeld: Motho yo mogologolo.

16. Bywoordelike telwoorde: (gatee, gotee).

17. Telwyse na tien:

(i) Gebruik van die selfstandige naamwoord motšo en metšo

Byvoorbeeld: Lesome le metso ye e šupago.

18. Vergelykings:

(i) Deur middel van werkwoorde soos fetiša.

Byvoorbeeld: Monna ke o mogolo go fetiša mosadi.

(ii) Deur middel van die lokatief met GO.

Byvoorbeeld: Monna ke o mogolo go mosadi.

19. Die kopulatiewe Demonstratief:

20. Die Klankbeeld of Idiofoon:

21. Die Hulpwerkwoord:

- (i) Gevolg deur die infinitief.
- (ii) Gevolg deur die deelwoordmodus.
- (iii) Gevolg deur die afhanklike modus.
- (iv) Ontkennende vorms van die hulpwerkwoord HLWA.
- (v) Enkellettergrepige hulpwerkwoorde.
- (vi) Omskrywing met die hulpwerkwoord.

22. Die Hulpwerkwoord Ba:

- (a)
 - (i) By die indikatief.
 - (ii) By die situatief.
 - (iii) By die subjunktief.
 - (iv) By die potensialis.
 - (v) By die infinitief.
 - (vi) By die bevelvorm.
- (b)
 - (i) Die vorming van saamgestelde verlede tydsvorme, met Ba.
 - (ii) Ontkenning.

23. Die Indirekte Werkwoordskrywing:

24. Voegwoorde:

25. Die Deelwoord:

- (i) Handelinge wat gelyktydig plaasvind wat vertaal word met „terwyl” of „onderwyl”.
Byvoorbeeld: Ke ba hweditse ba bolela le mosadi.
- (ii) Na voegwoorde ge, mo, mohla (as, indien, wanneer, toe, aangesien).

Byvoorbeeld: Ge re lapile re nwa meetse.

(iii) Na „go reng?“ en „Keng?“

Go reng o re tshwenya?

(iv) By die omskrywing met die werkwoord.

(v) Onderwerpskakel van die mensklas enkelvoud.

(vi) Voorvoegsel e- by enkellettergrepige werkwoorde.

26. Saamgestelde tye (sou, wou, kon, moes).

27. Die wensvorm (optatief).

28. Plekaanduidende relatiewe.

Byvoorbeeld: Moo go rorago ditau.

(Daar waar die leeus brul).

B. Mondelinge werk:

Die ontvanklike en reproduserende mondelinge werk van die vorige standerds moet uitgebou word. Die werk moet weer eens aanpas by die ontwikkelings stadium van die leerling en die belangstelling moet behou word.

In hierdie stadium is daar noodwendig 'n verskuiving van die klem na meer skriftelike werk omdat die eksamen aan die einde van standerd tien meer skriftelik georiënteer is. Daar moet egter gepoog word om altyd die skriftelike werk vooraf te gaan met mondeling.

Daar moet ook gekonsentreer word om die uitspraak te sulwer en waar probleme en moeilikhede in die verband voorkom, moet daarop gekonsentreer word.

C. Woordeskat:

Die werk wat in die vorige standerds gedoen is, moet nou afgerond word. Daar moet voortgebou word op die algemene beginsels van spelling en klankleer. Die leerling moet aan die einde van die kursus 'n woordeskat opgebou hê sodat hy met gemak kan skryf en praat. Die leerling moet dan so aangemoedig word

om hulle woordeskat met ekstensiewe lees te verbreed.

D. Stelwerk:

Die opstelle, briewe en samesprake is hier die hoofdoel wat aangevul word met moeiliker en langer stukke vertalings uit en in Noord-Sotho. Die voorgeskrewe boek moet hier gebruik word om leerlinge vertrouwd te maak met die styl van verskillende skrywers en om die Noord-Sotho idioom, soos in die werke voorkom, tuis te bring.

Die taal en styl van leerlinge moet nou op 'n hoër peil wees as in die vorige standerds.

E. Letterkunde:

In hierdie standerds word nie net gelees terwille van die inhoud van die boek nie, maar ook om die omvang van die werk ten opsigte van kultuur te verbreed deur die bestudering van die werke. Verder vir letterkundige en estetiese waardering. Die boeke moet van so 'n aard wees dat dit die woordeskat en sinkonstruksie verder sal uitbou en om vlotheid en begrip van lees te bevorder.

F. Periode indeling:

Letterkunde : 2 periodes per week.

Taalstudie : 2 periodes per week.

Opstelwerk : 1 periode per week.

Vertalings : 1 periode per week.

Soos dit blyk uit bogenoemde indeling is daar nie voorsiening gemaak vir mondelinge werk nie, maar dit is 'n belangrike vereiste dat daar by elkeen van die aspekte van die werk gebruik gemaak sal word van mondelinge werk. Daar is genoegsame geleentheid by al die aspekte om dit eers mondeling te behandel of sake te bespreek. Leerlinge sal op hierdie manier deeglike

oefening kry in die praktiese beoefening van die taal in die klaskamer.

As die leerling hierdie kursus deurloop het, behoort hy 'n goeie fondament in die taal te besit om verder self sy kennis, teoreties en prakties, uit te brei om daardeur in die ryke gebied van die Noord-Sothotaal 'n deel te hê.

BYLAAG I I.

Die volgende is 'n reeks leesboeke wat met vrug gebruik kan word in die verskillende standers. Sommige van die boeke is egter moeilik maar met die hulp van die onderwyser kan hulle met vrug bestudeer en geleer word. Die boeke is gekies uit die Bibliografie opgestel deur J.J. Niemandt.¹⁾

Standerds 7 en 8.

1. Cillie, H. en Ngoepe, J.D.N. : Congoleni Nazimballi J.L. v Schaik.
('n Geïllustreerde verhaal van die Afrikaanse Olifant).
2. Cillie, H. en Ngoepe, J.D.N. : Joseph, Morati wa Bana (J.L. van Schaik). (Die verhaal van Josef, die bobbejaan).
3. Cillie, H. en Ngoepe, J.D.N. : Josie le Satano - J.L. van Schaik
('n Geïllustreerde verhaal van die Luiperd).
4. Cillie, H. en Ngoepe, J.D.N. : Kgoši Tau - J.L. van Schaik ('n Geïllustreerde verhaal van koning leeu).
5. Cillie, H. en Ngoepe, J.D.N. : Mierie Moswe - J.L. van Schaik (Die verhaal van Mierie die meerkatjie).
6. Cillie, H. en Ngoepe, J.D.N. : Mokgalabje Kondor - J.L. van Schaik
(Oupa Kondor die Aasvoël; geïllustreer).
7. Cillie, H. en Ngoepe, J.D.N. : Seoka 'Ramolela - motelele, J.L. van Schaik. (Langnek-reus, die kameelperd; geïllustreer).
8. Cillie, H. en Ngoepe, J.D.N. : Sigapo kubu - J.L. van Schaik (Die seekoei).

1. J.J. Niemandt, Bibliografie van die Bantoetale in die Unie van Suid-Afrika, Deel I pp. 1-4.

9. Cillie, H en Ngoepe, J.D.N. : Samson le Dilla - J.L. van Schaik
(geïllustreerde dieretuinstories.
10. Moima, F.S. : Monyanya wa Diphoofole; Afrikaanse Pers Boekhandel;
Fees van wildediere, vir standerd 8.
11. Phatudi, N.C. : Robinson Crusoe; Voortrekker Pers Beperk;
Vertaling van die verkorte uitgawe van Robinson
Crusoe; standerd 8.
12. Ramalla, E.M. : Molomatsebe; J.L. van Schaik; Kortverhale, baie
goeie gehalte, standerd 8+.
13. Make, H.M.I. Tsweni: Mokgelehgetha; A.P.B.; Drama in nege bedrywe
uit die dierelewe. Standerd 8.
14. G.H. Franz : Menate A; A.P.B.; standerd 7.
15. G.H. Franz : Menate B; A.P.B.; standerd 7.
16. G.H. Franz : Menate standerd I; A.P.B.; standerd 7.
17. G.H. Franz : Menate standerd II; A.P.B.; standerd 7.
18. Johus, J.C. : Puku ya Pole; standerd 7.
19. Johus, J.C. : Puku ya Bobedi; standerd 7.
20. Johus, J.C. : Puku ya Boraro; standerd 8.
21. Johus, J.C. : Puku ya Bone; standerd 8.

Standerds 9 en 10.

1. Hoffman en Van Heerden : A re bale standerd I.
2. Hoffman en Van Heerden : A re bale standerd II.
3. Machaba, Charles II : Bophelo bja Charles Machaba I.
4. Ramalla E. : Tsa Bophelo bja moruti Abraham Serote.
5. Verskillende skrywers : Tsa Magosi le Dilete.
6. Cillie en Ngoepe : Taba ya Benga.
7. Kgatle, I.P. : Nkgekgtane.
8. Ledwaba, Mathew, : Tabana-Tswee ya Banna.
9. Madiba, Moses, J. : Nkotsana.
10. Madiba, Moses, J. : Tsiri.

11. Mokoalo, K.R. : Puledi le Thopja.
12. Mamogobo, P. : Kgampupu.
13. Moloise, Reg. B.L. : Kgopotso.
14. Rhalane, A. : Motangtang.
15. Phatudi, N.C. : Tladi wa Dikgati.
16. Rakoma, J.R.D. : Mathakgoleng ga bo Hlogokgolo.
17. Ramaila, E.M. : Molomatsebe
18. Ramaila, E.M. : Tsakata
19. Ramaila, E.M. : Taukolong.
20. SehloDIMELA, M.M. : Tsa Mabane.
21. SehloDIMELA, M.M. : Moelelwa.
22. Senyatsi, C.P. : Marba.
23. Serote, J.J. : Molato.
24. Ziervogel, D. : Dinose (saamgestel).
25. Franz, G.H. : Maaberone.
26. Franz, G.H. : Modjadje.
27. Kgatlhe, I.P. : Se weleng Dilo Godimo.
28. Make, H.M. Itsweni : Sello sa Tonki le Pere.
29. Makwala, S.P.N. : Kgasana.
30. Ngoepe, J.D.N. : Maaka xa se Makhuru.
31. Van Zyl, H.P. : Praises in Northern Sotho (Lofgedigte oor verskeie onderwerpe met inleiding, vertalings en verklarende aantekeninge in Engels.)

Leërboeke vir die Onderwyser. (Taalboeke)

- Franz, G.H. : Phulamadibogo (ook vir leerlinge).
- Franz, G.H. : Matsebo (ook vir leerlinge).
- Franz, G.H. : Bosothong (ook vir leerlinge).
- Franz, G.H. : Motsosa-lenyora standard I.
- Franz, G.H. : Motsosa-lenyora standard II.

- Franz, G.H. : Thellenyane.
- Grobbelaar, J.C. : Junior Sepedi. (Ook vir leerlinge -
standerd 7 en 8).
- Grobbelaar, J.C. : Senior Sepedi. (Ook vir leerlinge -
standerd 9 en 10).
- Kriel, T.J. : The New Sesotho-Engelish Dictionary
(ook vir leerlinge)
- Ziervogel, D. : Noord-Sotho leerboek (Derde uitgawe)
Met sleutels wat apart te verkry is
(Ook vir leerlinge standerd 9 en 10)
- Erasmus, J.G. : Uitgesoekte Noord-Sotho Spreekwoorde.
'n Handige boek met baie duidelike
verklarings van 'n magdom spreek-
woorde (ook vir leerlinge).

BYLAAG II ¹⁾

Die vorm van 'n paar algemene briewe:

- (a) Die adres moet in een van die amptelike tale gegee word, terwyl die datum in Sotho moet verskyn;
- (b) Die naam van die maand kan die gesothoïseerde vorm of die tradisionele Sothowoord wees;
- (c) Geen komma verskyn na die naam van die maand nie;
- (d) Die bewoording sal bepaal word deur:
 - (i) Die verhouding tussen die skrywers;
 - (ii) hulle verwantskap met mekaar;
 - (iii) senioriteit.

1. Adres en datum: (Ingekeefte- of blokvorm)

- (i) Kerkstraat 96,
Arcadia,
Pretoria.
5 Pheregong 1968.
- (ii) Posbus 9,
Pietersburg,
9 Agosetore 1967.
- (iii) Leganeng Primêre Skool,
Klapperrand,
Zeerust,
6 Julae 1968.

2. Aanhef:

(a) Kind aan ouers:

Tate, Mme,

Slot

Ngwana wa gago,

Pebetsi.

(b) Ouer aan kind:

Ngwanaka,

Banna ba ka,

Slot:

Tatago,

Phakwago of

Mmago,

Lefentse.

(c) Man aan man:

Mokwena, /Malome.

Monwarra, /Mogolle,

Setlogolo, /Nnake,

Slot:

Ke nna,

Mogolowo, /Monao,

Matame.

(d) Aan 'n vriend of vriendin:

(i) Man aan man:

Mogwerekwa, /Mokwera wa ka,

Monkane, /Molefe,

Slot:

Mogwera wa gago,

Matome.

(ii) Aan Amptenare:

Mn./Mm./Ms. A. Vukela,

Departement van Bantoe-onderwys,

Privaatsak 212,

Pretoria.

Morena, /Mohumagadi, /Thobela,

Slot:

Ka tlompho,

G.P. Mothampo.

BYLAAG III

Naturelletale op die Laer graad.

Algemene Inleiding.

Hoewel naturelletale in die geval van die Europese kind as vreemde tale beskou kan word, kan hulle in Suid-Afrika as sulks nie geld nie. Leerlinge moet derhalwe aangemoedig word om die taal te praat met die naturelle met wie hulle in aanraking kom. Die onderwyser moet egter die leerlinge leiding gee waar hulle leer van naturelle met wie hulle in aanraking kom, want baie tyd en moeite kan bespaar word as die onderwyser die leerlinge se gesprekke met naturelle as oefening beskou en leerlinge op dieselfde wyse leiding gee as wat die onderwyser van wetenskaplike vakke dit in die laboratorium sou doen.

Die onderrig van naturelletale sluit in:-

(1) Gesprekke (a) oor eenvoudige alledaagse onderwerpe;

(b) later ook oor resitasies en boeke wat gelees is.

By die aanvang moet die onderwyser hom ten doel stel om die skakelstelsel by die leerlinge goed tuis te bring daar dit aan die bou van 'n naturelle taal ten grondslag lê. Die onderrig van hierdie gedeelte van die vak, bloot as formele grammatika kan nie voorgestaan word nie, maar spreeklesse en later woorde, met gebare, binne die bestek van die kind se alledaagse ondervinding gebruik word, sal uiters nuttig blyk. Prente en werklike voorwerpe sal volstrek noodsaaklik blyk. Terwyl die soorte selfstandige naamwoorde een vir een behandel word, moet net die teenwoordige tyd van die werkwoord in sinne gebruik word, sodat die kind se oor aan die klankharmonie gewoon kan word deur die skakelwoord met die naamwoordelike voorvoegsel in verband te bring. As

hierdie grondbeginsels eers goed begryp is, dan is die studie van die voornaamwoorde en byvoeglike naamwoorde betreklik maklik. Wat die vervoeging van die werkwoord betref, word aanbeveel dat net die 6 grondtipe van die aantonende wyse en die gewone vorme van die gebiedende wyse vereers geleer moet word. Die ander wyse van die werkwoord moet onder die hoofde „hulpwerkwoorde" en „konstruksies" gerangskik word. Daar toon so 'n vername rol in die bou van die taal speel, moet die intonasie meer deur die voorbeeld en oefening as deur voorskrif geleer word.

- (2) Elementêre inleiding tot die literatuur van die taal deur boeke wat gelees en gedigte wat geleer is.
- (3) Redelike vaardigheid in ortografie.
- (4) Steloefening - Naturelletale moet soveel moontlik gedurende die hele kursus deur sowel die onderwyser as die leerlinge as spreektaal gebesig word. Nadruk moet vereers op mondelinge werk gelê word, en sorg moet gedra word om 'n suiwer uitspraak te verseker. Aandag moet aan die korrekte gebruik van die spreekorgane gegee word. Op die tydstip wanneer hulle standaard VIII slaag, moet leerlinge in staat wees om eenvoudige prosa en poësie op 'n natuurlike en intelligente wyse te lees; korrekte uitspraak behoort op hierdie stadium nie meer moeilikheid op te lewer nie.

Die vereistes aan die end van standaard 8 sal wees:-

A. Mondeling:

Lees - Duidelike, intelligente en waarderende lees van geskikte boeke byvoorbeeld Puku ya Boraro. Gesprekke en klasbesprekings: Alledaagse onderwerpe, beskrywing van prente, vermoë om stories in eie woorde weer te gee.

B. Skriftelik:

- (1) Weergawes in Engels of Afrikaans van 'n kort verhaal wat in die naturelletaal aan kandidate meegedeel is.

- (2) Vermoë om 'n volledige verhaal te vertel en om vrae in die naturelletaal te beantwoord.
- (3) Vertaal in Afrikaans of Engels uit die naturelletaal van geskikte deurlopende prosastukke (Hulle moet ewe moeilik wees as die boeke wat hierbo vermeld word.)
- (4) Die skryf van eenvoudige briewe en kort opstelle in die vorm van vertelling en beskrywing.
- (5) Woordvorming en sinsbou: Die behandeling van grammatika moet van 'n algemene aard wees en nadruk moet op die praktiese gebruik van die taal gelê word. Aandag moet aan die verskil tussen Bantoe- en Europese tale gewy word.

Naturelletale (Laer graad)

Afdeling A.

Opstel, brief of tweespraak, van naastenby anderhalwe bladsy van die antwoordeboek, oor één uit ses onderwerpe. (75 punte)

Afdeling B.

- (i) Vertaling van 'n deurlopende prosastuk of - stukke uit die taal van die vraestel in 'n offisiële taal, en omgekeerd;
- (ii) passende vrae oor die juiste gebruik van gewone idiomatiese uitdrukkings. (75 punte)

Afdeling C.

Vrae oor die inhoud en taal van twee voorgeskrewe boeke. (75 punte)

Afdeling D.

Meer gevorderde buigingsleer en sintaksis. (75 punte)

Nota: Die opstel moet geskryf word in die taal van die vraestel maar die ander vrae kan óf in die taal van die vraestel óf in een van die offisiële tale beantwoord word solank daar nie vermenging van media in enige van die antwoorde van die vraestel is nie, behalwe dat tegniese terme in één offisiële taal gebruik mag word in 'n antwoord in die taal van die vraestel.

Let wel. In die vraestelle word die volgende ortografieë gebruik:

- | | | |
|-------------|---|--|
| Xosa | - | Kaapse Onderwysdepartement. |
| Zoeloe | - | Natalse Onderwysdepartement. |
| Suid-Sotho | - | Basutolandse Administrasie. |
| Noord-Sotho | - | Transvaalse Onderwysdepartement. |
| Tswana | - | Ortografie deur 1937. Johannesburgse Konferensie goedgekeur. |

Nuwe leergang vir Bantoetale.

Vraestel 1: (2 uur)

Afdeling A: Stelwerk wat die volgende insluit:

- (a) 'n Opstel van ongeveer anderhalwe bladsy van die antwoordeboek oor een van vier onderwerpe.

(40 punte met mondeling)

(50 punte sonder mondeling)

- (b) 'n Brief van ongeveer een bladsy in die antwoordeboek, insluitende aanhef en slot, oor een van twee onderwerpe.

(20 punte met mondeling)

(30 punte sonder mondeling)

Afdeling B:

- (i) Vertaling op sig in 'n amptelike taal en omgekeerd, van 'n stuk of stukke wat binne die perke van die woordeskat en grammatiese konstruksies van die voorgeskrewe boeke bly; vertaling in die amptelike taal en omgekeerd van losstaande sinne uit die alledaagse spreektaal.

(65 punte met mondeling)

(75 punte sonder mondeling)

- (ii) Passende vrae oor die juiste gebruik van meer algemeen bekende idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde, veral dié wat in die voorgeskrewe boek voorkom.

(15 punte met mondeling)

(20 punte sonder mondeling)

Vraestel 2: (2 uur)

Afdeling C:

Vrae oor die inhoud en taal van twee voorgeskrewe boeke. Die

vrae oor die voorgeskrewe boeke mag geheel of gedeeltelik wees oor individuele passasies uit sodanige boeke geneem.

Let wel. Inhoud: Kennis van die feitelike inhoud van die boek: persone, gebeurtenisse, beskrywings. Beskrywing en ontleding van karakters, voorvalle, ensovoorts.

Letterkundige waardering van skrywer se verdienstelikhede en gebreke.

Taal: Styl, gebruik en betekenis van woorde en uitdrukkings

(maar geen grammatiese ontleding). (60 punte met mondeling)

(75 punte sonder mondeling)

Let wel. Vrae oor hierdie afdeling mag in 'n amptelike taal of in die taal van die vraestel beantwoord word.

Afdeling D: Van kandidate sal verwag word om bewys te lewer van 'n kennis van die grondbeginsels van die grammatika in ooreenstemming met die volgende minimum vereistes. (Let daarop dat 'n kennis van die grondbeginsels beskou word as van groter belang as 'n kennis van uitsonderings).

Die klasse van die selfstandige naamwoord; die afleiding van selfstandige naamwoorde van werkwoordstamme; die volledige skakelsisteem dit wil sê die gebruik van verskillende stamme met die passende skakel; die vorm en gebruik van die voornaamwoord; die afleiding van werkwoordstamme van ander stamme met hul betekenis en gebruik; die vernaamste modi en tye van die werkwoord, insluitende saamgestelde tye en die manier waarop „nog" en „nie meer nie", „reeds" en „nog nie" uitgedruk word; die vorm en aanwending van die kopulatief en van kopulatiewe werkwoorde; enkele meer gebruiklike hulpwerkwoorde (defisiënte verba); bywoorde en bywoordvorming, ingeslote die vorming en gebruik van plekaanduiding (die lokatief), en die tipe konstruksie wat gebruik word om byvoorbeeld „agter my," „onder die tafel", en „op die dak" uit

te druk; die gebruik van voegwoorde; die gebruik en die eienskappe van die klankbeeld (ideofoon).

(100 punte; subminimum 25 punte).

Mondelinge Toets:

- (i) Ongesiene vertaling 10 punte.
- (ii) Ongesiene diktee 15 punte
- (iii) Mondelinge ondervraging 25 punte.

Indien die mondeling nie afgeneem kan word nie, sal die pun-
tetoekenning wees soos aangedul by elke afdeling. Die totaal in beide
gevalle is 350 punte.

BIBLIOGRAFIE

- A. Gepubliseerde Bronne.
1. Alberty, H. Reorganizing the high school curriculum. New York, Mac Millan Co., 1929.
 2. Basson, M.A. Die onderrig van Afrikaans. Kaapstad, Juta, s.J. 225 p.
 3. Bavínck, H. De opvoeding der rijpere Jeugd. Kampen, J.H. Kok, 1932.
 4. Bingle H.J.J. „Afrikaans as onderrigtaal, Die wonder van Afrikaan Voortrekker Pers, Johannesburg, 1959, 210 p.
 5. Bloss, P. The adolescent personality, New York, Appleton Century Co., 1941.
 6. Bobbitt, F. How to make a curriculum. Boston, Houghton Mifflin Co., 1924.
 7. Bode, B.H. Modern educational theories, New York, Mac Millan Co., 1932.
 8. Bordewijk, W. Kinderpsychologie en opvoedkundige psychologie, e.a. Groningin, Wolters, 1959.
 9. Botha, L.N. Die stryd om moedertaal in Natal, Johannesburg, F.A.K., 1945, p. 66.
 10. Breul, K. The teaching of modern foreign languages and the training of teachers, Cambridge, University, Press, 1909.
 11. Brooks, F.D. The psychology of adolescence, Cambridge, Riverside Press, 1929.
 12. Charters, W.W. Curriculum construction, New York, Mac Millan Co., 1929.
 13. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, Pretoria, Van Schaik, 1953.

14. Coetzee, J.C. Die moderne opvoeding - 'n histories-kritiese studie. Pretoria, Van Schaik, 1939.
15. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde. Potchefstroom, Pro-Rege Pers, 1960.
16. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde. Potchefstroom, Pro-Rege Pers, 1960.
17. Coetzee, J.C. Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, Pretoria, Van Schaik, 1930.
18. Coetzee, J.C. en Bingle, H.J.J. Beginsels en metodes van die middelbare onderwys. Pretoria, Van Schaik, 1947.
19. Cole, Luella. Psychology of adolescence. New York, Rinehart and Co., 1959.
20. De Jager, J.F.D. „Die aanleer van 'n Bantoetaal" Die Skoolblad Oranje Vrystaatse Onderwysvereniging, Deel LII, nr. 1, Januarie, 1964.
21. Dewey, J. How we think - a restatement of revelation of reflective thinking. Boston, Heath, 1933, p. 301.
22. Döman, F.H. „Die korrelasie en integrasie van Afrikaans met ander tale en skoolvakke", Transvaalse onderwysblad deel LV, nr. 620, Junie, 1951.
23. Du Toit, A.P. „Oor Bantoekunde en -tale in ons skole" Transvaalse onderwysblad, deel LVII nr. 656 Johannesburg, Voortrekkerpers, Junie 1954.
24. Eiselen, W.W.M. „Bevolkingskunde" Transvaalse onderwysblad, deel LVII, Voortrekkerpers, Mei 1954.
25. Gunter C.F.G. Opvoedingsfilosofie. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1961.
26. Gurrey, P. Teaching the mother tongue in secondary schools. London. Longmans, Green, 1958.
27. Handschin, C.H. Methods of teaching modern languages. Yonkers N.Y., World Book Co., 1923.

28. Harap, H. The technique of curriculum making. New York, Mac Millan Co., 1934.
29. Hopkins, L.J. Curriculum principles and practices. New York, Bery Sanborn, 1946.
30. Hughes, A.G. en Hughes, E.H. Learning and teaching. London, Longmans Green and Co., 1937.
31. Inglis, A. Principles of secondary education. Boston, Houghton Mifflin Co., 1918.
32. Jespersen, O. How to teach a foreign language. London, Allen and Unwin Ltd., 1923.
33. Judd, C.H. Psychology of high school subjects. Boston, Ginn and Co., 1915.
34. Kirkman, F.B. The teaching of foreign languages - principles and methods, London, University Tutorial Press, 1909.
35. Kotzee, A.L. „Die plek en rol van Rekenkunde en Wiskunde in die onderwys" Onderwysbulletin, vol. IV nr. 1, Maart 1959.
36. Langeveld, M.J. Taal en denken, Groningin Walters, 1934, p. 196.
37. Malm, M. en Jorrison, O.G. Adolescence. New York, Maple Press Co., 1952.
38. Mc Carthy, R.C. Training the adolescent. U.S.A., Bruce Publishing Co., 1934.
39. Meiring, S.G. „Degradering van Naturelle tale as matriekvak". Transvaalse Onderwysblad, Johannesburg, Voortrekkerpers, Augustus 1958.
40. Nienaber, P.J. Ons taalhelde. Elsiesrivier, Nasionale Handeldrukkery, 1966, 107 p.
41. Nunn, T.P. Education: its data and first principles. London, Edw Arnoldt Co., 1923.
42. Oberholzer, C.K. Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde. Pretoria, Moreau en kie, 1954.

43. Pringle, R.W. Adolescence and high school problems. New York, Heath Co., 1922.
 44. Taute, B. Opvoedende onderwys. Kaapstad, Unie-Volkspers, 1946, p. 430.
 45. Taute, B. Skoolhoof, assistent en professie, Kaapstad, Unie Volkspers, 1940, 237 p.
 46. Van Heerden, P.W. „Die nie-blanke vraagstuk in die onderwys" Transvaalse Onderwysblad, deel LIII, nr. 604, Johannesburg, Voortrekkerpers, Februarie 1950.
 47. Van Heerden, P.W. „Naturelletale op ons skole", Transvaalse Onderwysblad, deel XLIX Johannesburg, Voortrekkerpers, Augustus 1946.
 48. Venter, E.A. Moedertaalonderrig ('n handleiding). Johannesburg, A.P.B., 1963, 210 p.
 49. Venter, H. Funksionele taalonderrig. Johannesburg, A.P.B., 1964, 72 p.
 50. Waples, D. Procedures in high school teaching, New York, Mac Millan Co., 1924.
 51. Waterink, J. Theorie der opvoeding. Kampen, J.H. Kok, 1951.
- B. Ongepubliseerde Manuskripte.
1. Barnard, J.H.B. 'n Histories-kritiese studie van die leerplanne vir Wiskunde en Natuurwetenskap aan die hoër tegniese skole. P. U vir C.H.O., M. Ed.-verhandeling, 1949.
 2. Combrinck, H.J.B. 'n Histories-kritiese studie van die Boekhouleerplanne in Suid-Afrikaanse skole. Universiteit van Suid-Afrika, M. Ed.-verhandeling, 1948.
 3. De Jager, J.J. Die leerboek in Duits as Derde taal aan Suid-Afrikaanse hoërskool. Potchefstroom, Doktorsproefskrif, 1955.

4. De Jager, J.J. 'n Kritiese ondersoek na die leerplanne en leerboeke in Duits op Suid-Afrikaanse skole. Potchefstroom, M.Ed.-verhandeling, 1947.
5. Du Toit, P.K. 'n Histories-kritiese studie van die Transvaalse leerplanne vir Middelbare onderwys. Potchefstroom, Doktorsproefskrif, 1951.
6. Fourie, J.J. Aksentuasie in die doelstelling, leerplanne en metodiek in verband met die onderwys van Duits as derde taal aan ons Suid-Afrikaanse skole, Deel I; doelstelling. Universiteit van Suid-Afrika, M. Ed. verhandeling, 1946.
7. Preller, S.J. Die Transvaalse Biologie-leergang; 'n sosiologiese, psigologiese, pedagogiese studie. Potchefstroomse Universiteit, Doktorsproefskrif, 1958.
8. Theron, J.L. Die wese en funksie van die komprehensiewe skool as opvoedkundige instelling in die verskaffing van gedifferensieerde onderwys aan die middelbare skole van Transvaal. Potchefstroomse Universiteit, Doktorsproefskrif, 1959.
9. Van Heerden, P.W. Taalleerboeke in Noord-Sotho vir Transvaalse middelbare skole vir blanke kinders. Potchefstroomse Universiteit, M. Ed.-verhandeling, 1953.

C. Tydskrifte en Brosjures.

1. T.O.D. Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys, Pretoria, Staatsdrukker, 1938-1966.
- T.O.D. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (benoem ingevolge Administrateurskennisgewing nr. 124 van 3 Maart 1937) Pretoria, Staatsdrukker, 1939.
- T.O.D. Departementele omsendbrief, nr. 31 van 1940.
- T.O.D. Departementele omsendbrief, deel VI, nr. 4, Junie 1940.

- T.O.D. Departementele omsendbrief, nr. 1 van 1941.
- T.O.D. Departementele omsendbrief, nr. 21, 1945.
- T.O.D. Departementele omsendbrief, nr. 9 van 1951.
- T.O.D. Departementele omsendbrief, nr. 3 van 1957.
- T.O.D. Departementele omsendbrief, nr. 42 van 1958.
- T.O.D. Departementele omsendbrief, deel XXVI nr. 1 van 1960.
- T.O.D. Transvaalse Eïndsertifikaat van die Middelbare skool, Handboek, Pretoria, Staatsdrukker, 1942, 1945, 1948.
- T.O.D. Transvaalse Juniorsertifikaat, Handboek, Pretoria, Staatsdrukker, 1947.
- T.O.D. Leerplanne vir die Middelbare skool, Pretoria, Staatsdrukker, 1952.
- T.O.D. Onderwysbulletin, vol. 1 nr. 1, Pretoria, Staatsdrukker, Maart, 1956.
- T.O.D. Onderwysbulletin, vol 1 nr. 4, Pretoria, Staatsdrukker, Desember 1956.
- T.O.D. Onderwysbulletin, vol V nr. 1, Pretoria, Staatsdrukker, Maart 1960.
- T.O.D. Leergang vir Afrikaans moedertaal, standerd 6-10, Pretoria, T.O.D., 1964.
- Anon. Tegnïek, Afrikaanse Nywerheidsblad, hoofartikel, Jaargang 13 nr. 2, Februarie 1961.
- G.M.R. Handboek vir die Matrikulasie eksamen, Pretoria, Staatsdrukker, 1938, 1939, 1945, 1960.
- G.M.R. Uittreksels van verrigtinge van die Raad, Pretoria, Staatsdrukker, 1953-1960.
- G.M.R. Matriculation Certificate (senior and junior), Regulations and syllabuses, Pretoria, Staatsdrukker, 1917.
- Die Sennaat van die R.S.A. Debatte (amptelike verslag) Maandag 28 Januarie tot Vrydag 1 Februarie 1963 nr. 2, Elsievïer, Nasionale Handelsdrukkery.

- Die Senaat Debatte (amptelike verslag) Maandag 4 Februarie tot
van die 8 Februarie 1963 nr. 3 Elsievier, Nasionale Han-
R.S.A. deldrukkery.
- Meiring, A.M. Verslag van die sinodale Jeugkommissie (in Neder-
 duitse Gereformeerde Kerk van Transvaal). Hande-
 linge van die vier en twintigste vergadering van die
 algemene sinode, 1957, p. 519.
- National Education Association of the U.S.A. Modern foreign lan-
 guages and the academically talented student, New
 York, Publications N.Y., 1960.
- The Modern foreign language association of America. The foreign
 language policy, part II Publications N.Y. Septem-
 ber 1956.
- The British psychological society and the training college associa-
 tion, British Journal of Educational psychology,
 vol. 11, Birmingham, January 1932.
- Tasmania education department. Observations on secondary education
 in England, Scotland and U.S.A., 1955.
- Council of curriculum reform. Interim report of the content of edu-
 cation, Publications N.Y. s.j.
- Unesco. Problems in education - X, the teaching of modern foreign
 languages, Amsterdam, Drukkerij Holland N.V., 1955.

PRESIDENT LITHO